

# DIE PADSAAM

GRATIS

Uitgawe 85 • Junie | Julie 2024

## Wat hou Afrika se welvaart vir boere in?

## Eienskappe van 'n suksesvolle plaasbestuurder

## Lesotho-Hoogland-watertonnel vir instandhouding gesluit

## Wat is jou bestuurstyl in boerdery?

## Basiese beginsels vir sonkrag

## Hoe om uitbranding en ongelukkige personeel te bestuur

*Vertroue op jou plaas*

vkb

www.vkb.co.za | vir die LIEFDE van die LAND


iNGCO
PROFESSIONAL TOOLS MADE AFFORDABLE

PROFESSIONAL TOOLS MADE AFFORDABLE



# Inhoud


6 **Voorwoord**
7-9 Wat hou Afrika se welvaart vir boere in?
10 Die rol van die man en vrou in familieboerdery
13-14 Eienskappe van 'n suksesvolle plaasbestuurder
16-17 Hoe om uitbranding en ongelukkige personeel te bestuur
19-20 Wat is jou bestuurstyl in boerdery?
22 Vertroue op jou plaas
23 Moet ek 'n teenaanbod oorweeg?
24-25 Lesotho-Hoogland-watertonnel vir instandhouding gesluit vanaf 1 Oktober 2024 tot 31 Maart 2025
28-29 Veiligheidswenke vir die jagseisoen
31 Super Sarel se spoedrekord
33-37 Geblikte leeujag is onregverdige 'sportsoort'
38-42 Basiese beginsels vir sonkrag
44 Jou tuin kan steeds in wintertyd gedy
45 Berei hierdie winter jou grond voor vir die lente
46 Wees die winter op die uitkyk vir die 8 plantsiektes, swamme en plae
48-49 Klop die winter met gesonde gewoontes
50 Soil Management For Yield Optimization Workshop
51-55 Boererate Deel 2
57 Louw Linde is steeds passievol oor sy werk
58 Rugbyweek VKB
59 Rugbyweek Nylstroom
60 Memel: Ons dorp en kliënte
62-64 Nuus
66-67 Meganisasie













# BIG NEWS FOR SMALL DOGS!

# ideal

## SMALL BREED DOG

***Scientifically formulated and made from the highest quality ingredients,***
Ideal provides the correct proportions of nutrients necessary for optimal health during every stage of your dog's life.

NATURAL FAT FOR HEALTHY SKIN & COAT CONDITION

ADDED CHONDROITIN AND GLUCOSAMINE FOR JOINT SUPPORT & PROTECTION

HEALTHY TEETH & GUMS

HIGH DIGESTIBILITY & TOP MUSCLE DEVELOPMENT

22% PROTEIN
made with meaty goodness!
ADDED PREBIOTICS FOR GUT HEALTH



NEW!

Beskikbaar by jou naaste tak
vkb ntk



**Uitgewer**
VKB

**Redakteur**
Hannelie Cronjé
Tel.: 058 863 8223

**Ontwerp en uitleg**
Leoni Schwemmer

**Taalversorging**
Lize Mulder

**Het jy 'n storie of advertensie? Gesels met Hannelie:**
E-pos: hanneliec@vkb.co.za
Tel.: 083 303 6117
Pos: Die Pad Saam, Posbus 100, Reitz, 9810

**Hoofkantoor**
VKB
Staatspresident CR Swart-straat
Posbus 100
Reitz, 9810

**Telefoon**
058 863 8111

**Webwerf**
www.vkb.co.za

**Gedruk deur**
Oranje Drukkers, Senekal

Vind ons aanlyn deur die QR-kode met u slimfoon te skandeer

Alle regte van *Die Pad Saam* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

# Maak die meeste *van jou eie lewe*

In 'n video wat my in die afgelope week of twee per WhatsApp bereik het, word sewe "lewenswaarhede" voorgehou. En snaaks genoeg het hierdie video se sewe gedagtes sedertdien by 'n paar geleenthede weer opgeduik – in 'n TV-program, in gesprekke en selfs in Bybelverse wat ek gelees het.

*Maak vrede met jou verlede sodat dit nie jou huidige lewe bederf nie.* Daar is hoeveel goed wat in elkeen van ons se verlede gebeur het waaroor ons onsself verwyt, of dalk iemand anders verwyt. Dalk was dit verkeerde keuses wat ons gemaak het; dalk omstandighede wat ons verhoed het om ons lewensideale te bereik of ons drome tot niet gemaak het; dalk is dit iemand wat jou leed aangedoen het en vir wie jy steeds nie kan vergewe nie, sodat dit soos 'n kanker aan jou vreet en steeds keer dat jy jou lewe kan geniet. Besluit vandag nog watter van daardie gebeure jy nou maar agter jou kan sit sodat jy vandag en jou toekoms kan geniet. Skryf die skulde teen jou af; vergewe jouself (en ander) vir die foute wat gemaak is en neem 'n doelbewuste besluit om voortaan te doen wat jy kan om jou laste minder en jou vreugdes meer te maak.

*Wat ander mense van jou dink is nie jou besigheid nie.* As mense agter jou rug van jou goed praat, is dit wonderlik, maar as hulle negatiewe goed oor jou te sê het, kan jy óf besluit om dít waarvan jy beskuldig of verdink word reg te stel, óf jy kan besluit dat dit 'n geval van afguns teenoor jou is of omdat jy ander se verkeerde optrede aangespreek het. As jy weet jy tree nie tot nadeel van ander mense op nie, maak dit mos eintlik nie saak wat hulle van jou sê of dink nie. Solank jy weet dat jy ander mense behandel soos wat jyself behandel sou wou word, is daar niks waaroor jy snags hoef wakker te lê nie.

*Tyd heel feitlik alle wonde, so gee dit tyd.* Feitlik almal van ons dra littekens van op 'n kol toe daar inderhaas dokter toe gejaag is vir wonde wat steke moes kry. Ons het uit bome uitgeval en arms en bene gebreek, met die fiets geval en sny- en skraapwonde opgedoen, waterpokkies gehad en die rofies afgekrap al is ons verbied om dit te doen, geval dat daar vir hoe lank nog rowe op ons knieë gesit het. Selfs die "blommetjies" op ons boarms waar ons destyd ente teen polio en pokke en masels gekry het. En mettertyd het al daardie littekens dowwer en dowwer geword. Hulle sit steeds daar en ons onthou steeds waar ons elkeen vandaan gekry het en selfs dat dit seer was, maar ons voel nie meer die intense pyn wat daarmee saamgegaan het nie. Net so met die verskillende seerkry wat ons in ons lewe opdoen. Die littekens bly op 'n mens se siel sit, maar die seer raak tóg 'n effe dowwer.

*Niemand anders is in beheer van jou geluk nie – net jy.* Nie goed, geld of mense kan jou geluk waarborg nie. Jóú geluk gaan afhang van hoe jý jou lewe ervaar. As daar onregte teenoor jou gepleeg word, kan net jy vir jouself opstaan en iets aan die omstandighede probeer verander. Soms voel jy vasgevang in 'n situasie en is jy te bang om te sê "tot hiertoe en nie verder nie", maar soms is dit al wat nodig is om die situasie te ontlont.

*Moenie jouself met ander vergelyk nie, en moet hulle nie oordeel nie.* Jy het geen idee wat hulle lewensreis behels nie. Of dit 'n geval is van "keeping up with the Joneses" of sommer-net omdat jy dink jy moet dieselfde of meer of beter as ander hê, of omdat jy minderwaardig voel teenoor diegene wat beter vaar as jy, ons weet dat ons onsself soms met ander vergelyk. Toestelle en masjiene kom met handleidings uit – mense nie. Daar is nie een patroon waarvolgens almal hul lewe moet lewe nie. Jy doen wat vir jou werk en los 'n ander persoon om sy lewe te skik soos wat dit vir hom werk. Solank mense nie leed aangedoen word nie, is daar ruimte vir elkeen om sy eie lewe te lewe.

*Moenie die lewe holrug dínk nie.* Dis orraait om nie al die antwoorde te ken nie. Soms deurdink en ontleed 'n mens 'n situasie só dat jy die bobbejaan al wil begrawe nadat jy hom geskiet het en dan was hy nooit eens van plan om agter die berg uit te kom nie. Of daar wás nie eens 'n bobbejaan nie!

*Glimlag. Jy dra nie die hele wêreld se probleme op jou skouers nie.* Soms is jou glimlag al wat jy hét om vir ander te gee, en soms is jou glimlag al wat iemand anders nodig het om weer moed te skep vir die lewe.

Kom ons strewe daarna om die meeste van ons eie lewe te maak.

**Landbougroete**
*Hannelie*

# Wat hou Afrika se welvaart vir boere in?

deur dr. Philip Theunissen



Die pasvrygestelde Africa Wealth Report 2023 onthul dat die aantal hoë nettowaarde-individue op die vasteland na verwagting met 42% oor die volgende tien jaar sal toeneem. Die verslag se opstellers definieer welvaart as 'n individu se netto geïnvesteerde waarde. Dit is die totale beleggingswaarde van bates (eiendom, kontant en genoteerde aandele) minus enige skuld, en 'n hoë nettowaarde-individu het meer as $1 miljoen se netto geïnvesteerde waarde. Nog twee interessante tendense wat uit die verslag voortspruit, is 'n toename in die belangstelling na omgewingsvriendelike beleggingsprojekte onder Afrikane, veral dan hoë nettowaarde-individue, asook 'n styging in die oprigting van reënwoud- en oerwoudlodges, onder dieselfde gegoede groep. Nog 'n sektor waar sosiaal verantwoordelike beleggings onder hierdie vermoënde groep ooglopend toegeneem het, is die landbou.

Sy bekendheid as die vasteland met beide die jongste en vinnigste groeiende bevolking, bring uiteraard ook mee dat Afrika die grootste potensiaal vir beleggingsvooruitsigte het. Daarbenewens bring die twyfelagtige eer om ook die armste kontinent te wees, 'n magdom geleenthede in terme van groeipotensiaal, veral die effek van sosiaal verantwoordelike investerings, vir beleggers wat dit as 'n gefokusde strategie beskou.

Die verslag voorspel dat namate welvaart op die vasteland groei en lande die voordele van programme wat ekonomiese vooruitgang aanhelp besef, beleggingsmigrasie in die komende jare steeds veld in Afrika sal wen. Dit geld nie net aan die vraagkant van hoë-nettowaardebeleggers in Afrika wat op soek is na luukse verblyf en om bykomende burgerskappe te bekom nie, maar ook aan die aanbodkant, met al hoe meer Afrikalande wat hul eie beleggingsmigrasieprogramme wil begin om die invloei van kapitaal én talent te verhoog. Gunstige welvaartsverslae is dus dan juis die aansporing om hierdie doelwitte te bereik.

## Rangorde

Gegewens oor die tien rykste lande in Afrika volgens die aantal miljoenêrs, soos gemeet in Amerikaanse dollarwaarde, verskyn in Tabel 1.

**TABEL 1: AFRIKA SE TIEN RYKSTE LANDE SOOS GEMEET AAN VSA $-MILJOENêRS**

| Land | Miljoenêrs VSA $1m+ | Senti-miljoenêrs VSA $100m+ | Miljardêrs VSA $1 b+ | Miljoenêrgroei 2012-2022 |
|---|---|---|---|---|
| Suid-Afrika | 37 800 | 98 | 5 | -21% |
| Egipte | 16 100 | 54 | 8 | -25% |
| Nigerië | 9 800 | 27 | 4 | -30% |
| Kenia | 7 700 | 15 | 0 | 30% |
| Morokko | 5 800 | 28 | 4 | 28% |
| Mauritius | 4 900 | 10 | 0 | 69% |
| Algerië | 2 800 | 8 | 1 | -26% |
| Ethiopië | 2 700 | 4 | 0 | 23% |
| Ghana | 2 600 | 5 | 0 | 24% |
| Tanzanië | 2 400 | 6 | 1 | 20% |
| **Afrika totaal** | **138 000** | **328** | **23** | **-12%** |

***Bron: Africa Wealth Report 2023***

Die "Groot 5" welvaartmarkte in Afrika – Suid-Afrika, Egipte, Nigerië, Kenia en Marokko – is saam vir 56% van Afrika se hoë nettowaarde-individue en meer as 90% van die vasteland se VSA $-miljardêrs verantwoordelik. Totale hoë nettowaarde-individue se getalle in Afrika het van 2012 tot 2022 egter met 12% gedaal. Prestasie is oor hierdie periode beperk deur swak ekonomiese groei in die drie grootste Afrika-markte, naamlik Suid-Afrika, Egipte en Nigerië, en ook 'n verswakking in hierdie lande se wisselkoerse teenoor die VSA-dollar.

Suid-Afrika is met 'n groot marge boaan die lys van die Top-10 rykste lande in Afrika in terme van inwonende hoë nettowaarde-individue. Mauritius se goeie posisie is ook indrukwekkend as sy klein grootte en bevolking in ag geneem word. Suid-Afrika se hoë getal senti-miljoenêrs is veral opvallend. Senti-miljoenêrs is tipies die stigters van groot multinasionale maatskappye wat hul teenwoordigheid in 'n land besonder waardevol maak wanneer dit by werkskepping kom.

Volgens die verslag het ongeveer 18 500 individue met 'n hoë netto waarde Afrika oor die afgelope dekade verlaat. Die meeste het na die Verenigde Koninkryk, die VSA en die VAE verskuif. Beduidende getalle het ook na Australië, Kanada, Frankryk, Israel, Monaco, Nieu-Seeland, Portugal en Switserland verskuif. Wat interne miljoenêrmigrasie binne die vasteland betref, het ongeveer 1 200 hoë nettowaarde-individue oor die tydperk van tien jaar tussen Afrika-lande verskuif, waarvan die meeste na Mauritius en Suid-Afrika verhuis het.

## Impak op landbou

Die meeste nywerhede verhoog die Bruto Binnelandse Produk (BBP) van 'n land, maar baie min bevorder welvaart. Oor die algemeen skep slegs daardie nywerhede wat nuwe geld (buitelandse valuta) in 'n land inbring verdere welvaart. Opmerklike voorbeelde sluit in uitvoersektore soos tegnologie, mynbou en vervaardiging, en toerismesektore soos luukse hotelle en lodges. Landbou val nie noodwendig in hierdie kategorie nie.


Boere se netto waarde is egter tans op historiese hoë vlakke as gevolg van die huidige hoë kommoditeits- en grondpryse. Volgens die USDA Economic Research Service (ERS) het die gemiddelde Amerikaanse plaashuishouding $1 714 559 in welvaart in 2020 besit. Dit is aansienlik meer as gesinne wat nie boer nie. Kommersiële boerefamilies se gemiddelde netto waarde is 23 keer meer as dié van nieboerende Amerikaanse families.


Maar hoe het dit so gekom? In 1900 het ongeveer een derde van die Amerikaanse bevolking die ander twee derdes gevoed. Vandag boer minder as 2% van die Amerikaanse


bevolking. In Suid-Afrika is dit tans 0,1%. Hierdie grootskaalse konsolidasie oor meer as 'n eeu beteken minder gesinne wat noodwendig groter boerderye moet bedryf. Dit verg egter meer kapitaal per gesin. Volgens die ERS het die meeste boerefamilies vier of meer generasies nodig om landbougrond te bekom en af te betaal. Die situasie in die VSA is volgens Februarie 2022 se statistiek dat boerderyskuld tans sowat 14% van boerderybates beloop, hoewel dit oor die afgelope tien jaar geleidelik gestyg het.

## Suid-Afrikaanse boere se welvaart

Gegewens oor Suid-Afrikaanse kommersiële boere se bates verskyn in Grafiek 1.




*Bron: Abstract of Agriculture Statistics, 2024.*

Volgens Grafiek 1 het die waarde van totale boerderybates van kommersiële boere in Suid-Afrika sedert 1994 van R68 934 miljoen tot R689 908 miljoen in 2023 toegeneem. Dit beteken 'n saamgestelde groeikoers van 7,7% per jaar. Grond & verbeterings beloop tans 62% van die totale boerderybates terwyl Masjinerie & Toerusting en Lewende hawe onderskeidelik 18% en 20% beloop.

Gegewens oor die boerderyskuld van kommersiële boere in Suid-Afrika verskyn in Grafiek 2.

Die totale boerderyskuld van kommersiële boere in Suid-Afrika het van R18 183 miljoen in 1994 tot R205 296 miljoen in 2023 toegeneem. Dit het teen 'n saamgestelde koers van 8,1% per jaar gegroei, wat hoër is as die groei in boerderybates oor dieselfde tydperk. Tans is die grootste gedeelte hiervan, naamlik 80%, aan handelsbanke verskuldig.

Soos genoem, definieer die Africa Wealth Report welvaart as die beleggingswaarde van bates minus skuld. Die netto welvaart teenoor skuld van Suid-Afrikaanse kommersiële boere verskyn in Grafiek 3.

Grafiek 3 toon aan dat kommersiële boere in Suid-Afrika se totale netto welvaart van R50 702 miljoen in 1994 tot R484 612 miljoen in 2023 toegeneem het. Hoewel dit oor die tydperk konstant omtrent 70% van totale bates beloop het, het dit teen 'n saamgestelde koers van 7,6% per jaar gegroei. Die inflasiekoers het vir die tien jaar vanaf 1993 tot 2004 gemiddeld 7,17% beloop, 4,83% vir die daaropvolgende tien jaar en 5,19% vir die afgelope tien jaar. Kommersiële boere in Suid-Afrika se netto welvaart hou in wese dus net-net met inflasie tred en handhaaf ook 'n konstante verhouding van 30% se skuld teenoor totale boerderybates.

Die betekenis daarvan is dat dit baie kapitaal vereis om bewerkbare landbougrond, plaastoerusting en vee in produksie te kan hou en dat hierdie kapitaalvereiste tans kwalik met die inflasiekoers byhou. Die feit dat die totale VSA $-waarde van netto welvaart meer as $1 miljoen kan beloop, maak teoreties van so 'n boer 'n hoë nettowaarde-individu, maar in die praktyk is dit maar net die kapitaal wat nodig is om 'n lewensvatbare boerdery te kan bedryf.

## Werkstevredenheid

Volgens 'n regeringsopname van 2012 in die Verenigde Koninkryk is boere van die gelukkigste werkers in dié land, ongeag die vergoeding wat hulle uit hul boerderye verdien. Resultate van die regering se eerste, en ongelukkig enigste, nasionale welstandsopname, gepubliseer deur die Kantoor vir Nasionale Statistiek, verskyn in Tabel 2.

**TABEL 2: RANGORDE VAN WERKSBEVREDIGING**

| RANGORDE | BEROEP | MEDIAAN | BEVREDIGING |
|---|---|---|---|
| 1 | Geestelike werkers | £ 20 568 | 8,3 |
| 2 | Hoof- uitvoerende beamptes en topbestuur | £117 700 | 8,0 |
| 3 | Bestuurders in landbou | £ 31 721 | 7,9 |
| 4 | Maatskappysekretarisse | £ 18 176 | 7,9 |
| 5 | Kwaliteitskontroleurs | £ 42 898 | 7,9 |
| 6 | Gesondheidsorg en hospitaalbestuurders | £ 31 267 | 7,8 |
| 7 | Mediese praktisyns | £ 70 648 | 7,8 |
| 8 | Boere | £ 24 520 | 7,8 |
| 9 | Hotel- en gastehuisbestuurders | £ 32 470 | 7,8 |
| 10 | Toesighouers vakmanne | £ 35 316 | 7,8 |
| 265 | Plastiekproses-operateurs | £ 21 066 | 6,7 |
| 266 | Kroegpersoneel | £ 7 317 | 6,7 |
| 267 | Reisversorgers vir gestremdes | £ 7 343 | 6,6 |
| 268 | Sport- en ontspanningsassistente | £ 11 651 | 6,6 |
| 269 | Telebemarkers | £ 17 362 | 6,6 |
| 270 | Vloer- en muurteëllêers | £ 23 547 | 6,6 |
| 271 | Industriële skoonmakers | £ 15 241 | 6,6 |
| 272 | Skuldinvorderaars | £ 17 371 | 6,6 |
| 273 | Elementêre konstruksie | £ 20 910 | 6,4 |
| 274 | Bestuurders van persele met dranklisensies | £ 25 222 | 6,4 |

***Bron: BBC Magazine, 2014***

Volgens Tabel 2 was geestelike werkers (predikante, pastore en priesters) met 'n mediaanvergoeding van £20 568 per jaar die gelukkigste mense in hul beroep, gevolg deur korporatiewe bestuurders met 'n mediaanvergoeding van £117 700 per jaar. Bestuurders in landbou, met 'n mediaanvergoeding van £31 721 per jaar, was derde en boere was in die agtste plek terwyl hulle met 'n mediaanvergoeding van £24 520 tevrede was. Onder die tien onbevredigenste beroepe tel bestuurders van persele met dranklisensies, telebemarkers en skuldinvorderaars met mediaanvergoedings van onderskeidelik £25 222, £17 362 en £17 371. Teen 'n Rand/Pond-wisselkoers van R20,00 beloop die Britse boere se inkomste 'n baie vergelykbare R490 400,00 in Suid-Afrikaanse terme.

Daar is duidelik nie 'n verwantskap tussen vergoeding en werksbevrediging nie. Die navorsers kom tot die gevolgtrekking dat werksbevrediging veel eerder verband hou met hoe betekenisvol die beroep is en veral of dit ander mense in die uitoefening daarvan beter kan laat voel. Werksbevrediging hang dus grootliks daarvan af of die beroep tot voordeel van iemand anders beoefen kan word en nie noodwendig die welvaart wat daaraan gekoppel word nie. Dit is waarskynlik hoekom die meerderheid boere steeds tot hulle beroep verbind bly ten spyte van beserings, weerstoestande, politieke inmenging en die gevolglike onvoorspelbare finansiële vergoeding wat daarmee gepaard gaan, ongeag of hulle regmatig vir hulle ekonomiese waarde vergoed word of nie.

Caroline Drummond, uitvoerende hoof van die organisasie Linking Environment and Farming (LEAF), het in kommentaar op die opnameresultate gesê: "Dit is regtig bemoedigend. Dit versterk die feit dat boere 'n goeie leefwyse kan handhaaf. Met boerdery leef en asem jy jou werk, so vir diegene wat gelukkig is, is dit 'n afgeronde lewe."

Charles Smith, uitvoerende hoof van die Farm Crisis Network, het bygevoeg: "Boerdery is 'n baie vervullende werk en die meeste boere is daarin omdat hulle van die leefstyl hou. Persoonlik kan ek aan niks beter dink as om in die buitelug saam met die natuur te werk nie."

Hy het voortgegaan deur te sê dat boere met baie dinge te kampe het, soos die weer en produsentepryse, waaraan hulle niks kan doen nie. Die deursettingsvermoë van boere tel egter in hul guns en wanneer tye moeilik is, gaan hulle bloot net voort om te boer.

Bronne:
BBC Magazine, 2014.
Departement of Agriculture, Land reform & Rural Development. Abstract of Agriculture Statistics, 2024.
Henley & Partners. Africa Wealth Report 2023. March 2024.
Shawn Williamson. What does the farm family net worth mean? Published on July 12, 2022

# Die rol van die man en vrou in familieboerdery

*deur André W Diederichs*



## Kern-sakelesse om te verseker dat jou famlieonderneming vir toekomstige generasies bewaar word.

Ná meer as 500 konsultasies om familieondernemings by te staan om hul grondwette en opvolgplanne te voltooi, bly ek gefassineer oor die verskeidenheid van rolle wat vroue speel, veral by familieboerderye.

Dit wissel van "vroue moet nie by die besigheid betrek word nie, want dit is waar moeilikheid begin", tot familieboerderye waar die vrou 'n kardinale rol speel, soos byvoorbeeld om die boekhouding en ander belangrike administrasie te hanteer. Soos die een boer vir my genoem het: "Jong, dit is nie elke dag maklik om met my vrou saam te werk nie, maar as sy iets moet oorkom, hardloop ek weg, want ek sien nie kans vir daai klomp syfers en papierwerk nie. Ek wil net boer!"

Ek dink Marion McCollom Hampton som dit mooi op: "Getroude paartjies wat saamwerk is nie 'n nuwe idee nie. Man-en-vrou-spanne het immers sedert die begin van die tyd saam plase en klein ondernemings bedryf — dit is hoe stryery uitgedink is!"

Daar word baie konflikterende standpunte hieroor gehuldig. Wat wel sin maak, is die standpunte wat aandui dat mans en vroue volgens hul onderskeie talente benut moet word. Dit is so dat sommige vroue loopbaangeoriënteerd is en by die sakeonderneming betrokke wíl wees, terwyl ander vroue verkies om net die rol van die huweliksmaat en moeder te vertolk. Daar is selfs al 'n titel vir ma's in familieondernemings gegee, naamlik CEO, wat vertaal word na Chief Emotional Officer, omdat sy meestal met die drama tussen die pa en die kinders, asook die drama tussen die kinders, moet deel om die vrede te bewaar.

Om harmonie en doeltreffendheid te verseker is dit raadsaam om elkeen se rol duidelik te definieer. Dit is ook belangrik dat die rol van aangetroudes duidelik uitgespel moet word, want ondervinding het my geleer dat aangetroudes die hoofoorsaak van konflik is.

### Daar is vier goue reëls:

1. Bespreek en kom ooreen oor elkeen se rol en wat elkeen se verantwoordelikhede is. Dit is ook wys om mekaar se verwagtinge uit te klaar om te verseker dat daar geen misverstande is nie.
2. Kommunikasie is die sleutel. Mans, en ek verwys ook na myself, neem asseblief kennis van die geheim van goeie kommunikasie met jou vrou want ek het dit al telkemale gehoor. Volgens vroue is die Goue Reël dat mans moet leer om te luister, want dit is die sleutelbestanddeel wat 'n vrou bemagtig en gewaardeerd laat voel. Goeie sprekers is gewild, maar niemand is meer geliefd as 'n goeie luisteraar nie. Daar is 'n rede hoekom ons met één mond en twéé ore geskape is!
3. Aan die anderkant moet vroue ook asseblief onthou dat hul mans nie hul gedagtes kan lees nie! Probeer om dinge op 'n rasionele en nie op 'n emosionele manier nie te verduidelik, want jy sal nie tot hom deurdring as jy jou rede met emosie meng nie.
4. Pasop vir kritiek. Verwag foute en hanteer dit op 'n kalm en redelike manier. Maak ook seker dat julle mekaar komplimenteer vir die goeie dinge wat elkeen doen. Met ander woorde, fokus daarop om die ander party uit te vang oor wat hulle reg of goed doen en nie net oor wat hulle verkeerd doen nie!

K.I.S.S. Die Engelse uitdrukking som dit mooi op: Keep It Straight and Simple. Hou dinge reguit en eenvoudig. Handhaaf ook 'n duidelike onderskeid tussen wat besigheid is en wat persoonlik is. Dit is soos water en olie; die twee meng nie goed nie!

### FINANSIËLE SAKE:

Daar word gesê dat finansiële kwessies die primêre rede vir 90% van egskeidingsake is. Geld as sodanig is nie sleg nie. Dit is ons uitkyk op geld wat bepaal of dit goed of sleg is. As jy te veel van geld hou, dan word dit boos. Hierdie wysheid word in 1 Timoteus 6:10 so gestel: "Die geldgierigheid is beslis die wortel van alle soorte kwaad. Sommige mense wat hul harte daarop ingestel het om ryk te word, het weggedwaal van die Christelike geloof en het hulself baie hartseer veroorsaak."

**Die hoofrede vir konflik oor geld is verskille in bestedingsgewoontes:**

As een van die partye geneig is om te spaar om skuld te vermy en die ander party geneig is om eerder te spandeer as om te spaar, dan sal daar konflik wees! Pasop vir skuld; dit is die onderliggende probleem in baie huishoudings in die wêreld. In Suid-Afrika bestee die gemiddelde huishouding R6,50 aan skuld vir elke R10,00 wat verdien word. Dit is nie 'n goeie neiging nie. Die internasionale formule is dat jou totale skuld nie 36% van jou inkomste moet oorskry nie.

Daar is drie redes vir skuld wat ons moet leer om te vermy, naamlik:

- **Impulsaankope.** Ons gaan koop iets in die winkel en stap dan uit die winkel met items wat nie op ons lys was nie.
- **Gierigheid.** Het ons regtig nodig wat ons koop of is dit gierigheid? Hierdie gierige gewoonte word verder versterk deur die gewoonte om "te probeer byhou met ons bure".
- **Onmiddellike bevrediging.** Ons het die slegte gewoonte ontwikkel om nou te koop en later te betaal. Ek verwys nie hier na produksieskuld wat jy aangaan om inkomste te skep nie, ek verwys na luukse behoeftes, soos oorsese reise.

Respek is die gom wat mense bymekaar hou. Jy moet leer om aan jou gade te doen soos jy wil hê jou gade moet aan jou doen. Wees beleefd en verdraagsaam en beoordeel jou gade se karakter, en nie agtergrond nie.

### Afsluiting

***Tong in die kies:*** Moenie toelaat dat die klein goedjies, soos die spreekwoordelike toiletsitplekgeveg, jou ontstig nie. As jy aan jou gade doen soos jy wil hê jou gade moet aan jou doen, dan is die antwoord maklik. As die man die toilet verlaat, moet hy die toiletsitplek afslaan. Terselfdertyd moet die vrou leer om ook te gee en nie net te neem nie. As sy klaar in die toilet is, dan moet sy die toiletsitplek vir haar man oplig!

***André Diederichs is die eienaar van André Diederichs & Associates @ Business Jungle en mede-stigter en Hoofsameroeper van FABASA (Family Business Association of South Africa).***
***Hy kan gekontak word by:***
***awdiederichs@mweb.co.za***
***+27 (0)82 45 33288.***

ONS IS SLIM

# SAADBESKERMING

POWERCORE™

## PowerCore™-eienskaptegnologie


PowerCore™-tegnologie is 'n hoë-prestasie, onkruiddoderbestande saadeienskap wat help om gewasse doeltreffend teen skadelike bogrondse insekte, soos die mieliestamruspe en Chilo-boorder, te beskerm.

## PowerCore™-tegnologie bied omvattende beheer van bogrondse lepidoptera-peste

PowerCore™-tegnologie kombineer veelvuldige werkswyses om primêre en sekondêre peste te bestry wat aansienlike oesskade en meegaande produksieverliese kan veroorsaak. Die eienskap bestaan uit drie verskillende *Bacillus thuringiensis* (Bt)-proteïene, wat elk insekte op 'n unieke manier teiken, terwyl dit help om die langslewendheid van die tegnologie te verleng. Die veelvuldige werkswyses verseker ook breëspektrum beskerming teen bogrondse peste.

## Insekspektrum

Daar is verskeie lepidoptera-peste wat mielies in Afrika aanval. Hierdie peste veroorsaak erge skade aan mielies, en oesverliese kan wissel na gelang van die tyd en vlak van stamboorderbesmetting.



**Mieliestamruspe (*Busseola fusca*)**

Hierdie is die mees skadelike stamboorder in mielies in Suid-Afrika en kom voor by hoogtes wat wissel van seevlak tot 2 000 m bo seespieël. Dit kom wydverspreid voor in Suid-Afrika se mielieproduksiedriehoek.



**Chilo-boorder (*Chilo partellus*)**

Hierdie is 'n stamboorderinsek wat 'n ernstige pes in mielies en sorghum is. Die Chilo-boorderruspes beskadig hierdie gewasse deur binne-in die plantstingels in te boor of te tonnel.

PIONEER®

GEMAAK OM TE GROEI™

Besoek ons webtuiste

PowerCore™ multi-eienskap tegnologie is deur Corteva Agriscience en Monsanto ontwikkel. PowerCore™ is 'n handelsmerk van Monsanto Technology LLC. Roundup Ready® Maize 2 is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto LLC.

CORTEVA™ agriscience

™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers.
© 2023 Corteva.

Afrivet
Animal health is in our DNA
A Bimeda® company

**SLEGS VIR DIEREGEBRUIK**

Beskikbaar by jou naaste tak
vkb ntk




- Koste-effektiewe behandeling van bosluisoordraagbare galsiekte (anaplasmose), hartwater, vrotpootije, longontsteking, naelstringsiekte, septiese gewrigsontsteking en oogslymvliesontsteking.
- Minder weefselskade.*
- Verbeterde optrekbaarheid en makliker toediening.







100 ml, 500 ml

# ANIMAL HEALTH IS IN OUR DNA

**VIR MEER INLIGTING: +27 12 817 9060 - www.afrivet.co.za**

**ULTRATET LA 200:** Reg. No. G3559 (Wet 36/1947). **Bevat:** Oksitetrasiklien 200 mg/ml
**Registrasiehouer:** Afrivet Business Management (Pty) Ltd, Co. Reg. No. 2000/011263/07, PO Box 2009, Faerie Glen, 0043, RSA, **Tel:** +27 12 817 9060, **Web:** www.afrivet.co.za, **Hulplyn:** 0860 833 2787.
***Data op lêer.**

ULTRATETLA200-AFR-AD-23-M7-V2

# Eienskappe van ’n suksesvolle plaasbestuurder



Dit is ongetwyfeld nie ’n maklike taak om ’n plaas te bestuur nie. Suksesvolle plaasbestuurders weet wat op die plaas gebeur, hulle het doelwitte en planne (lang- en korttermyn), ondernemingskennis, weet wie die rolspelers is, definieer hul eie werk en weet wat van hulle verwag word.

Suksesvolle plaasbestuurders het die nodige kennis en kundigheid in hul spesialiteitsgebied, produksietegnologie, bemarkingstegnieke, meganiese kennis, het kennis van toepaslike wetgewing en kennis van basiese bestuursbeginsels, soos byvoorbeeld beplanning, organisering en beheer.

Goeie plaasbestuurders is sensitief vir gebeure en is ingestel op dit wat op die plaas gebeur. Hulle gebruik akkurate data om besigheidsbesluite te neem en bestuur personeel met die nodige leierskapvaardighede binne ’n kultuur waar werk gedoen word met trots, ywer en na die beste van almal se vermoë.

## 1. Besluitnemingsvermoë

In enige bestuursposisie word van bestuurders verwag om besluite te neem, en word van hierdie besluite geneem met behulp van logiese en optimaliseringstegnieke. Sekere besluite vereis die vermoë om voor- en nadele op te weeg binne ’n onsekere of dubbelsinnige situasie, wat op sy beurt weer ’n hoë vlak van oordeel of selfs intuïsie vereis.

Suksesvolle plaasbestuurders het suksesvol oordeelsvaardighede ontwikkel. Hulle het die vermoë om dubbelsinnigheid en onsekerheid te hanteer, en ’n balans tussen die noodsaaklikheid te tref om deur subjektiewe gevoelens gelei te word sonder om objektiewe logika te ignoreer.

## 2. Interpersoonlike vaardighede

Een van die belangrikste kenmerke van ’n suksesvolle plaasbestuurder is goeie interpersoonlike vaardighede wat noodsaaklik is in die daaglikse aktiwiteite, soos effektiewe kommunikasie, om effektief te kan delegeer, suksesvol te kan onderhandel, effektiewe konflikbestuur, goeie oorredingsvermoë, winsgewende verkoop van produkte en die effektiewe hantering van gesag.

## 3. Emosionele intelligensie

Plaasbestuurders word blootgestel aan emosionele spanning wat ontstaan weens natuurlike werksituasies, soos leierskapkonflik, interpersoonlike konflik, doelwitte en sperdatums, alles binne ’n raamwerk van ’n mate van onsekerheid en dubbelsinnigheid. Die suksesvolle plaasbestuurder moet voldoende emosionele intelligensie hê om die situasies met selfbeheersing te hanteer en nie toe te laat dat die situasie hom/haar permanent vervorm nie.

## 4. Proaktiwiteit

Dit is die neiging om doelgerig op gebeure te reageer. Doeltreffende plaasbestuurders het doelwitte om te bereik. Hulle weet hulle kan nie alles vooraf noukeurig beplan nie en moet soms vinnig reageer op sekere situasies. Effektiewe plaasbestuurders slaag daarin om effektief op die onmiddellike situasies te reageer sonder om die algehele en langtermyndoelwitte uit die oog te verloor, terwyl die minder suksesvolle bestuurder op ’n relatief ondeurdagte manier uitdagings bestuur en hanteer.

Hierdie kategorie van vermoë sluit ook eienskappe in soos om ’n taak deur te sien, toegewyd te wees, ’n gevoel van missie te hê en verantwoordelikheid te neem vir dinge wat gebeur eerder as om iemand anders of aspekte buite sy beheer te blameer, soos die weer, die werkgewer, die regering of verskaffers.

## 5. Kreatiwiteit

Kreatiwiteit is die vermoë om met nuwe planne vorendag te kom, om die insig te hê om nuwe planne te toets en eers dan te implementeer. Dit behels nie net om self nuwe idees te hê nie, maar ook die vermoë om ’n goeie idee te herken wanneer dit van ’n ander bron aangebied word.

## 6.
### Op jou voete kan dink

Gegewe die gejaagde aard van plaasbestuur is hierdie 'n noodsaaklike eienskap vir sukses. Hoewel hierdie vermoë verband hou met algemene intelligensievlak, sluit die konsep van om op jou voete te kan dink die vermoë in om probleme vinnig te begryp, om aan verskeie dinge gelyktydig te dink, om vinnig van een probleem of situasie na 'n ander oor te skakel en om vinnig die hele situasie te sien eerder as om deur al sy komponente te werk.

## 7.
### Gebalanseerde leergewoontes en vaardighede

Suksesvolle plaasbestuurders is in staat tot abstrakte denke sowel as konkrete, praktiese denke. Hulle kan konkrete idees relatief vinnig met abstrakte idees (en omgekeerd) in verband bring. Hierdie vermoë stel die bestuurder in staat om eie teorieë uit die praktyk te genereer en praktiese idees uit teorie te ontwikkel.

Die vermoë om 'n verskeidenheid verskillende leerprosesse te gebruik is nodig vir jou sukses as plaasbestuurder.

- Insette – blootstellingsonderrig, byvoorbeeld 'n kursus aan 'n tersiêre instelling of deur 'n mentor;
- Ontdekking – persoonlike ervarings;
- Refleksie – 'n proses om bestaande ervaring en idees te analiseer en te herorganiseer.

## 8.
### Selfkennis

Wat ook al plaasbestuurders doen, word op een of ander manier beïnvloed deur hul eie siening van hul posisie, hul rol en deur hul doelwitte, waardes, gevoelens, sterk punte, swakhede en 'n magdom ander persoonlike faktore. As 'n bestuurder dan 'n relatief hoë mate van selfbeheersing oor hul optrede moet behou, moet hulle bewus wees van hierdie selfeienskappe en van die rol wat hulle speel om hul gedrag te bepaal. Suksesvolle plaasbestuurders moet vaardighede van introspeksie ontwikkel.

### Ten slotte

Al agt hierdie eienskappe sal individue beslis help om 'n suksesvolle plaasbestuurder te wees en die gewenste doelwitte te bereik. Behalwe vir moderne toerusting en plaasbestuursagteware, moet 'n plaasbestuurder buigsaam en oopkop wees om doeltreffendheid en beter resultate te behaal. Met 'n rigiede ingesteldheid sal dit 'n uitdaging wees om doelwitte te bereik en suksesvol te wees as plaasbestuurder.

Bron: www.plaasbestuurder.co.za





Boere en produsente lê Santam baie na aan die hart. Dis waarom ons grondige navorsing doen en 'n wetenskaplike benadering volg om al jou bates op en weg van die plaas af te beskerm. Dis net nóg 'n faset van ons **regte, egte versekering**.

Gaan na santam.co.za/products/agriculture of bel jou tussenganger vir meer inligting.

santam landbou

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416).
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.


BAYER'S CROP TECHNOLOGY FOR MAIZE
NOW THAT'S MAIZE!
YELLOW HYBRIDS
DEKALB
SEED YOUR SUCCESS
ACCELERON®
SEED APPLIED SOLUTIONS
YieldGard® MAIZE 2
Roundup Ready® MAIZE 2
HYBRIDS
PROTECTION
DATA
Stack-up protection with yellow dryland hybrids and your choice of technology.
/// DKC64-54BR
/// DKC66-66BR
/// DKC72-66BR
/// DKC72-76BR
/// DKC73-74BR GEN
/// DKC74-74BR
/// DKC76-76BR
/// DKC77-26BR
Maximise your yield with the ...
#DEKALBdifference
BAYER
www.cropscience.bayer.co.za /// www.dekalb.co.za /// Tel: +27 11 921 5002 /// @DEKALBSA
Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07. 27 Wrench Road, Isando, 1601. PO Box 143, Isando, 1600.
The registration owner of Acceleron®, DEKALB®, Roundup® Ready MAIZE 2 and YieldGard® MAIZE 2, is Bayer AG.
A37496/DPS



# Hoe om UITBRANDING EN ONGELUKKIGE PERSONEEL te bestuur

Harde werk en lang ure is die norm in die landboubedryf, en werksetiek op 'n plaas is iets waarop baie van ons trots is en wat deel is van die leefstyl van boerdery. 'n Sterk werksetiek gekombineer met seisoenale veranderinge en tydsensitiewe take wat deur die jaar gedoen en afgehandel moet word, laat ons min aan uitbranding dink. Tog is dit iets waaraan aandag geskenk moet word, juis weens die belangrikheid van balans tussen werk en persoonlike lewe.
In hierdie artikel word gekyk na 'n paar wenke oor hoe om personeeluitbranding en ongelukkige bestuurders te bestuur.

## Die menslike koste van uitbranding

Boerderye verwag 'n hoë vlak van produktiwiteit van personeel, maar dit kan ook gebeur dat ons so obsessief raak oor produktiwiteit dat ons mense verwaarloos wat baie hard vir die boerdery werk. 'n Fokus op net produktiwiteit sonder om die tol wat dit op ons werknemers het in ag te neem, kan lei tot uitbranding, wat kan lei tot emosionele, geestelike en fisieke uitputting, wat verder vererger kan word deur 'n gebrek aan hulpbronne, ondersteuning en begrip. In boerderye waar harde werk en lang ure 'n groot tol op die liggaam eis, is dit 'n wesenlike probleem.

## Hoe weet jy of jou personeel aan uitbranding ly?

Personeel kan bekommerd, gestres en gedemoraliseerd voorkom. Hulle is gewoonlik gereeld afwesig of dikwels siek, het gedurig een of ander skeet of pyn, onttrek van kollegas en is oor die algemeen op sy/haar eie.
Werknemer-uitbranding vind nie oornag plaas nie, en dit beïnvloed nie net die individu nie (wat op sy eie reeds problematies is), maar ook kliënte, verskaffers en die boerdery. Wanneer werknemers ongelukkig is, spoel dit oor, selfs onbedoeld, en is negatiwiteit in die werkplek aansteeklik in 'n gedemoraliseerde atmosfeer van oorwerkte en uitgebrande werknemers.
'n Personeellid wat gereeld afwesig is of wie se aandag nie by sy werk is nie, is baie problematies in boerderye en die dag tot dag operasionele bedrywighede op jou plaas sal skade ly, wat kan lei tot die verhoging in afvalprodukte en verlaging in marge. Uitbranding van werknemers kan elke area van die boerdery beïnvloed en is 'n baie ernstige toestand wat oor veel meer gaan as net 'n blote behoefte aan 'n rusperiode.

## Bekamping van werknemer-uitbranding

Om uitbranding van werknemers te bekamp, moet ons mense eerste stel. Jou personeel is jou grootste bate en hoogste aanspreeklikheid. Hulle is nie net noodsaaklik vir die sukses van jou boerdery nie; hulle is ook individue wat verdien om gerespekteer en goed behandel te word.
Deel van die bekamping van werknemer-uitbranding is om sleutelprestasie-aanwysers vir prestasie en werksuitset te hê, en dit is belangrik om realistiese verwagtinge en doelwitte te hê wat die geluk en veiligheid van werknemers in ag neem. Produktiwiteitsdoelwitte beteken egter niks as werknemers as gevolg daarvan uitge-

brand word nie.
Werksbevrediging en werksgeluk is van die belangrikste veranderlikes in verhoogde produktiwiteit, en wanneer 'n werkgewer omgee vir sy personeel se geestelike en fisieke gesondheid, sal werknemers gewaardeer voel, wat op sy beurt dan lei tot werk van hoë gehalte. 'n Gelukkige werkplek is 'n produktiewe werkplek.
Deur die behoeftes van jou werknemers te prioritiseer, kan werknemeruitbranding bestry word deur werkers te ondersteun, te waardeer, te luister en regverdig te behandel. Om die uitbranding van werknemers en ongelukkige werknemers te verminder, is dit belangrik om die werksomgewing regtig te evalueer, duidelike en realistiese verwagtinge te stel, werknemers behoorlik op te lei en beste praktyke te implementeer om produktiwiteit te verhoog terwyl werknemers se moraal en welsyn gehandhaaf word.

## Kyk na jou werksomgewing

Om gelukkige werknemers te hê wat nie uitgebrand word nie, is dit belangrik om regtig te kyk na die werksomgewing wat jy kweek en die prosesse wat jy gebruik om jou besigheid te bestuur.
>Ondersoek al die redes waarom produktiwiteit in die werkplek daal, insluitend jou eie bestuurstyl;
>Vra jou werknemers vir hul terugvoering deur een-tot-een-onderhoude;
>Fokus op groter spanbyeenkomste en klein fokusgroepe;
>Inkorporeer terugvoering deur 'n verskeidenheid bronne om seker te maak dat jy die volle prentjie kry; en
>Evalueer die terugvoering en kyk na gemeenskaplikhede en oorweeg dit om veranderinge aan te bring.

## Stel 'n boerderykultuur saam wat bevordelik is vir produktiwiteit en werksplektevredenheid

Die kultuur binne jou boerdery is baie belangrik vir werksbevrediging. 'n Kultuur wat jou kernwaardes weerspieël en die boerdery en jou werknemers bevoordeel, skep 'n meer samehangende omgewing en verhoogde doeltreffendheid en produktiwiteit.
'n Negatiewe werkplekkultuur lei tot hoë personeelomset, verminderde produktiwiteit en negatiewe werknemer- en kliënt-ervarings.

## Stel duidelike en realistiese verwagtinge

Een van die vinnigste en sekerste maniere om 'n werknemer ongelukkig te maak, is om standaarde te hê wat hulle onmoontlik kan bereik. Dit is belangrik om seker te maak dat jou verwagtinge haalbaar en realisties is en duidelik gekommunikeer word. Dit kan gedoen word deur:
>beste praktyke te oorweeg;
>sleutelprestasie-aanwysers vir elke rol te skep wat gekoppel word aan besigheidstrategie en -doelwitte, en wat meetbaar en spesifiek is;
>huidige basislynprestasie en standaarde te identifiseer wat produktiwiteit monitor; en
>jou sleutelprestasie-aanwysers op 'n gereelde basis te meet.
As 100% van jou werknemers 100% van die tyd aan hul KPI's voldoen, is die KPI's waarskynlik nie uitdagend genoeg nie en kan jou verwagtinge te laag wees. As minder as die helfte van jou werknemers dit bereik, is jou verwagtinge waarskynlik te hoog.

## Opleiding

Om jou boerdery of landbou-onderneming doeltreffend te bestuur, moet jy seker maak dat jou werknemers behoorlik opgelei is. Dit sal nie net veiligheid en produktiwiteit verhoog nie, maar ook verseker dat jou werknemers die nodige kennis het om in hul werk te slaag.
Dit is belangrik om realisties te wees oor hoe werknemers sal presteer, veral wanneer hulle nuut is. Gaan gereeld by werknemers om, beide op die eerste dag en gedurende die eerste 90 tot 120 dae. Hierdie tydperk behoort te bestaan uit onderrig en opleiding sodat werknemers hul selfvertroue vir hul nuwe rol kan opbou.
Dit is ongelooflik belangrik om seker te maak dat jy bewese prosesse en prosedures het, sowel as maatreëls om dit te evalueer, sodat jy jou werknemers dienooreenkomstig kan oplei.

## Balanseer produktiwiteit en werknemerwelstand met hierdie strategieë


>Kommunikeer gereeld met jou werknemers oor produktiwiteit en prestasie, nie net wanneer daar 'n probleem is of net tydens 'n formele oorsig nie.
>Laat jou werknemers weet dat jy hul insette waardeer en jy hul bekommernisse hoor. Maak seker dat jy dit doen en dit nie net sê nie!
>Verduidelik die prosesse en kommunikasiekanale vir terugvoering wat verband hou met produktiwiteit en prestasie. Werknemers moet die opsie hê om met iemand te praat waarmee hulle gemaklik is as hulle nie met hul direkte bestuurder wil praat nie.
>Implementeer 'n welstandsprogram of werknemerbystandsprogram.
>Moedig werkbalans aan met buigsame skedulering indien moontlik. As jy kan, verskaf periodieke welstandsdae sodat werknemers kan herlaai en aandag gee aan enige persoonlike behoeftes.
>Oorweeg tegnologiese opgraderings om take doeltreffender te maak.
>Wees oop vir terugvoering en as dit sin maak en gedoen kan word, wees buigsaam genoeg om jou benadering te verander.
>Gee positiewe terugvoer! Moenie net met jou werknemers praat wanneer daar 'n probleem is nie. Trouens, gee komplimente, erken harde werk en beloon produktiwiteit om werknemers te help tot hoë werksbevrediging.

# Finale gedagtes

Alhoewel sekere tye van die jaar meer stresvol in boerderye kan wees, is daar maniere om uitbranding van werknemers te bestuur en werknemers gelukkig te hou. Dit is belangrik om seker te maak dat werknemers reg behandel word en stappe gedoen word om uitbranding voldoende te voorkom. Nie net skep dit gelukkige werknemers nie, dit verhoog ook produktiwiteit en verminder personeelomset.

HURRICANE SA PUMPS

Beskikbaar by jou naaste tak
vkb ntk



## 4" Boorgat pompe

Hurricane SA het 'n wye verskeidenheid reeks van pompe gepas vir enige boorgat.

4SD2 Reeks pompe 2000L/H beskikbaar vanaf 0.37KW tot 2.2KW vir boorgate van 35m tot 209m diep.

4SD4 Reeks pompe 4000L/H beskikbaar vanaf 0.37KW tot 2.2KW vir boorgate van 70m tot 116m diep.

4SD8 Reeks pompe 8000L/H beskikbaar vanaf 2.2KW tot 7.5KW vir boorgate van 63m tot 166m.

Ook beskikbaar 4SD12 en 4SD16 reeks pompe van 12000L/H en 16000L/H.



## 4" Boorgat motors 220V / 380V 0.37KW-7.5KW

Hurricane SA het 'n reeks boorgat motors in 220V en 380V

220V Enkel fase motors beskikbaar vanaf 0.37KW of 0.5HP tot in met 2.2KW of 3HP wat saam met 'n standaard of automatiese kontrole kas gebruik kan word.

380V Drie fase motors beskikbaar vanaf 0.37KW of 0.55HP tor 7.5KW of 10HP hierdie motors werk met 380V automatiese kontrole kaste wat beskerming dien teen oorlas, droë loop beskerming, onder en oorspanning beskerming asook oop fase of foutiewe fase beskerming.

220V Standard



220V Auto



380V Auto



# 4" Boorgat pomp kombinasie stelle

**(kabel reeds vasgesit, pomp is reg vir installasie)**

Die 4SD2/9 kombinasie stel 0.37KW 220V sluit die volgende items in: 4SD2/9 Pomp, 0.37KW 220V motor, 0.37KW standaard kontrole kas, 40m kabel en 40m ski tou.

Die 4SD2/12 kombinasie stel 0.55KW 220V sluit die volgende in: 4SD2/12 Pomp, 0.55KW 220V motor, 0.55KW standaard kontrole kas, 60m kabel en 60m ski tou.

Die 4SD2/15 kombinasie stel 0.75KW 220V sluit die volgende in: 4SD2/15 Pomp, 0.75KW 220V motor, 0.75KW standaard kontrole kas, 80m kabel en 80m ski tou.





## Vloei meters

FLZS-25 Vloei meter 250-2500L/uur.

FLZS-25-2 Vloei meter 100-1000L/uur.

FLZS-32 Vloei meter 400-4000L/uur.

FLZS-65 Vloei meter 5000-25000L/uur.



## Druk pompe

JSW10M Drukpomp 0.75KW 220V
Inlaat grootte : 1duim of 25mm
Uitlaat grootte : 1duim of 25mm.

JSW15M Drukpomp 1.1KW 220V
Inlaat grootte : 1 en "n kwart duim of 32mm
Uitlaat grootte : 1duim of 25mm.

## Druk kontroleerder & dryf skakelaar



# Wat is jou bestuurstyl IN BOERDERY?

Bestuurstyle wissel, maar elke bestuurstyl het dieselfde einddoel, naamlik om jou boerdery se personeel en bedrywighede suksesvol te bestuur. Bestuurstyle word gedefinieer deur 'n individu se beplanningsproses, besluitnemingsproses en werknemerbestuursbenadering. Die individu se bestuurservaring, persoonlikheid en spesialisgebied sal 'n invloed op sy bestuurstyl hê.
Kom ons kyk na tien tipes bestuurstyle, hoe hulle verskil in benadering en die voor- en nadele van elkeen. Hou egter in gedagte dat jou bestuurstyl waarskynlik 'n kombinasie van meer as een van die volgende style sal wees.
Die lys hieronder kan die werkgewer dalk help om die volgende plaasbestuurder se gewenste bestuurstyl beter te definieer om meer in lyn met die werkgewer se eie bestuurstyl te wees.

## 1. Demokratiese bestuurder

'n Bestuurder wat 'n demokratiese benadering gebruik, is iemand wat gewillig en gretig is om insette van almal in die boerdery te kry. Besluite word vervolgens geneem op grond van groepkonsensus eerder as op net een of twee mense se mening.
'n Demokratiese bestuurstyl sal aan werknemers vertroue, 'n gevoel van prestasie, "eienaarskap" en werktrots gee. As werknemers se mening gehoor en oorweeg word, is hulle baie meer geneig om betrokke te bly en harder te werk.
Met die demokratiese bestuurstyl is dit onnodig om opdragte te gee of om personeel met 'n ysterhand te bestuur. Demokratiese bestuurders glo werknemers kan hulself bestuur en dat hy as die bestuurder bloot 'n skeidsregter is wat moet seker maak dinge beweeg in die regte rigting.
Hoewel demokratiese bestuurders as goed vir die geheel beskou word, is hierdie bestuurstyl soms geneig om 'n bietjie te veel van die "stemstelsel" te verwag.
Die nadele van die demokratiese bestuurstyl is dat besluite wat geneem word hoofsaaklik persoonlike maatskappydoelwitte is. Om alle besluite op grond van insette van jou personeel te neem is edel en inklusief, maar soms sal 'n landboubestuurder 'n besluit moet neem sonder 'n stemmery.

## 2. Outokratiese bestuurder

Waar demokratiese bestuur betrokkenheid van die personeel vereis om besluite te neem, is die outokratiese bestuurstyl presies die teenoorgestelde. As 'n outokratiese bestuurder is jy die enigste een wat besluite neem en is dit "my manier of geen manier". Hierdie diktator-benadering klink dalk nie na die regte benadering nie, maar soms is dit baie nodig.
Swak bestuurde werksplekke is gewoonlik 'n omgewing wat nie op alle vlakke optimaal funksioneer nie, en dan is 'n kundige outokratiese bestuurder presies wat nodig is om werknemers weer in lyn te bring en in lyn te hou deur 'n dissiplinêre stel reëls.
Outokratiese leierskap behels nie net strengheid of ongeskiktheid nie. Trouens, die beste outokratiese bestuurders is geneig om ná die "skoonmaak-en-afstof-periode" te beweeg vanaf 'n bulderende stem wat opdragte gee na iemand wat goeie resultate kry met 'n "asseblief" en 'n "dankie".
Die outokratiese bestuurstyl versuur gewoonlik verhoudings tussen werknemers en bestuur, kan negatiwiteit en personeelomset verhoog, en hierdie bestuurstyl behoort met groot omsigtigheid benader en hanteer te word, in jou eie bestuurstyl én in die personeel wat jy in diens neem.

## 3. Resultaat-gedrewe bestuurder

Resultaat-gedrewe bestuurders streef na doeltreffendheid en het min bekommernis oor hoe die werk gedoen word, solank die resultate behaal word. Hierdie bestuurstyl is ideaal vir bestuurders wat vinnig en doeltreffend werk. Binne hierdie struktuur het werknemers die vryheid om hul eie rigting en metodes te skep. Dit is baie effektief in 'n kantooromgewing, maar werknemersverhoudings en werkspogings word nie raakgesien nie.

## 4. Charismatiese bestuurder

Volgende is die oorredende of charismatiese bestuurstyl. Hierdie bestuursbenadering is volkome gebou rondom 'n persoonlikheid en sjarme – iets wat die landboubedryf goed ken!
Werknemers is geneig om meer samewerking te gee wanneer bestuurders tydens interaksie met hulle charisma en persoonlikheid toon. As jy egter nie genoegsame besigheids- of landbouvaardighede het nie, sal persoonlikheid 'n bestuurder net sover kry, en is 'n mengsel van charisma en professionaliteit belangrik.

## 5. Samewerkende bestuurder

Die samewerkende bestuurstyl is baie soortgelyk aan die demokratiese bestuurstyl, en verskil net van demokratiese styl in een opsig: Die samewerkende bestuurstyl verlang terugvoering en strategie-insette van personeel, waar, soos vroeër genoem, die demokratiese bestuurstyl net eenvoudig ja- of nee-stemme oor die saak in ag neem.
Wanneer jy insette van jou personeel vra oor beleid en praktyke, kan jy dalk werklike intelligente insette oor die verbetering van jou boerdery kry. Hierdie benadering en bestuurstyl bemagtig werknemers en kan jou selfs help om 'n toekomstige leier onder jou werknemers te ontdek.
Die samewerkende bestuurstyl deel soortgelyke nadele as die demokratiese styl. Wanneer jy net terugvoering van jou personeel vra, verloor jy die geleentheid om vinnige, belangrike besluite op jou eie te neem, en is die

bestuur van balans belangrik.

## 6. Bestuur/lei deur voorbeeld

As 'n plaas- of produksiebestuurder moet jy konsekwent 'n voorbeeld stel in die standaarde wat jy van jou personeel verwag. Bestuurders met hierdie bestuurstyl is verantwoordelik vir die skep van 'n gemotiveerde werksomgewing en die voorbeeld in verwagtinge oor wat van werknemers verwag word.
Bestuurders wat hierdie bestuurstyl bemeester het, vat voor saam met sy werkers en kom dikwels saans vuiler as die werkers by die huis aan. Deur inisiatief te toon en om 'n gepaste voorbeeld te stel, is bestuurders wat deur voorbeeld lei baie suksesvol in hul beroep, en sal dié tipe bestuurder 'n groot invloed hê op die sukses van jou boerdery.
Daar is nie regtig enige nadele aan hierdie bestuurstyl verbonde nie. Die enigste werklike "negatiewe" faktor is die feit dat jy as bestuurder jou moue moet oprol en fisieke arbeid moet doen. Dit is egter nie 'n duur prys om te betaal vir die gesonde moraal, gefokusde werksmag, lae personeelomset en verhoogde produksie wat jy in ruil terugkry nie.

## 7. Inspirerende bestuurder

Om as 'n inspirerende bestuurder te lei, is nie so maklik soos wat dit mag klink nie. Hoewel dit 'n moeilike bestuurstyl is om reg te kry, het inspirerende leiding bewys dat dit uiters doeltreffend is.
Om werknemers te inspireer, moet 'n bestuurder uitstekende kommunikasievaardighede hê. 'n Inspirerende bestuurstyl gaan alles oor kontak met jou werknemers en om uit te vind wat dit is wat hul hart vinniger laat klop. Inspirerende bestuurders het 'n begeerte om mense te wil help, en in hierdie geval is daardie mense die werknemers.
Die nadeel daarvan om as 'n inspirerende bestuurder te lei, is dat die fokus op werknemers is en nie op die boerdery nie. Bestuurders kan fokus verloor en selfsugtig raak, en as jy nie bereid is om die gewig en emosionele bagasie van jou werknemers te help dra nie, is die inspirerende bestuurstyl nie 'n opsie nie.

## 8. Bestuur deur te delegeer

Hierdie tipe bestuursbenadering maak staat op 'n enorme hoeveelheid vertroue in werknemers.
Bestuurders wat bestuur deur delegasie, mors nie tyd deur uitdagings of probleme self op te los of aan die mikrobestuur van hul personeellede nie. Hierdie vryheid gee op sy beurt aan werknemers die waardering en mag om te werk soos hulle wil. Resultate toon dikwels dat werkers meer inisiatief aan die dag lê. Die sukses van die bestuurstyl wentel om vertroue en 'n sterk kernpersoneel.
Nadele van die bestuurstyl begin manifisteer wanneer werknemers hul outonomie as vanselfsprekend aanvaar en begin verslap.

## 9. Deelnemende bestuurder

'n Deelnemende bestuurder is 'n spanspeler. Deur nederigheid, vertroue en harde werk boesem bestuurders wat hierdie benadering volg, 'n gevoel van gesag en orde in, juis omdat hierdie bestuurstyl personeel aanmoedig om as 'n span saam met die bestuurder te bestuur. Werknemers beskou hierdie bestuurders as hul gelyke.
Deelnemende bestuur is baie dieselfde as bestuur deur voorbeeld. Dit is 'n doeltreffende manier om die moraal van die personeelkorps te bou, maar dié bestuurstyl is dalk meer geskik vir 'n plaasvoorman en nie vir 'n plaasbestuurder nie.

## 10. Strategiese bestuurder

Strategiese bestuur fokus op die makro – die groter prentjie – en is gefokus op langtermyndoelwitte. Daar word min tot geensins gefokus op die daaglikse operasionele bestuur van die boerdery nie. Strategiese bestuurders is meer geneig om spanlede en/of bestuurders toe te laat om belangrike take aan te pak, te bestuur en toesig te hou oor boerderyverantwoordelikhede.
Met die daaglikse take wat deur die strategiese bestuurder se bestuurspan verrig word, kan die strategiese bestuurder fokus op projekte en planne vir die uitbreiding van die boerdery.
Die nadele van hierdie bestuurstyl is nie noemenswaardig nie. Die strategiese bestuurder kan die pad vorentoe identifiseer, die risiko's bestuur en implementering goed beplan terwyl sy bestuurspan die boerdery se kleiner termyndoelwitte bestuur.

**Bron:**
www.plaasbestuurder.co.za



SENSAKO

# Kom ons groei saam

Ons het belê in die ontwikkeling van 'n nuwe geelmieliepakket sodat jy met gerustheid mielies kan plant en sien hoe goeie planne in goeie opbrengs verander.

**SNK 220-65 BR**

**SNK 220-65 R**

**SNK 2224 BR**

**SNK 2234 BR** NUUT

Ons help jou groei – vandag en môre!





syngenta®

syngenta.co.za SENSAKO SENSAKO

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690

# Vertroue op jou plaas

*"Mense volg leiers uit keuse; sonder vertroue kry jy op die beste nakoming."*
*– Jesse Lyn Stoner, skrywer van Full Steam Ahead!*

Vertroue is die grondslag van verhoudings – huwelike hang daarvan af, ons verhouding met ons kinders en sakevennote floreer of wankel as gevolg daarvan, en dit dra dieselfde gewig met 'n werkgewer-werknemer-verhouding. Die meeste kliënte wat www.plaasbestuurder.co.za kontak oor 'n vakante bestuurderpos, soek 'n bestuurder met eienaarskapmentaliteit wat take deeglik sal deurvoer.

Wanneer ons kyk na besighede met 'n lae personeelomset, is daar gewoonlik een gemeenskaplike faktor, naamlik vertroue. Wanneer vertroue tussen werkgewer en werknemer, en tussen kollegas hoog is, dryf dit innovasie, sorg dit vir die fyn detail, bevorder dit verhoudings en kort voor lank loop almal die ekstra myl. En die finale produk is eienaarskapmentaliteit.

Hoe meer interaksie daar van spanlede vereis word om die werk gedoen te kry, hoe meer kritiek belangrik is vertroue vir die gesondheid van die besigheid, en vertroue is die sleutelbestanddeel vir sukses. Die doeltreffendste leiers is bewus en ingestel op hul eie interaksies, reaksies en kommunikasie in verskeie situasies; hulle verstaan hoe hul keuse in reaksie vertroue opbou of afbreek.

Wanneer ons ander mense vertrou, reageer ons positief, het ons 'n verhoogde verdraagsaamheid vir tekortkominge, is ons meer geneig om idees met mekaar te deel en spring ons in om te help waar nodig. Wanneer vertroue ontbreek, is ons versigtig in ons benadering, ons verdedigingsmeganismes is oorgehaal en hou ons ons idees en gedagtes vir onsself.

Jou reaksie op 'n situasie voorspel hoe jy alle toekomstige situasies gaan hanteer en skep 'n rimpeleffek.

Byvoorbeeld: Jou werknemer kom na jou toe met 'n probleem – hulle het per ongeluk 'n gedeelte van jou buurman se weiding met Round Up gespuit. As jy jou humeur in die hitte van die oomblik verloor, gaan jy begin om stelselmatig hul vertroue te verloor en gaan hulle waarskynlik in die toekoms hul ongewenste gedrag verskuil deur dit self te probeer regmaak of net voort te gaan asof dit nooit gebeur het nie. As vertroue ontbreek en interaksie met die eienaar waar moontlik vermy word, begin werknemers "raai" hoe om die situasie op hul eie te hanteer en kan dit duur gevolge hê.

As jy met jou werknemers saamwerk om die probleem op te los, sal hulle vertroue hê en sal hulle waarskynlik gemakliker voel om met toekomstige kwessies na jou toe te kom.

Kom ons kyk na hoe om vertroue in jou boerdery prakties te bou en hoe boere vertroue met hulle plaasbestuurspan kan laat groei.

### Deursigtigheid en eerlikheid

Doeltreffende leiers is deursigtig in alle kommunikasie en 'n kultuur van eerlikheid word gebou waar werknemers vertrou dat dit wat gesê word, die waarheid is, en handelinge tussen werkgewer en werknemer eenvoudig en regverdig is.

### Waardeer jou werknemers

Werknemers is meer waardevol as net 'n blote uitgawe op jou inkomstestaat. Die opbrengs van jou belegging in jou "menslike kapitaal" word versnel wanneer jy op mense se sterk punte kapitaliseer. Doeltreffende leiers weet dat elke werknemer 'n emosionele wese is met 'n stel inherente talente en tekortkominge, en dat dit belangrik is om werknemers toe te laat om te bou op hul sterk punte, sodat hulle kan groei en waarde toevoeg, terwyl hulle ook aangemoedig moet word om hard te werk aan gebiede wat hul swak punte uitlig.

### Neem eienaarskap van jou foute

In organisasies met hoë vertouensverhoudings probeer leiers nie om hul eie foute weg te steek of te verbloem nie. Wanneer 'n span misluk, neem leiers eienaarskap van die situasie en werk om 'n oplossing te vind. 'n Vingerwysende kultuur is 'n giftige kultuur wat jy nie in jou besigheid wil hê nie, en is een wat gebore word uit verdedigende spanlede.

Een van my kliënte vertel my dat wanneer iets skeefloop by hom, praat hy en sy bestuur oor waar die "proses" misluk het en hoe om te verseker dat dit nie die volgende keer weer gebeur nie. Hulle ontleed onder meer of die kommunikasieketting gebreek het en of daar 'n goed gedefinieerde proses was. Deur die probleem só te ontleed elimineer hy die menslike emosie en help dit 'n oplossing-gedrewe probleemoplossingsproses.

### Die bevordering van spankragleiers

Modelleer wat aanvaarbare kommunikasie is en hoe gesonde interaksie onder spanlede lyk. Leiers lei deur voorbeeld en lê die grondslag vir hoe besprekings hanteer word wanneer dit kom by verskillende idees oor die hantering van situasies. Dit bevorder 'n atmosfeer van vertroue.

### Verstewig spandinamika

Strategieë om spandinamika te verstewig sluit in om positiewe terugvoer te gee, oorwinnings saam te vier en krediet te gee wanneer die span goed saam presteer. Skep subkomitees, gelei deur die span, om aan die span outonomie en ruimte te gee om saam te groei. Ek het gesien hoe plase werknemer-gedrewe veiligheidskomitees en voortgesette opleidingkomitees skep om nuwe tegnieke te help ontwikkel en meer oor nuwe tegnologie te leer.

Vertroue is soos die reën: Jy het dit nodig om sterk, gesonde gewasse te groei. Sonder vertroue sal werknemers nie groei nie, nie bydra tot die groei van jou boerdery nie, en nie die sorgsame en doeltreffende span wees wat nodig is vir sukses nie. Neem die tyd om jou verhoudings met jou werknemers te koester en vertroue te bou om 'n florerende span te laat groei.



# Moet ek 'n teenaanbod oorweeg?

Dit gebeur van tyd tot tyd dat werkgewers 'n teenaanbod sal oorweeg sou 'n werknemer bedank om 'n ander pos te aanvaar. Dit is dus raadsaam om voor jou bedanking te oorweeg hoe jy 'n moontlike teenaanbod gaan hanteer.

Baie mense ontvang nooit 'n teenaanbod nadat hulle bedank het nie, maar dit is raadsaam om jouself voor te berei op die moontlikheid van 'n teenaanbod sodat jy vooraf weet wat om te sê. Jou antwoord sal van 'n verskeidenheid faktore afhang.

As jou huidige werkgewer probeer om jou te oorreed om te bly, hoef jy nie dadelik die besluit te neem nie, maar gee jouself tyd om daaroor na te dink. Antwoorde op die volgende vrae sal jou dalk met daardie besluitnemingsproses kan help.

**Wat was die oorspronklike rede vir jou bedanking?**

Wanneer iemand jou 'n beduidende verhoging aanbied, kan dit 'n tydelike verblindende effek hê en kan jy skielik vergeet waarom jy in die eerste plek bedank het. Maar om die vraag "Moet ek 'n teenaanbod aanvaar of nie?" te beantwoord, moet jy die aanvanklike redes oorweeg vir hoekom jy nou eintlik bedank het, soos byvoorbeeld:

- Het jou huidige werkgewer jou swak behandel?
- Het jy onoplosbare probleme met een of meer van die spanlede?
- Vereis jou huidige werkgewer meer van jou tyd as wat jy bereid is om te gee?

Wat ook al die rede vir jou bedankingsbesluit mag wees, oorweeg of ekstra geld die probleem sal regstel.

**Hou jy van die bestaande maatskappykultuur?**

Nog iets waaraan jy moet dink voordat jy 'n teenaanbod aanvaar, is of jy van die huidige boerderykultuur hou.

- Voel jy dat jy inpas?
- Is die algehele moraal positief of negatief?

**Is jy tevrede met jou huidige verantwoordelikhede?**

As jy die maatskappykultuur geniet en die gedagte van 'n verhoging aantreklik is, oorweeg of jy tevrede is met jou huidige verantwoordelikhede.

- Gee dit vir jou 'n gevoel van vervulling en betekenis?
- Sal jy tevrede wees om nog 'n paar jaar dieselfde werk te doen?

As jy nie eerlik op die vrae kan antwoord nie, sal jy waarskynlik oor 'n paar weke of maande weer ander werk soek, al het jy die teenaanbod aanvaar.

**Sou jy bly, gaan die maatskappy jou anders behandel?**

Ten slotte moet jy die moontlikheid oorweeg dat die boerdery waarvoor jy werk jou moontlik anders kan behandel. Sodra jy aan jou werkgewer wys dat jy bereid en gereed is om te bedank, sal die werkgewer in alle waarskynlikheid 'n mate van vertroue in jou verloor. Dit kan 'n impak hê op alles in jou werk vorentoe. Jy moet ook bewus wees dat jou werkgewer jou 'n teenaanbod kan maak met die voorneme om jou te vervang sodra hulle iemand anders kan vind wat gekwalifiseer is om jou pos te vul.

So, die vraag is: "Moet ek 'n teenaanbod aanvaar?" Daar is nie 'n regte of verkeerde antwoord op hierdie vraag nie. Jy moet baie versigtig wees wanneer jy die besluit neem. Sou jy 'n ander pos oorweeg wat jy dink beter by jou sal pas as jou huidige pos, is dit waarskynlik 'n goeie idee om die nuwe pos te aanvaar nadat jy die bogenoemde vrae eerlik beantwoord en oordink het.

Deur van Plaasbestuurder.co.za se dienste gebruik te maak, word jy gewaarborg van gekwalifiseerde kandidate. Plaasbestuurder.co.za het 'n uitgebreide netwerk, kom vanuit en werk eksklusief in Landbou. *Plaasbestuurder.co.za* kan gekontak word via hul webwerf, *www.plaasbestuurder.co.za*, per e-pos by *info@plaasbestuurder.co.za* of kontak *Vernon direk by 082 779 7788* om jou behoeftes met hom te bespreek.

**Bron:**
www.plaasbestuurder.co.za

# Lesotho-Hoogland-watertonnel

## vir instandhouding gesluit



**Die Departement van Water en Sanitasie het 'n persverklaring uitgereik waarin gebruikers van die Vaalrivier-stelsel ingelig word oor die beplande instandhoudingswerk wat aan die oordrag- en leweringstonnels van die Lesotho-Hoogland-waterprojek (LHWP) gedoen moet word. Dit beteken dat hierdie tonnels vanaf 1 Oktober vanjaar tot 31 Maart 2025 gesluit sal wees.**

Die watertonnelstelsel bestaan uit 'n oordragtonnel wat Katsedam met die Muela-kragstasie en die Mueladam verbind, en 'n leweringstonnel wat die Mueladam met die Asrivier-uitloopwerke tussen Clarens en Bethlehem verbind.

Inspeksies en instandhouding van die tonnels word met intervalle van nie minder nie as vyf jaar en nie meer nie as tien jaar uitgevoer. Die laaste instandhoudingswerk is in 2019 gedoen.

Tydens die sluiting in 2019 is gevind dat die staalvoerings in die tonnel dringend omvattende instandhouding aan beide Suid-Afrika en Lesotho se kant verg. Hierdie proses kan nie in minder as ses maande voltooi word nie.

Die beplande instandhoudingswerk sal deur die Lesotho-Hoogland-Waterkommissie ('n gesamentlike bestuursliggaam tussen Suid-Arika en die regering van Lesotho) oorsien word en sal gesamentlik onderneem word deur die Lesotho-Hoogland-Ontwikkelingsagentskap (LHDA) en die Trans Caledon-tonnelowerheid (TCTA).

Die werk wat in hierdie tydperk gedoen moet word, sluit in sandstuiwing van die gedeelte wat met staal uitgevoer is van die hele omtrek en heraanwending van roesbeskerming van die tonnelvoering, sowel as ander instandhouding- en herstelwerk wat tydens die 2019-sluiting geïdentifiseer is. Hierdie werk vereis baie tyd aangesien dit die infrastruktuur na verwagting vir die volgende 20 tot 30 jaar sal beskerm.

Hierdie broodnodige instandhouding is kritiek ten einde die integriteit van die leweringstonnels te behou, aangesien enige foute in die tonnel die oordrag van die 780 miljoen kubieke meter water aan die Geïntegreerde Vaalrivier-stelsel (IVRS), waarvandaan Rand Water water aan sy kliënte verskaf, in gedrang kan bring. Die ses maande-tydperk wat vereis word om die instandhouding te doen is dus kritiek om enige katastrofiese gebeure wat weens die gebrek aan instandhouding mag voorkom, te keer.

Weens die sluiting van die watertonnel sal 700 miljoen m³ in 2024 oorgedra word, en net 'n tekort van 80 miljoen m³ van die jaarlikse oordragvolume sal daardeur geraak word. Ná die sluitingstydperk sal die wateroordragte verhoog word ten einde die tekort in

oordrag te herstel.

Daar moet op gelet word dat om die volledige volume van 780 miljoen m³ op 'n jaarlikse basis vanaf Lesotho te lewer, die IVRS (ongeag sy status) nie die doeltreffendste gebruik van die stelselopbrengs lewer nie.

'n Ontleding is in Mei 2023 gedoen om te bepaal watter gevare die onderbreking vir die IVRS se werkverrigting sal inhou, en om die impak van die sluiting op waterbeskikbaarheid aan verbruikers in Suid-Afrika te bepaal. Die uitslae het getoon dat die impak van die onderbreking op die oorhoofse IVRS onbeduidend sal wees as in ag geneem word dat damme in die IVRS, soos die Sterkfonteindam en ander, relatief vol is.

Die standaard bedryfsreël is dat Sterkfonteindam water aan die Vaaldam vrystel wanneer die Vaaldam 'n minimum bedryfsvlak van 18% bereik. Die departement se ontleding dui aan dat dit nie sommer in die 2023-'24-bedryfsjaar (1 Mei tot 30 April) gaan gebeur dat water daardie vlak bereik nie. Daarom word vrystelling uit die Sterkfonteindam om die Vaaldam te ondersteun nie vir die huidige bedryfsjaar voorsien nie, en die Sterkfonteindam is tot op datum nog vol. Verdere ontledings sou in Mei gedoen word om te verseker dat daar nie enige waarskynlike bedreigings vir waterverskaffing van die IVRS in die volgende bedryfsjaar sal wees nie.

Die sluiting sal egter wel in hierdie tyd implikasies hê vir watervoorsiening langs die Liebenbergsvleirivier en sy sytakke aangesien die rivier direkte uitvloeie vanaf die tonnel ontvang. Daarom sal die dorpe Bethlehem, Reitz en Tweeling, sowel as gelisensieerde besproeiers, geraak word. Die rede hiervoor is dat daar aansienlik minder water in die Liebenbergsvleirivier en sy sytakke, vanwaar hierdie gebruikers hul water kry, gaan wees. Ten einde water aan hierdie plaaslike gebruikers tydens die sluiting te verseker, sal die Saulspoortdam aan die begin van die sluitingsperiode opgevul word. Die departement se ontledings toon dat 'n vol Saulspoortdam water vir plaaslike vereistes, insluitend die vereistes van Bethlehem, Reitz en Tweeling, vir 'n tydperk van tot nege maande kan verskaf, wat langer is as die ses maande wat die tonnel gesluit sal wees.

In 2021 het die departement met al die geraakte munisipaliteite, sowel as ander belangstellende en geaffekteerde belanghebbendes en regeringsdepartemente begin samesprekings hou om hulle in te lig van die beplande sluiting van die tonnel. Gevolglik het die departement voortdurend vergaderings met hierdie belanghebbendes gehou om die aksieplanne wat deur die munisipaliteite en belanghebbendes saamgestel is, te bespreek ten einde enige probleme en bottelnekke te versag soos wat die beplande instandhoudingsprogram geïmplementeer word.

Daar is ook behoorlike kommunikasiekanale in plek gestel om alle geraakte partye voortdurend op hoogte te hou van vordering en gebeurlikhede.

Die departement versoek dat alle waterverbruikers wat deur die beplande tonnelinstandhouding geraak sal word, water spaarsamig sal gebruik terwyl die proses onderweg is. 'n Waterbeperking-kennisgewing in hierdie verband word tans voorberei.

*Fotos: www.engeneeringnew.co.za*










## KNIVES
BLADES & SHARPENERS

**Freddy Hirsch Knife Steak** 24 cm — incl VAT **R149** code: 351403

**Freddy Hirsch Knife Steak** 26 cm 1`S — incl VAT **R199** code: 351406

**Freddy Hirsch Knife Boning** 13 cm 1`S — incl VAT **R99** code: 343930

**Freddy Hirsch Knife Butcher** 26 cm 1`S — incl VAT **R179** code: 343933

**Sharpening Steel** 35 cm — incl VAT **R132** code: 390664

**Eclipse Saw Blade**

- 198 cm — incl VAT **R115** code: 24866
- 210 cm — incl VAT **R120** code: 24918

**Lasher Butcher Saw**

- 450 mm — incl VAT **R389** code: 23375
- 550 mm — incl VAT **R399** code: 23391

**Lasher Bowsaw Blade** — incl VAT **R140**
450 | 550 mm
23427 | 117873

## LEKKER SPICES



**Freddy Hirsch Hunters Biltong** Seasoning 1 kg — incl VAT **R168** code: 343879

**Freddy Hirsch Hunters Droewors** Spice 1.1 kg — incl VAT **R95** code: 390616

**Freddy Hirsch Hunter Chilli Bite** Seasoning 1 kg — incl VAT **R165** code: 390680

**Freddy Hirsch Hunters Biltong** Seasoning 2 kg — incl VAT **R285** code: 496151

**Freddy Hirsch Boerewors** Kameelhout Spice 1 kg — incl VAT **R99** code: 555225

**Freddy Hirsch Hunters Biltong** Spice 200 g — incl VAT **R29** code: 343882



White (105604) Brown (388812)
**Freddy Hirsch Vinegar 5% 5 L** — incl VAT **R65**




**Freddy Hirsch Worcester** Sauce — incl VAT **R133** code: 105618

**This promotion is also available at GWK retail stores | Promotion available while stocks last.**


All prices and illustrations were correct at time of going to print, however, VKB cannot be held responsible for any changes or print errors that may occur. Products may differ from pictures. Products available at selected stores but can be ordered. (E&OE).

for the **LOVE** of the **LAND** | www.vkb.co.za

vkb ntk



# VEILIGHEIDSWENKE vir die jagseisoen

Dit is weer daardie tyd van die jaar wat die manne die bakkie volpak met koelbokse, jaggewere, ammunisie en kamoefleerbaadjies en uitskiet veld toe om bietjie te gaan jag. Maar is hulle seker van hoe veiligheid 'n groot rol speel in 'n suksesvolle jagnaweek?
"Pasop, die duiwel laai 'n geweer" is sekerlik 'n gesegde wat baie pa's al vir hul seuns, en selfs dogters, geleer het wanneer dit kom by jag, maar mense word grootgemaak met die idee dat vuurwapens die skuldige party is wanneer daar 'n skietongeluk plaasvind. Vuurwapenveiligheid in die algemeen behels dat 'n mens prakties blootgestel moet word aan die werking van 'n vuurwapen. Hoe werk dit, watter kalibers is beskikbaar, waar is die tromp en hoe hou mens dit vas?
Kortliks, dit is baie sleg as ouers kinders te vroeg aan gewere blootstel, veral as dit 'n groot kaliber is wat "skop". Begin op 'n vroeë ouderdom met 'n windbuks, dan 'n .22, daarna 'n klein kaliber soos 222 of 223 – 'n knaldemper help regtig baie. Hierna, as die kind gewoond is hieraan en die werking van die geweer verstaan, kan die groter kalibers soos 'n 303, 308 of 30.06, aan hulle bekendgestel word. Dit tel natuurlik ook vir grootmense wat nuut is in die jagwêreld. Jong kinders en selfs volwassenes wat nog nooit aan vuurwapens blootgestel is nie verstaan moeilik die konsep rondom veiligheid en trompbewustheid, maar hier speel die ouers of selfs 'n opgeleide en geregistreerde instrukteur 'n belangrike rol. Almal het nie toegang tot so baie verskillende kalibers nie, maar dit is altyd beter om eerder te wag as om te vroeg te begin.
Dit bring ook die verantwoordelikheid van die wettige vuurwapeneienaar in die kollig. 'n Vuurwapen is ontwerp slegs met een doelwit: om dit wat in die visier is, te tref en te dood - hetsy dit nou 'n dier of 'n mens is.
Daarom is vuurwapeneienaarskap 'n bitter groot verantwoordelikheid, want die natuur is onder die mens se beheer om te bestuur, en daardeur het die sport van jag ontstaan as 'n metode om wild te bestuur en te benut.
Kortliks 'n paar veiligheidswenke vir as jy in die veld is en vir elke geleentheid waar jy jouself bevind met 'n vuurwapen in jou hand:

- Wys altyd die tromp van 'n geweer in 'n veilige rigting weg van mense af vir indien daar per ongeluk 'n skoot sou afgaan dat die rigting veilig is. Jagkalibers maak groot wonde wat selde oorleef word, veral as jy verafgeleë is. Maak seker waar die naaste dokter is, kry vooraf sy telefoonnommer en maak seker jy weet hoe om bloeding in die veld te stop. Maak seker jy het 'n mediese noodplan!
- Hou altyd jou vinger weg van die sneller totdat jy gereed is om te vuur. Beweeg slegs jou snellervinger na die sneller sodra jy dit wat jy wil skiet in die visier het.
- Hanteer alle vuurwapens asof dit gelaai is totdat jy self bevestig het dit is ontlaai en veilig. Die definisie van ontlaai is dat die geweer en die ammunisie van mekaar geskei is. Magasyne is verwyder en die rondtes/patrone is uit die geweer se interne magasyn verwyder. Maak die slot oop, en hou dit oop tussen mense, agter op 'n bakkie of selfs al plaas jy dit in jou drasak. Moenie skaam wees om dit van iemand te verwag nie. As jy so 'n persoon aanspreek, behoort dit nie weer te gebeur nie. Jagreëls is jagreëls!
- Weet wat is jou teiken, maak seker, en weet ook wat agter die teiken staan. Hiermee gaan gepaard dat jy weet waar jou koeël tot stilstand gaan kom. Wanneer jy die geweer veilig maak, inspekteer die magasyn sodat niks binne-in die geweer is nie, inspekteer die kamer fisiek, en dan druk jy die sneller droog terwyl die tromp in 'n veilige rigting wys. "Droog" verwys na die aksie om die sneller te druk sodat die slagpen op 'n leë kamer slaan, met ander woorde sonder 'n koeël in die vuurwapen. Dit maak 'n klank wat mens gerusstel. Om 'n veiligheidsaksie uit te voer en 'n lewe te spaar is goedkoper as om 'n stukkende slagpen te vervang. Die ou geloof dat 'n droë skoot die geweer beskadig, is oumensstories. Dit gebeur selde. Dit laat mense veilig voel om die droë skoot te hoor!
- Vinger weg van die sneller is 'n algemene bykomende veiligheidsmaatreël, indien nie die belangrikste nie. Ons almal verstaan die konsep. Wanneer jy die geweer hanteer, oorhandig, veilig maak, laai of ontlaai, moet jou vinger op 'n ander plek wees as naby die sneller. Maak 'n vuurwapen veilig terwyl jy dit gebruik. Wys die tromp in 'n veilige rigting, en neem kennis dat voor jou in die grond nie 'n "veilige rigting" is nie. As 'n skoot afgaan, is daar klippe en skrapnel en almal dra nie brille in die veld nie. Om 'n bok te skiet wat op die horison staan, is ook onveilig. Die koeël verlaat die bok by die uitgangswond, en dit kan nog tot sover as 5 km trek.
- Ter afsluiting: kamoefleerklere lyk "cool". Dit is tegnies die enigste voordeel. Dit wat tans op die mark is, is natuurlik warm, waterdig, van hoë gehalte en geskik vir jagomstandighede. Daarom is dit, tesame met puik bemarking, gewild vir jagdoeleindes. Maar onthou, die meeste wild sien slegs skakerings van blou.
- Laaste maar nie die minste nie, wees verantwoordelik, en onthou: Drank en buskruit meng nie saam nie.

Ons is die voorbeeld, wat ons vandag doen, gaan die toekoms bepaal.

**Aangepas uit 'n skrywe deur Nico van der Merwe**



# OTTOSHOOP

## DOLOTOP PLUS +




**DOLOTOP MET WATEROPLOSBARE KALSIUM, MAGNESIUM EN SULFAAT PENETREER DIE ONDERGROND MEER EFFEKTIEF EN VOORSIEN BETER VOEDING - BETER OPNAME - BETER GROEI!**

- Oplosbare $Ca^{+2}$, $Mg^{+2}$ en $SO_4^{-2}$ promoveer dieper grondpenetrasie
- Verhoogde KKE en mikrofyn struktuur verskaf uitstaande neutralisasiekapasiteit
- Bewerkstellig ’n gebalanseerde grondprofiel vir volhoubare produksie

TEL: 0860 103 515
E-POS: kalk@sakg.co.za
**www.sakg.co.za**

SA KALK & GIPS
LIME & GYPSUM
WITKOP MINE | MYN




# SUPER SAREL se spoedrekord

deur Klippie Spies

Die strewe na absolute spoed was oor bykans 'n eeu heen meedoënloos, mededingend, selfs dodelik, maar strykdeur altyd boeiend. Gedurende die vormingsjare van die motorindustrie was spoed die primêre, indien nie die enigste nie, faktor wat motors verkoop het omdat dit die eenvoudigste manier was om een motor se oorheersing oor 'n ander mee te kon bepaal. Veiligheid was hoegenaamd nie 'n verkoopstrategie nie en so ook nie ekonomie, gemak of tegnologie nie. Vandag is dit juis hierdie eienskappe wat motors verkoop, so asof ons 'n bietjie ons aptyt vir spoed verloor het.
Daar is verskeie tipes landspoedrekords, maar in die verlede was die gewildste rekord die flying mile wat op gewone openbare paaie opgestel is, en die reëls was eenvoudig: Die drywer moet binne 'n sekere tyd in beide rigtings oor 'n afgemete afstand (een myl of een kilometer) ry en as die gemiddelde spoed van beide lope meer as een persent vinniger as die vorige rekord is, staan die nuwe rekord agter die drywer se naam.
Die *flying mile* beteken dat die motor met 'n aanloop oor die afgemete afstand ry en dus nie vanuit 'n statiese posisie wegspring nie. Malcolm Cambell van Brittanje het op 25 September 1924 in 'n 350 pk Sunbeam Blue Bird die eerste rekord vir die *flying mile* opgestel met 'n gemiddelde spoed van 235,22 km/h in Pendine Sands, Wallis.
'n Legende soos Sarel Daniel van der Merwe, oftewel "Supervan", sou beslis nooit sy aptyt vir 'n landspoedrekord verloor nie. Van der Merwe het die Suid-Afrikaanse tydrenkampioenskaprekord elf keer gewen en het dié sport gedurende die laat sewentigs en vroeë tagtigs gedomineer. Sy wedrenloopbaan sluit ook 'n tydperk in waar hy in die VSA aan NASCAR-renne deelgeneem het en hy het ook aan die uitdagende Le Mans-uithourit deelgeneem. Hy was daarby ook Suid-Afrika se *Saloon Car*-kampioen, Modified *Saloon Car*-kampioen en wen in 1996 die Castrol Internasionale tydren in Swaziland. Vanweë sy lengte kon hy nie aan Formule 1-wedrenne deelneem nie omdat hy nie in dié motors kon pas nie.
Op 30 November 1988, vyf dae voor sy 42ste verjaarsdag, skryf Van der Merwe die Suid-Afrikaanse *flying mile*-spoedrekord agter sy naam met 'n gemodifiseerde Audi 2.2 Turbo, wat op die oog af nes 'n gewone Audi 500 lyk. Hy behaal 'n verbysterende gemiddelde 358,9 km/h op die pad tussen Hoopstad en Bothaville en verbeter Mike de Udy se 20 jaar oue rekord van 308,671 km/h wat in 1968 met 'n 5600cc Lola Chevrolet-rensportmotor op die Weskuspad naby Langebaan opgestel is.
Die R59 tussen Hoopstad en Bothaville het 'n reguit stuk van 25 km, maar is andersyds 'n gewone enkelbaanteerpad in beide rigtings sonder skouers aan die kante. Onbevestigde berigte wil dit hê dat boervrouens van die omgewing destyds vir Van der Merwe ingelig het dat uitermatig hoë snelhede op dié pad wel moontlik is, veral op 'n Maandagoggend as die kinders nog voor skool by die koshuis afgelaai moet word.

Van der Merwe se rekord verdien perspektief. Formule 1-renmotors word nie net vir absolute spoed gebou word nie, maar wel om die hoogste gemiddelde snelheid om 'n kronkelende baan te handhaaf. Dit gaan dus ook oor vinnige versnellings, kort remafstande en hoë snelhede om draaie. Gevolglik is dié aerodinamiese motors met drukvlerke en breë bande toegerus en jaag op uiters goed ontwerpte oppervlakke.
In 2005, een maand voor die Italiaanse Grand Prix, het Juan Pablo Montoya met 'n McLaren-Mercedes gedurende toetsritte die hoogste amptelike spoed nóg deur 'n Formule 1-motor behaal, naamlik 372,6 km/h. Dit is 'n skamele 13,7 km/h vinniger as Van der Merwe se poging met 'n gemodifiseerde sedanmotor op 'n gewone openbare pad.
Van der Merwe se rekord staan net agtien maande totdat Willie Hepburn in 'n 6998cc Pontiac Trans-Am die rekord tot 372,401 km/h op die tóé pasvoltooide tolpad tussen Villiers en Warden verbeter. Dié pad het dubbelbane met skouers in beide rigtings.
In 1999 probeer Peter Lindenberg sonder sukses om Hepburn se rekord op dieselfde pad te verbeter. Met sy eerste poging in sy 1998 Ford V8 Mustang haal hy 341 km/h en met sy tweede sowat 348 km/h voordat die motor se ratkas ingee. Tydens dieselfde geleentheid het die 25-jarige Jeanette Kok egter die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat 'n landspoedrekord agter haar naam kon skryf. Sy het met haar eerste poging, ook in 'n Ford Mustang, teen 'n effense afdraand en saam met die wind 314,74 km/h gehaal. In die teenoorgestelde rigting kon sy net 301,074 km/h haal, wat haar 'n gemiddelde spoed van 307,909 km/h gegee het.
Van der Merwe se rekord, saam met sy ander mylpale in motorsport, maak van hom 'n renjaer sonder enige gelyke in Suid-Afrika. Met uitsondering van Hepburn, was dit waarskynlik die laaste flying mile-rekord wat nie deur 'n spesiaal ontwerpte motor opgestel is nie. In 2002 het Grant van Schalkwyk met sy 9500cc "Spirit of Dunlop" 'n snelheid van 388,538 km/h behaal. Hierdie rekord is in 2005 deur Johan Jacobs met sy Castrol Edge Showdown Jet tot 504,544 km/h op die Mafikeng-lughawe se aanloopbaan verbeter.

**Bronne:**
*Formula One car. Wikipedia*
*Kaapse vrou stel spoedrekord van 307,9 km/h op. Marinus Coetzee. Beeld, 30 Julie 1999.*
*South African Records. Ray Wakefield. 02 Oct 2006*
*Sarel van der Merwe. Wikipedia*
*Supersoniese Sarel … ná 358,9 km/h. Fred Schnetler. Die Volksblad, 30 November 1988.*
*What is the Land Speed Record? DiscoveryUK.com*
*Spesiale dank aan Huibrecht Lombard, Argief vir Eietydse Aangeleenthede, Universiteit van die Vrystaat.*

# PROMOSIE

## QPro Winterlek 45

V23848 (Wet 36 van 1947)






QPro Winterlek 45 is 'n klaar gemengde onderhoudslek vir bees op droë winterveld. Hierdie produk is geformuleer met die nodige proteïen- en mineraalsamestelling om droëgrasinname en die vertering daarvan te stimuleer. Dit stimuleer ook die eetlus van die dier om massaverliese te verminder en help om droëgalsiekte te voorkom. QPro Winterlek 45 kan ook 50:50 met mielies/chop gemeng word om 'n produksielek te vorm.

For the **LOVE** of your **ANIMALS**

Qpro feeds

lid van die vkb groep member of the

Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587



# Geblikte leeujag is onregverdige 'sportsoort'

deur Dawid Brand

Baie van die oulike leeutjies wat 'n mens in parke aantref waar jy aan hulle kan vat en met hulle kan speel, het ongelukkig glad nie 'n lekker en gelukkige lewe nie. Daar is 'n groot groep van dié welpies wat grootgemaak word net sodat hulle eendag gejag kan word. Dit is miskien 'n sport vir sommige jagters, maar "geblikte leeujag", soos dit genoem word, is bitter onregverdig, want die leeu het geen kans om te oorleef nie.

Hoewel hierdie manier van jag al vir baie jare – onder meer in 'n paar Afrikalande en die Verenigde State van Amerika (VSA) – toegelaat word, het dit die wrede dood van Cecil, 'n leeu van Zimbabwe, gekos om die wêreld en Suid-Afrikaners bewus te maak van wat reg onder ons neuse gebeur. Tot geblikte leeujag nie amptelik onwettig word nie, kan klein én groot hul stemme gebruik om hierdie praktyk stop te sit, want die grootste tragedie gaan wees wanneer die koning van die oerwoud se brul stil word omdat ons nie iets daaraan gedoen of iets daaroor gesê het nie!



## Cecil

Cecil, 'n leeu wat hoofsaaklik in die Hwange-wildtuin in Matabeleland, Zimbabwe, gewoon het, was 'n bekende onder toeriste en is jare lank daagliks deur 'n span navorsers van die Universiteit van Oxford gemonitor as deel van 'n studie.

Walter Palmer, 'n tandarts van die VSA, het die aand van 1 Julie 2015 met 'n pyl en boog na Cecil geskiet. Hy het Cecil gewond, maar die leeu was nie dood nie. 'n Span het die leeu se spoor gevolg en hom die volgende oggend, sowat 12 uur later, uiteindelik doodgeskiet. Cecil was 13 jaar oud. Palmer het 'n permit gehad en is nie van enige misdaad aangekla nie. Hy het glo sowat £35 000 (nagenoeg R650 000) betaal om die

geliefde leeu te skiet.
Cecil het egter 'n naam en 'n gesig (met maanhare!) gegee vir die skerp daling in die getalle van wilde leeus en wêreldwyd die kollig op trofeejag en geblikte jag geplaas. Meer as 1 miljoen mense het 'n petisie onderteken om "geregtigheid vir Cecil" te kry.

## Lewe in aanhouding

'n Geblikte leeu (*canned lion* in Engels) leef sy of haar hele lewe in aanhouding waar hulle deur mense gevoer word en nie vry in die natuur kan leef nie. Die welpies (babaleeus), wat gewoonlik op 'n leeuplaas gebore word, word drie weke ná hul geboorte van hul ma weggeneem en aan plekke verkoop waar toeriste aan hulle kan vat en met hulle kan speel. Die leeuwyfie moet dan so gou moontlik weer geboorte skenk sodat die volgende groep welpies verkoop kan word.
Wanneer die welpies ouer is, word hulle verkoop om mense op staptogte in die natuur te begelei. Met só 'n staptog loop die leeu voor en die toeriste volg die mannetjie of wyfie. Vir die laaste deel van 'n geblikte leeu se lewe, wanneer hy nie meer mooi of oulik genoeg is om besoekers te lok nie, word hy of sy verkoop om as prooi tydens geblikte jag te dien.

## Onregverdige jag

Wanneer diere doodgemaak word, soos wanneer skape of beeste geslag word, word hul vleis as kos gebruik. 'n Mens sou dus kon sê daar is 'n rede waarom hulle doodgemaak word. Tydens trofeejag word diere nie vir hul vleis gejag nie, maar as 'n sport sodat die jagter later met 'n vel, horings of opgestopte dele van die dier kan spog, met ander woorde 'n trofee. Trofeejag verskil van biltongjag. In laasgenoemde geval word die dier se vleis verwerk in biltong, droëwors en ander vleissnitte – iets waarvoor Suid-Afrikaners baie bekend en lief is.
Geblikte jag is op sy beurt 'n vorm van trofeejag, maar dit is baie onregverdig, omdat die dier nie 'n kans het om te ontsnap of weg te kom van die jagter nie (soos wanneer 'n bok byvoorbeeld in die veld gejag word nie). Diere wat tydens geblikte jag doodgemaak word, word dikwels in gevangeskap gebore en is óf baie gewoond aan mense óf baie mak. Hulle sal mense dus nie – soos wilde diere in die natuur – as 'n bedreiging sien en vlug nie. Boonop vind die jag plaas in 'n omheinde area – groter as 'n hok in die dieretuin, maar klein genoeg dat die diere maklik opgespoor, in 'n hoek gedryf en geskiet kan word. Jagters betaal baie geld om diere só te kan "jag". In wrede gevalle word die dier verdoof en dan met kos nader aan die jagter gelok sodat die jagter hom makliker kan skiet.





## Bere, leeus, luiperds & meer

Hoewel geblikte jag in Suid-Afrika wêreldwyd bekend is, word dit ook in sekere Afrikalande en sommige state in die VSA toegelaat. In Suid-Afrika is dit meestal leeus wat op hierdie manier gejag word, maar luiperds en jagluiperds loop ook onder die jagters deur. Dikwels word diere spesiaal geteel om sekere vreemde of mooi eienskappe te hê. Jagters wat wit leeus of mannetjies met massiewe maanhare wil jag, moet dikwels meer opdok om daardie dier te jag.
In die VSA is daar tans sowat 1 000 jagplase in meer as 24 state, waarvan 500 van dié jagplase in die staat Texas geleë is. Hierdie "plase" gee jagters die kans om diere dood te maak – met gewere, pistole of 'n pyl en boog. Diere wat op hierdie manier in die VSA doodgemaak mag word, is onder meer bokke, bere, bisons (die Amerikaanse buffel) en Amerikaanse elande. In die VSA kan 'n verskeidenheid voëls ook gejag word, soos eende, duiwe, kwartels en fisante. Hulle word in hokke aangehou en word eers vrygelaat net voor daar op hulle geskiet word. Jagters in die VSA kan ook kies om op diere soos kameelperde, volstruise, wildebeeste en sebras jag te maak.



## Geblikte leeujag in Suid-Afrika

In Suid-Afrika, waar geblikte jag tans nog wettig is, is daar tussen 200 en 300 plekke waar leeus in gevangeskap gebore word om te verseker dat daar genoeg leeus is om aan hierdie bedryf se behoeftes (of die aanvraag daarna) te voorsien. Die meeste van hierdie plekke is in die Vrystaat, Noordwes en Limpopo geleë.

Ongeveer 800 leeus wat in aanhouding grootgeword het, word jaarliks deur trofeejagters doodgemaak. Dit beteken dat daar elke dag ten minste twee leeus in Suid-Afrika tydens 'n geblikte jagtog sterf.

Geblikte jag word meestal deur ryk toeriste van oorsese lande ondersteun. Dit is mense met geld wat bereid is om tot €45 000 (bykans R1 miljoen) te betaal om byvoorbeeld 'n leeumannetjie met besonder groot en donker maanhare te kan skiet.



Verskeie jagplase wat geblikte jag aanbied, het boonop 'n beleid dat jy nie enigiets hoef te betaal tensy jy 'n dier doodmaak nie. Dit is dus vir dié plase belangrik dat dit so maklik as moontlik vir die jagter moet wees om 'n dier dood te maak.

Tussen 2008 en 2018 het Suid-Afrika gemiddeld 1 000 leeujagtrofees (soos die vel of opgestopte dele van die dier) uitgevoer, hoofsaaklik van leeus wat in gevangeskap grootgeword het. Lande waarna die meeste trofees uitgevoer is, was die VSA, Spanje, Rusland, Kanada en China.

Buiten velle en opgestopte liggaamsdele, is dit op die oomblik nog toelaatbaar om leeukarkasse na Asië uit te voer waar dit gebruik word om tradisionele medisyne te maak.

Suid-Afrika beperk die uitvoer van leeukarkasse tans tot plus minus 800 per jaar. Dit plaas egter druk op lewende en bedreigde leeus, omdat dit kan lei tot 'n groter aanvraag na leeuprodukte. Dit kan ook 'n negatiewe impak hê op wilde leeus – soos wat gesien kan word in al hoe meer wilde leeus wat vir hul liggaamsdele gestroop word.

Hoewel daar nog nie 'n wet aanvaar is om hierdie gebruike stop te sit nie, het die regering opgehou om lisensies uit te reik vir die teel, aanhou, jag of interaksie (met hulle speel of aan hulle vat) met leeus. Benewens die kritiek van oor die wêreld heen het navorsers ook bevind dat leeus in aanhouding ander mense en diere baie siek kan maak.



Volgens 'n berig wat op 4 April vanjaar op Netwerk24 verskyn het, kan "die geblikte leeubedryf dalk binne die volgende twee jaar tot 'n einde kom indien alles volgens plan verloop".

"Barbara Creecy, minister van bosbou, visserye en die omgewing het [op 3 April] planne uiteengesit om die teel van leeus in gevangenskap vir jagdoeleindes uit te faseer.

"Telers en boere sal twee jaar hê om hulle vrywillig aan die sektor te onttrek en hul sakemodelle te verander voordat die verbod intree.

"Die besluit om leeus te teel om hulle later deur jagters te laat skiet word lankal deur bewarings- en diereregtegroepe veroordeel, maar die departement se pogings om die praktyk te beëindig het sterk teenkanting van verteenwoordigers van die hoogs winsgewende bedryf tot gevolg gehad.

"Die Suid-Afrikaanse regering het reeds in 2021 sy voorneme aangekondig om die teel van leeus vir jagdoeleindes te verbied en 'n ministeriële taakspan het die afgelope maande aan 'n verslag hieroor gewerk.

"Die bedryf is groot en kompleks met 'n lang geskiedenis wat nie in lyn is met beide huidige internasionale neigings en binnelandse beleidsveranderinge oor bewaring nie," het Kamalasen Chetty, hoof van die ad hoc-paneel, gesê.

"Die witskrif oor die bewaring en volhoubare gebruik van Suid-Afrika se biodiversiteit is in Maart verlede jaar deur die kabinet goedgekeur en 'n paar maande later in die *Staatskoerant* gepubliseer. Die witskrif stel die oorkoepelende beleid waaruit die spesiespesifieke wetgewing, beleid en strategieë ontwikkel word.

"Na raming word duisende leeus in meer as 200 fasiliteite regoor Suid-Afrika aangehou."

# Mites oor geblikte leeujag

Daar is baie mites en verkeerde inligting oor leeus, leeubewaring en die rol van vrywilligers. Vrywilligers vind gereeld uit dat hulle eintlik vir 'n teler werk, en nie vir 'n bewaringsorganisasie nie.

## Mite 1:

**Om met welpies te speel, is goed vir natuurbewaring**

Hier is net 'n paar redes waarom dit nie goed is vir 'n welpie om twee of drie weke ná geboorte van sy of haar ma weggevat te word nie:

- Die wyfie se melk is voedsaam en die welpie het dit nodig om ordentlik te groei.
- Welpies het die aandag van hul ma nodig.
- Welpies leer nooit hoe om te jag om in die natuur te oorleef nie.
- Welpies raak angstig wanneer mense aan hulle vat.
- Welpies het nie enige vryheid nie.



## Mite 2:

**Staptogte met leeus is goed vir natuurbewaring**

Jong leeus word gewoonlik vir hierdie uitstappies gebruik. Dit is heeltemal onnatuurlik vir 'n leeu om saam met mense te loop en maak hom of haar uiters gespanne. Hulle raak gewoond aan mense en besef nie die bedreiging nie. 'n Leeu wat gedwing word om aan hierdie uitstappies deel te neem, kry ook nie kans om enige oorlewingsvaardighede aan te leer nie.



## Mite 3:

**Geblikte leeujag is 'n sport**

Een van die voorvereistes van 'n sport is dat dit regverdig moet wees, dat al die deelnemers 'n gelyke kans het om te wen. 'n Mak leeu in 'n omheinde kamp wat deur 'n jagter met 'n kragtige en dodelike wapen gejaag word, is beslis nie regverdig nie.



## Mite 4:

**Leeus kan nie uitsterf nie**

Soos enige ander dier, kan leeus uitsterf indien hul getalle nie beheer word nie. In Suid-Afrika is daar na raming net 2 300 leeus in die natuur oor en ongeveer 15 000 in Afrika. Wetenskaplikes voorspel dat daar teen 2050 nie meer 'n enkele wilde leeu sal oor wees indien dringende stappe nie nou gedoen word nie.

## Mite 5:

**Leeus wat in aanhouding geleef het, kan maklik terugkeer na die natuur**

Nadat 'n dier sy lewe lank gevoer is en nooit geleer het hoe om self kos te soek of daarvoor te jag nie, is die kanse bitter skraal dat hy in die natuur sal kan oorleef as hy vrygelaat sou word. Want wie gaan hom leer jag? Waar is genoeg plek of kos om duisende leeus te voer?

Wanneer 'n mak leeu twee of drie jaar oud is, moet hy gevoer word en ruimte hê om vrylik te kan rondhardloop. Daar is ongelukkig nie genoeg reservate waar hierdie leeus beskerm kan word nie.



**Mite 6:**

**Ek kan niks doen om geblikte leeujag te stop nie**

Geblikte leeujag is 'n groot probleem, maar elke mens het 'n stem en deur te sê wat jy van geblikte jag dink, kan jy 'n verskil maak.







# Verskil tussen trofeejag en geblikte jag

Die *Cook Report*, 'n Britse dokumentêre reeks, het in 1997 'n program uitgesaai met besonderhede oor leeus in Suid-Afrika wat in aanhouding geteel word. Dié program het vir die eerste keer die term "geblikte leeujag" gebruik om te verwys na groot katte wat in aanhouding grootgemaak word, hul vrees vir mense verloor het, in kampe op privaat jagplase aangehou word waar hulle nie kan ontsnap nie, en dan gejag word.

Leeutelers en aktiviste vir dierebeskerming stem saam dat "geblikte jag" die jag van diere is wat bedwelm of verdoof is, diere wat baie mak is, of diere wat met kos na die gebied gelok word waar hy geskiet gaan word.

Organisasies stem ook ooreen dat daar bepaalde riglyne moet wees, soos die grootte van die kamp (waar 1 000 hektaar die kleinste gebied is om 'n leeu te mag jag) en dat daar ook 'n vasgestelde periode moet wees waar die leeu in die jaggebied aan sy eie lot oorgelaat word. Organisasies stem egter nie saam oor dié tydperk nie. Dit word tans per provinsie in Suid-Afrika bepaal en strek van vier dae in Noordwes tot 90 dae in die Vrystaat.



# Vinnige feite oor leeus

**♦ 'n Leeu se gebrul kan agt kilometer ver gehoor word.**

**♦ 'n Wyfieleeu benodig 5 kg vleis per dag. 'n Mannetjie het ten minste 7 kg vleis nodig om te oorleef. Hulle kan egter tot 40 kg in een ete verorber!**

**♦ Leeumannetjies weeg gemiddeld sowat 190 kg en wyfies sowat 126 kg. Hulle het hierdie gewig en krag nodig om groot diere te kan jag en hul trop te kan beskerm.**

**♦ Tussen 85% en 90% van die jagwerk word deur die wyfie gedoen. Die mannetjie se werk is om die trop te beskerm en die gebied te patrolleer.**

**♦ 'n Leeu kan teen 81 km/h hardloop – dit is meer as twee keer so vinnig as die vinnigste mens op aarde.**

**♦ Leeumannetjies se maanhare is soos hul kroon. Dit word donkerder soos hulle ouer word, en wyfies dink 'n mannetjie met swart maanhare is baie aantreklik!**

**♦ Joyce Little was die eerste mens wat kon bevestig dat sy in 1938 'n wit leeu gesien het. Sy het die leeu by Timbavati naby die Nasionale Krugerwildtuin opgemerk. Voor hierdie voorval het wit leeus net in stories voorgekom.**

**♦ Die naam vir 'n leeu in Swahili is "simba".** *The Lion King* **was een van Disney se gewildste films ooit. Disney het sowat $1 miljard se Simba-teddiebere en ander artikels met die fliek se handelsmerk daarop verkoop.**

**♦ Suid-Afrika doen ook uitstekende natuurbewaring. Die Krugerwildtuin is groter as die land Israel. Ons land spog ook met 'n paar uitsonderlike diere: Die olifant is die grootste soogdier op land; die volstruis is die grootste voël; die walvishaai die grootste vis; die kameelperd die langste dier en die jagluiperd die vinnigste.**

**♦ Kaktusse, eikebome, seegras, kameelperde en papegaaie is van die minder bekende plante en diere wat moontlik kan uitsterf as daar nie stappe gedoen word om hulle te red nie.**



# Basiese beginsels vir sonkrag

deur prof. Johan Rens | Neill Human, Afriforum

Elektrisiteit aan eindverbruikers in Suid-Afrika is onbetroubaar en toenemend van swak gehalte, wat veroorsaak dat oplossings onder eie beheer 'n dringende en groeiende behoefte is.

Die omskakeling van sonlig na elektrisiteit met dakgemonteerde panele is die bekendste manier, maar dit is meestal nodig om ook van dié energie te stoor vir wanneer die munisipale netwerk af is. Dit vereis tegniese, bestuurs- en finansiële oordeel. Indien oordeelkundig gedoen, is dit moontlik om jou eie elektrisiteit teen beter pryse op te wek met baie laer risiko's as wanneer mens van die nasionale netwerk afhanklik is. Hoewel die konfigurasie van die meeste stelsels redelik eenvoudig is, is dit noodsaaklik om die basiese werksbeginsels te verstaan om sodoende oplossings te bepaal wat kostedoeltreffend aan die eindverbruiker se behoefte kan voldoen. Verskillende tipes verbruikers in die residensiële, kommersiële, industriële en selfs dienstesektor het verskillende behoeftes. Dié artikel bied die basiese beginsels aan huishoudings oor hoe dié stelsels werk, hoe om dit te konfigureer en hoe om diensverskaffers te kies.

## BELANGRIKE TERME VERTAAL

| AFRIKAANS | ENGELS |
|---|---|
| Fotovoltaïese sonpaneel | Solar photovoltaic panel (PV) |
| Wisselrigter | Inverter |
| Drywing (Watt) | Power (Watt) |
| Energie (Watt-uur, W-h, Joules) | Energy (W-h) |
| Aangeslane drywing (naamplaatwaarde) | Power rating (rated power, nameplate) |
| Gelykstroom (GS) | Direct current (DC) |
| Wisselstroom (WS) | Alternating current (AC) |
| Spanning (V) | Voltage (A) |

## BASIESE ENERGIEKONSEPTE

### Kilowatt (kW)

'n Kilowatt stel die piekdrywing wat 'n toestel (elektries in dié geval) sal verbruik of lewer.

**Voorbeeld:** 'n 150 ℓ-geiser met 'n 3 kW-element sal op enige tydstip 3 kW onttrek wanneer die termostaat besluit die water se temperatuur is nog nie by die stelpunt wat die verbruiker gekies het nie.

Hierdie geiser sal 'n WGK-stroom van 3 000 W/230 V = 13 A onttrek.

***• 1 kW = 1 000 W***
***• WGK: wortelgemiddeldekwadraat, 'n konsep om die effektiewe WS-stroomwaarde te kwalifiseer.***

### Kilowatt-uur (kWh)

Die hoeveelheid energie wat die geiser verbruik, word bepaal deur hoe lank die drywing deur 'n toestel verbruik word (of gegenereer word as dit 'n PV-stelsel is).

**Voorbeeld:** 'n 150 ℓ-geiser met 'n 3 kW-element benodig 3 kW vir 2,5 uur om dié volume water van 20 °C tot 65 °C te verhit. Dit is gelykstaande aan energie van 3 kW x 2,5 ure = 7,5 kWh. Dit wys as 7,5 "energie-eenhede" op die elektrisiteitmeter.

***• 1 kWh = 1 000 Wh***
***• Energie in Wh is die ekwivalent van 3 600 joules, omdat 1 watt gelyk is aan 1 joule/s en ná een uur (oftewel 3 600 sekondes) is dit 3 600 joules.***

Toestelle waarop "kVA" (kilovolt-ampère) op die naamplaat verskyn, is die "skynbare" drywing of kortweg "skyndrywing" . Dit is numeries 'n groter getal as die toestel se "kW"-aanslag omdat dit ook die reaktiewe drywingskomponent (kVar) insluit.

$$kVA = \sqrt{kW^2 + kVar^2}$$

## HOE KAN GRATIS SONENERGIE BENUT WORD?

Gratis energie vanaf die son kan benut word deur die son se irradiasie fotovoltaïes om te skakel in elektriese energie (fotone word elektrone) of om die stralingshitte van die son direk as termiese energie in waterverwarmers vas te vang. Die duursaamheid van 'n sonkragwaterverwarmer word egter bepaal deur die spesifieke toestel, asook die watergehalte. 'n Behoorlike stelsel wat betroubaar hoëdrukwater lewer, is gewoonlik duurder. Hierdie artikel fokus op die omskakeling van sonlig na elektrisiteit en daarom word die handelsbegrip "PV" verder in die artikel gebruik.

**Fotovoltaïese (PV-) panele**
Fotovoltaïese panele is in die handel bekend as PV-panele en skakel die son se irradiasie om na 'n gelykstroomspanning en stroom.
'n PV-paneel se naamplaat spesifiseer die volts (V), stroom (A) en drywing (W). Elektriese stroom word gemeet in ampère (vernoem na die Franse fisikus, André-Marie Ampère, wat dit die eerste keer beskryf het). In Engels word dit geskryf as "ampere" – sonder die gravisaksent.

**Termiese sonenergie**
Termiese sonwaterverwarmers wat op dakke geïnstalleer word, maak slegs water warm en wek nie elektrisiteit op nie. Daar bestaan wel kragstasies wat sonhitte gebruik om sout só warm te maak dat dit vloeistof word, en dan dié hitte oordra na water om stoomturbine-opwekkers aan te dryf. Hierdie stelsels is enorm en lewer baie MW, met een voorbeeld naby Upington wat van ver af sigbaar is.

## KONFIGURASIES EN ENERGIEPRODUKSIE

'n PV-paneel in Suid-Afrika wat behoorlik noord gerig is, met voorsiening gemaak vir breedtegraad en geen skaduwee van bome en ander strukture nie, kan 4,5 kWh energie vir elke kW-piek (naamplaatspesifikasie) opwek.
Dit beteken dat 'n 500 W-paneel gedurende 12 maande gemiddeld 2,25 kWh per dag kan opwek, oftewel 821 kWh-energie per jaar.
Een 500 W-paneel kan teoreties 821 kWh x R3/kWh = R2 460 bespaar, maar die son skyn nie elke dag nie en al die energie word nie noodwendig verbruik nie.

**Netwerk gekoppel, maar sonder batterye**
Dit is moontlik om wisselrigters te gebruik wat sinkroniseer met die munisipale netwerk om sonenergie plaaslik te lewer en oorskot terug te voer na die munisipale netwerk – dit benodig 'n "slim"- munisipale energiemeter om dit raak te sien. Min munisipaliteite laat dit toe of koop energie terug. Dié opstelling lewer nie energie gedurende beurtkrag of snags nie.

**Losstaande eilandkragstelsel met batterye**
Dit is moontlik om 'n kragstelsel te skep waar PV-panele batterye genoegsaam gedurende die dag herlaai sodat die wisselrigter snags elektrisiteit volhoubaar kan voorsien. Batterye se stoorvermoë moet voldoende en PV-panele genoegsaam wees om daaglikse verbruik te voorsien en bykomend genoegsaam wees om die battery vir die nag se verbruik te herlaai.

**Hibriede PV-stelsel**
Hibriede wisselrigters lewer elektrisiteit met of sonder 'n lewendige munisipale netwerk. Daar is 'n naatlose oorskakeling tussen die munisipale netwerk en sonkragstelsel. Elektrisiteit word tydens beurtkrag vanuit batterye voorsien. Diesel- of petrolkragopwekkers kan deel wees van die oplossing om batterye te laai en die huis van krag te voorsien as die batterye afgeloop het.

## WANNEER GEBRUIK EK WATTER KONFIGURASIE?

Stelsels wat slegs netwerk-gekoppeld is, kan help om energiekostes te verminder, maar lewer nie energie tydens beurtkrag nie. Groot sonplase sal op dié wyse energie aan Eskom verkoop. Dit is wel moontlik om 'n stelsel te integreer met 'n dieselkragopwekker om brandstofkostes te verminder omdat die stelsel met 'n dieselkragopwekker kan sinkroniseer.

Eilandkragstelsels benodig batterye as energiebron wanneer die son nie skyn nie. Dit is moontlik om 'n stelsel te ontwikkel wat totaal van die nasionale netwerk ("off-grid") ontkoppel is, maar dit vereis deeglike beplanning en bestuur. Dieselkragopwekkers kan as noodbystand dien wanneer batterye afloop.

'n Hibriede stelsel kan in sinkronisasie met die munisipale netwerk energie plaaslik lewer en tydens beurtkrag naatloos na die batterye oorskakel.
Dieselkragopwekkers kan as noodbystand dien wanneer die batterye afloop.

Die optimale oplossing vir elke gebruiker verskil weens die aard van die las (residensieel, kommersieel, landbou, skool, ouetehuis en andere).

## WISSELRIGTERS ("INVERTERS")


'n Wisselrigter maak gebruik van drywingselektronika om gelykspanning na wisselspanning om te skakel.
Die meeste laespanningstelsels lewer 230 V (WGK-waarde) tussen fase en neutraal, en 'n frekwensie van 50 Hz.
Drie enkelfasestelsels kan opgestel word om 'n enkeldriefasestelsel te lewer met 400 V (WGK) tussen fases.

Hibriede wisselrigters – wat die algemeenste tegnologie in huise is – het ingeboude batterylaaiers sodat dit die battery vanaf die son sowel as die munisipale netwerk kan laai.
Dit bied ook die optimeringsfunksie van "maximum power point tracker" (die MPPT) en daarom hoef 'n MPPT nie bykomend aangekoop te word nie.
Sommige wisselrigters is baie swaar omdat die uitset deur 'n transformator na die las gevoer word.

Dié modelle het heelwat gestoorde elektromagnetiese energie en kan motors, soos byvoorbeeld dompelpompe, aandryf. Voorbeelde is sekere Victron- en Schneider-wisselrigters.

Die ligter wisselrigters, hoewel van dieselfde drywing, sal nie groter induksiemotors kan aandryf nie. Hulle installeer egter maklik en is voldoende vir die meeste huishoudings.

## HIBRIEDE SONKRAG




## BATTERYTIPES

Die battery van keuse is LiFePO4 omdat loodsuurbatterye, hoewel goedkoper, nie lank hou nie en beperkte ontlaaivermoë het. Loodsuurbatterye se aantal laai-en-ontlaaisiklusse is tot tien keer minder as LiFePO4.
'n Groot beperking van loodsuurbatterye is, hoewel dit diepsiklus is, dat dit nie suksesvol en volhoubaar is nie.
Die elektrochemiese proses wat die inherente werksbeginsel van enige variant van loodsuurbattery bepaal (geltipe ingesluit) degenereer wanneer meer as 20% van die gestoorde energie onttrek en teruggesit word.
Prakties beteken dit 'n 200 Ah-loodsuurbattery bied slegs nuttige kapasiteit van 20 Ah om dalk vir vyf jaar te hou. 'n 100 Ah-LiFePO4-battery het 80 Ah beskikbaar elke dag en dit hou vir tien jaar of langer.
Dit is redelik algemeen dat LiFePO4-batterye vir tien jaar gewaarborg word, teenoor loodsuurbatterye, waar die waarborg selde langer as twee jaar is.
Hoewel loodsuurbatterye aanvanklik baie goedkoper klink, meet langtermynkoste en ongerief ongunstig teen LiFePO4-tegnologie.
Maak seker wat bied die verskaffer. Daar is LiFePO4-batterye met die term "second life", bedoelende dit kom veral uit ou elektriese voertuie vanuit Europa en die VSA. Beperkte ervaring bestaan oor dié tweede lewensduur in terme van die aantal jare en betroubaarheid.

## WAT HET EK REGTIG NODIG?

Dit is moontlik om die huidige lasprofiel te meet, of om vanuit die maandelikse elektrisiteitsrekening te skat en dan 'n sonkragstelsel te spesifiseer wat die historiese lasprofiel ewenaar. Dit het die potensiaal om baie duur te wees.

**1. Gebruik die minimum elektrisiteit.**
Gebruik gasstowe met elektriese oonde wat gebruik word slegs indien daar nie beurtkrag is nie. Water kan met direkte son verwarm word, of met gas of 'n slim-PV-stelsel wat die surplus-PV-elektrisiteit na die normale warmwatergeiser kanaliseer wanneer die batterye volgelaai en huis se verbruik laag is. Die swembadpomp, wasmasjien, strykyster, en so meer kan met PV-elektrisiteit gevoer word slegs as 'n surplus-PV-elektrisiteit bestaan met batterye wat volgelaai is. Bostaande "slim"-besluitneming kan outomaties gedoen word met 'n "slim"-wisselrigter en -installasie.

**2. Rugsteun om beurtkrag te oorleef:**
Internet, sekuriteit, beligting, TV en garagedeure is voorbeelde van minimum vereistes vir meeste huishoudings. 'n Mikrogolfoond benodig heelwat aandrywing, maar die energie is relatief min omdat dit net vir kort tye gebruik word.

**3. Pas jou leefstyl aan om minimum elektrisiteit te gebruik en dit wat gebruik word so doeltreffend moontlik te gebruik:**
Oorweeg dit byvoorbeeld om dakwaaiers in die somer te gebruik pleks van 'n lugverkoeler met 'n hittepomp.



## DIE MEESTE HUISHOUDINGS SAL BEURTKRAG MET DIE ONDERSTAANDE TOERUSTING KAN OORLEEF:

'n Wisselrigter maak gebruik van drywingselektronika om gelykspanning na wisselspanning om te skakel.




Onthou dat nie noodwendig al die toestelle heeltyd of gelyktydig aan sal wees nie, maar – in die slegste geval – neem die totale vrag as 1 kW om te bepaal hoeveel energie gestoor moet word:

- **2,5 uur rugsteun:** 1 kW x 2,5 ure = 2,5 kWh (energie wat verbruik sal word in 2,5 ure)
- **4 uur rugsteun:** 1 kW x 4 ure = 4 kWh (energie wat verbruik sal word in 4 ure)

**Nota:** Die voorbeeld hierbo is ruimskoots; uit ervaring weet ons dat die meeste huishoudings se vrag kleiner as 1 kW is, selfs in die nag.

## SPESIFIKASIES VIR MY WISSELRIGTER

Hoewel dit klink of 1 kW-wisselrigter groot genoeg is, is 5 kW die algemene norm en laat jou toe om selfs 'n haardroër en koffiemasjien vroeggoggend te gebruik.

**Wisselrigter:**

•Oorweeg ten minste 'n 5 kW- hibriede wisselrigter. Dit is 'n gewilde grootte waar die prys per kW redelike waarde vir geld bied. Beheerde laai van die battery is ingebou met PV-panele wat direk kan koppel aan die wisselrigter.

•Vergelyk appels met appels: Goedkoop Chinese modelle laat die gebruiker nie toe om energieverbruik behoorlik te bestuur of te moniteer nie en is onbetroubaar. Daar is wel goeie Chinese modelle beskikbaar, bv. Sunsynk.

•Victron, 'n Nederlandse maatskappy, se PV-toerusting is die industrievlagskip.

•Die meeste wisselrigters sal slimfoonmonitering van daaglikse PV-energieproduksie en -verbruik vanuit wisselrigter, vanuit die munisipaliteit asook die toestand van die battery moontlik maak.

## SPESIFIKASIES VIR 'n LiFePO4-BATTERY

Neem aan dat jou huis 1 kW benodig vir 4 ure = 4 kWh. Dit is algemeen om LiFePO4-batterye se stoorvermoë eerder in kWh as in Ah te kwalifiseer.

**Battery**

'n Gewilde grootte is ± 5 kWh teen ±R30 000. Omdat batterye duur komponente is, moenie probeer om 'n paar rand te bespaar deur onbekende batterye te koop nie.

Maak seker dat die verskaffer 'n (ten minste tien jaar) waarborg aktiveer (of doen dit self). 'n 5 kWh-LiFePO4-battery sal veilig 4 kWh kan lewer deur 80% van kapasiteit daagliks te ontlaai en terug te sit.

Dit is moontlik om later nog 5 kWh by te voeg omdat 'n goeie batterystelsel parallelkoppeling toelaat (bv. 2 x 5 kWh). 10 kWh sal groter huishoudings beter pas weens meer gerief en gemoedsrus.

'n Baie goeie "battery" is 'n warmwatergeiser. Deur die surplusenergie in die middel van die dag nie te laat verlore gaan nie maar na die warmwatergeiser te voer, voorkom die vermorsing van gratis energie. Die geiser kan verhit word tot bv. 80 °C en kan selfs in die tweede geiser gestoor word vir môreoggend se stort. Deur twee geisers in serie te koppel, is dit moontlik om saans warm te bad en soggens warm te stort sonder om water met munisipale krag te verhit. Dit kan vereis dat die elemente outomaties in die nag ontkoppel sodat munisipale krag net gebruik word as dit regtig nodig is.

## SPESIFIKASIES VIR MY PV-PANELE

Neem aan die huis benodig 1 kW vir 4 ure = 4 kWh en dat beurtkrag twee maal per dag gebeur.

**PV-panele**

Weens 'n hibriede wisselrigter kan die battery ook vanaf 'n munisipale netwerk laai (beurtkrag gebeur ook in die nag wanneer die son nie skyn nie).

Dit is belangrik om panele van goeie vervaardigers te kies; die verskaffer sal 'n goeie handelsnaam aanbeveel.

Panele is beskikbaar tot by 600 W en kos ongeveer R4 000 per paneel.


Die gemiddelde huishouding sal reeds goed doen met 3 kW se PV-panele, maar paneelkoppelings vir die korrekte gelykspanning wat 'n wisselrigter benodig, vereis 'n ewe getal, byvoorbeeld ses of agt panele.

5 kW se panele sal toelaat dat die swembadpomp, wasmasjien en selfs strykyster in die middel van die dag kan loop, mits die son skyn. 'n 5 kW-PV-installasie sal jou in staat stel om surplusenergie bedags na die warmwatergeiser te kanaliseer.

Onthou dat PV-panele piekdrywing vir 'n kort tydjie elke dag lewer; dit is wanneer die son behoorlik en relatief loodreg op die panele skyn, ongeveer 12:00–14:00.

Tipiese daaglikse produksie lyk soos 'n klokkie, soos hieronder getoon. Energieproduksie is die oppervlakte onder die kurwe.

## TIPIESE PV-SONKRAGPRODUKSIE




**VRAE EN ANTWOORDE**


• **Hoeveel dakoppervlakte het ek nodig?**

Die meeste huise het genoeg dakoppervlakte vir 'n basiese sonkragstelsel. 'n Tipiese huishoudelike PV-installasie wat 4 kW-piekwaarde lewer, benodig 20 m²-dakspasie, dus ongeveer 5 m² per 1 kW.

• **In watter rigting moet sonpanele in Suid-Afrika geïnstalleer word?**

PV-panele skakel sonlig om in elektrisiteit en as dit noord kyk, werk dit in Suid-Afrika. Die breedtegraad waarop die installasie gedoen word, bepaal die hoek vanaf horisontaal sodat die panele bykans loodreg vir die son kyk. Die installeerder sal die optimale hoek bepaal. As jou dak nie noord wys nie, kan jy sonkrag produseer deur 'n gedeelte oos en 'n ander deel wes te rig. Die energieproduksie per paneel is nou heelwat minder as naamplaatwaardes, maar ky kan kompenseer hiervoor deur ekstra panele op te rig.

• **Kan sonkrag op enige tipe dak geïnstalleer word?**



Monteringstoebehore bestaan vir alle soorte dakke in Suid-Afrika. Die gewig van panele vereis 'n goeie, sterk dak. Die installeerder sal bepaal of dit sterk genoeg is. Die meganiese sterkte van die konstruksie is belangrik omdat wind baie sterk teen die panele kan druk. Wat beteken dit alles? Gebruik 'n installeerder met 'n baie goeie reputasie.

**•Hoe lank hou sonpanele?**

Sonpanele het 'n energie-uitsetwaarborg van tipies 20 jaar, wat beteken dat PV-panele steeds meer as 80% van die naamplaatwaarde sal produseer.

**• Wat is 'n MPPT en het ek dit nodig?**

Die "maximum power point tracker" verstel heeltyd die belading van die PV-paneel as 'n funksie van hoe sterk die son skyn om die meeste moontlike drywing van die paneel te onttrek. Terselfdertyd optimeer die MPPT-stroom wat na die battery gevoer word vir die tipe batterytegnologie. Moderne hibriede wisselrigters het 'n ingeboude MPPT en batterylaaier en dit hoef nie addisioneel aangekoop te word nie.

**• Kan die LiFePO4-battery 100% ontlaai wor**d?

Hierdie toestand word gewoonlik outomaties verhoed. Dit is waarom die meeste vervaardigers 'n battery as byvoorbeeld 5/4 kWh sal spesifiseer met die bedoeling dat die gestoorde energie wel 5 kWh is, maar dat net 4 kWh nuttig gebruik kan word om te sorg dat die battery baie lank kan hou. Ontlaai-en-laaisiklusse word bestuur deur 'n wisselrigter en sal verhoed dat die battery té diep ontlaai en beskadig.

**• Sal die munisipaliteit my oorskot elektrisiteit terugkoop?**

Meestal nie. Sommige, soos Kaapstad, doen dit wel, maar die verwagting is dat al meer munisipaliteite dit binnekort sal doen, maar dan net teen 30% tot 50% van die prys waarteen hulle aan jou verkoop. Voorbeeld: Kaapstad betaal 'n totaal van R1,03 per kWh. Die gemiddelde prys per kWh oor 'n maandperiode soos voorsien deur 'n munisipaliteit aan baie huishoudings is nader aan R3 per kWh. Dieselfde 1 kWh wat jy teen R1,03 verkoop, kon jou omtrent R3/kWh bespaar het. Waarom wil jy dan aan die munisipaliteit verkoop? Die antwoord is om die surplus wat jy nie gebruik nie, nie te mors nie, maar eerder self te gebruik om só 'n vorm van opbrengs op jou belegging te verseker.

**• Ek hoor dat munisipaliteite maandelikse heffings gaan instel as ek PV installeer?**

Omdat munisipaliteite die toevoernetwerk besit en moet onderhou, verloor hulle inkomste as huishoudings self elektrisiteit opwek. Munisipaliteite kan moontlik 'n fooi hef om die koppeling na die munisipale netwerk lewendig te hou. PV-elektrisiteit is 'n langtermynbelegging en om dit toekomsbestand te maak, ontwerp jou stelsel vir maksimum selfopwekking en -verbruik sodat jy jouself teen risiko's kan beskerm wat by tradisionele diensverskaffers soos munisipaliteite bestaan.

**• Is dit die moeite werd om in sonkrag te belê?**

Uit 'n suiwer finansiële oogpunt is die geskiedenis dat elektrisiteitspryse in Suid-Afrika ver bó inflasie styg. As jy eers gekoop het, is kapitaal uitgegee en vir 20 jaar is die opbrengs van die stelsel betroubaar voorspelbaar met 'n lae risiko dat jy groot uitgawes in die toekoms sal hê. Dit mag wel nodig wees om die batterye ná meer as tien jaar te vervang, maar die verwagting is dat markkragte batterye mettertyd relatief goedkoper sal word en dit dan meer bekostigbaar sal wees. Jy betaal toekomstig al hoe minder vir elektrisiteit omdat die prys van self-opgewekte energie nie styg nie. 'n Belegging in PV vir jou huis genereer 'n hoër jaarlikse opbrengs as staatseffekte of 'n vaste belegging by 'n bank. Dit is moontlik om 'n baie gunstige opbrengs en spoedige gelykbreekpunt te bereik, maar elke geval sal verskil. BELANGRIK: Die PV-stelsel is 'n betroubare versekeringspolis teen die toekomstige onsekerhede oor elektrisiteit. Stadsrade (en Eskom) se onvermoë om behoorlik te beplan, bestuur en onderhou, is welbekend. PV-elektrisiteit is van beter gehalte met 'n goed gereguleerde amplitude en sonder spanningstuwinge wat sensitiewe elektroniese toerusting kan beskadig.

**• Moet ek my stelsel registreer of om goedkeuring aansoek doen?**

Die munisipaliteit moet van jou PV-stelsel weet, maar kan nie jou reg tot gratis sonkrag weier nie. Min huishoudings sal 'n eilandstelsel bedryf en die netwerkkoppeling kan moontlik krag na die munisipale netwerk voer, wat gevaarlik is vir tegnici. Sommige stadsrade, soos Kaapstad, het 'n behoorlike dokumentasie-en-prosesnaspoorlyn om voornemende PV- sonkraginstallasies ordelik en op standaard te laat gebeur.

**• Het ek 'n elektrisiën nodig om die installasie te doen?**

Wees baie versigtig omdat "kundige" sonkragtegnici soos paddastoele opskiet. Installasie vereis behoorlik geregistreerde elektrisiëns om seker te maak dat nasionale bedradingstandaarde nagekom word (SANS 1042), sodat dit bevestig word met 'n nakomingsertifikaat ("certificate of compliance" oftewel CoC). Hierdie nakomingsertifikaat word vereis deur versekeringsmaatskappye of as iemand sterf weens 'n elektriese skok vanuit jou installasie.

**• Kan ek die kragnetwerk heeltemal verlaat?**

Moontlik, maar dis baie duur.

Nota: 'n Netjiese installasie is 'n veilige installasie; dis 'n lewendige elektrisiën en lewendige gebruiker.



SAKATA®

PASSION in Seed

Beskikbaar by jou naaste tak

vkbntk

# Sakata Quality Seed



**Pluto**
F1 Hybrid Butternut



**Quantum**
F1 Hybrid Butternut




**Optima**
F1 Hybrid Cabbage



**Havasu***
Iceberg Lettuce



**Sensei**
F1 Hybrid Watermelon



**Daytona**
F1 Hybrid Watermelon

*Experimental: This variety does not appear on the current South African Variety list, but has been submitted for registration.

**Sakata Seed Southern Africa** **Tel: 011 548 2800** **www.sakata.co.za**

# Jou tuin kan steeds in wintertyd gedy

deur Hannelie Cronjé

Gebruik die koeler maande om steeds 'n produserende groente- en blomtuin te vestig. Die seisoensgroente verskaf die bestanddele vir heerlike sop en bredies en die blomme gaan die lente saam met jou verwelkom.

**Watter gewasse kan voor en tydens die winter geplant word?**

Daar is baie soorte en variëteite groente en slaaie wat geskik is om in die laat herfs gesaai te word. Hulle is bestand teen ryp, spruit vinnig met die koms van die eerste hitte en is nie bang vir siektes en skadelike insekte nie.

Die suksesvolste opsies by die keuse van gewasse vir winter-aanplanting is:

●Aspersies, beet, blomkool, boerbone, boontjies, dwerg-spinasie, ertjies, komkommer, murgpampoentjies, witwortel, wortels, radyse en rape;

●Blaargroente soos seldery, spinasie, kropslaai en spinasie;

●Kruie soos pietersielie, dille en koljander; en

●Uie, preie en knoffel

Nadat hierdie gewasse in die lente geoes is, kan die plek waar hulle gegroei het, hergebruik word deur ander sade of saailinge daar te plant.

Berei die grond goed voor voordat jy in die laat herfs saai. Spit die grond goed om en bemes met organiese bemesting en minerale. Sorg dat die plantwortels nie weens te nat of koue grond skade ly nie deur dit met 'n rypskerm of ander organiese grondbedekking toe te maak.

**Watter soort sierplante kan voor en tydens winter geplant word?**

Nie net groente nie, maar ook blomme kan voor en tydens die wintermaande geplant word sodat die koms van die lente met 'n helder blomtapyt verwelkom kan word.

Plant gesiggies (*Viola wittrokiana*), leeubekkies (*Antirrhinum majus*), bokbaaivygies (*Cleretum bellidiforme*), gousblomme (*Calendula officinalis*), tulpbolle (moet verkieslik reeds in Mei geplant word), aalwyne, asaleas (*Rododendrons*) en japonikas (*Camellia spp.*).

**Tuinwenke**

●Maak plante laatoggend nat nadat die son en lug die grond uitgedroog het. Moenie laatmiddag natlei nie, sodat jy nat grond tydens koue nagte kan vermy – iets wat plante kan beskadig.

●In gebiede wat onder ryp gebuk gaan, oorweeg dit om plante te beskerm deur dit met 'n rypskerm te bedek. Wortels moet deur 'n dik deklaag beskerm word en potte moet na 'n bedekte gebied geskuif word.

●Gras moet steeds in die winter gesny word, maar hou dit 'n bietjie langer as gewoonlik in koue gebiede om die wortels te beskerm.

●Stut bome en lang struike in winderige gebiede.

●Installeer 'n uilboks in jou tuin. Dis 'n wonderlike oplossing om sonder gif van muise en rotte ontslae te raak.

**Bronne:**

*https://www.netwerk24.com/huisgenoot/raad/wenke/dis-die-blomme-kruie-en-groente-om-in-die-winter-te-plant*

*https://af.healthy-food-near-me.com/*





# Berei hierdie winter jou grond voor vir die lente

**Alles begin by grond.** As jy 'n produserende tuin wil hê, of dit nou mooi sierplante, 'n welige grasperk of heerlike groente is, moet jy heel eerste aandag aan jou grond gee. Die winter is 'n goeie tyd daarvoor, deels omdat daar nie veel anders is om jou tydens dié rustyd aan die gang te hou nie, en deels omdat dit vir jou 'n hupstoot vir die groeityd sal gee wanneer die ryp verby is en die lente aanbreek.

### Spit 'n bietjie kompos in

Begin jou tuinvoorbereiding deur 'n ruim laag kompos van sowat 7 cm tot 10 cm dik toe te dien. Gebruik dan 'n tuinvurk en werk die kompos liggies in die tuin in. Sodoende laat jy die voordelige mikrobes toe om die kompos doeltreffend af te breek as voorbereiding vir die komende lentetyd.



### Dien 'n lekker deklaag toe

Jy is waarskynlik al moeg daarvoor dat ons vir jou sê om 'n deklaag toe te dien, maar ons gaan nooit daarmee ophou nie! Daar is bitter min wat jy in die winter vir jou tuin kan doen wat voordeliger vir jou grondgesondheid en daarom vir die plante se gesondheid is as bedekking. As jy nie 'n laag kompos wil inspit nie, versprei bloot 'n laag as deklaag op die grond. Nog 'n wonderlike deklaag is gratis – grassnysels en dooie blare werk albei uitstekend om die grond warm te hou, wat die mikrobes gesond en aktief hou en organiese materiaal aan die grond toedien. Hark dit bloot met 'n plastiekhark op, versprei 'n laag op die grond en laat die natuur die res doen.

### Bemes

Ja, jy kan in die winter bemes. Wag tot die normale datum van die laaste ryp min of meer 'n week weg is en gebruik 'n puik organiese misstof, verkieslik een wat wurmkompos, koolstof, kalsium en ander organiese materiaal bevat en versprei dit kwistig in jou tuin. Wanneer geplant word, gee elke plant ook 'n goeie porsie biomisstof – onthou, hierdie stadig vrystellende organiese misstowwe kan nie jou plante brand nie, dus kán jy nie te veel gebruik nie, en jy hoef nie daarna goed nat te maak nie.





### Berei jou houers voor

Die winter is 'n goeie tyd om houers of geligte beddings vir plant voor te berei. Gebruik potgrond, kompos en 'n organiese biomisstof van goeie gehalte, meng dit goed en bedek dit met 'n deklaag sodat die mikrobes aan die werk kan spring. Jy kan dadelik plant as daar geen rypgevaar is nie of jy kan wag tot die koue weer verby is voor jy aan die gang kom. As jy van plan is om kruie of groente te kweek, saai nou saad in laaie en hou dit êrens in helder lig warm sodat jy sterk saailinge het wat gereed is om voordeel uit jou goed voorbereide grond te trek sodra die lente kom.



**Hierdie artikel het verskyn op die webblad: https://www.thegardener.co.za/die-tuinier/**

# Wees die winter op die uitkyk vir dié plantsiektes, swamme en plae 8

Namate die herfskleure vervaag, kom tuiniers en plantentoesiaste in die wintermaande voor 'n nuwe stel uitdagings te staan. 'n Verskeidenheid siektes, swamme en plae maak gebruik van die lae temperature om hul teenwoordigheid bekend te maak. In hierdie artikel word agt moeilikheidmakers onthul wat gedurende die winter (in jou tuin en binnenshuise plante) opduik, met oplossings wat Efekto bied om plantsiektes in toom te hou.

## LASTIGE BUITELUGPLANTSWAMME

**1. Poeieragtige skimmel**

Wanneer die winter aanbreek, word koolgewasse en blare die slagoffers van die berugte poeieragtige skimmel. Hierdie wasige bedreiging kan jou groen blare in 'n oogwink in kolle verander.
Efekto Kumulus WG bestry poeieragtige skimmel effektief en verseker dat jou plante vlekvry bly.

**2. Donsige skimmel**

Plante soos spinasie, blaarslaai, koolgewasse en ander groente wat in die koue weer groei, word kwesbaar vir donsige skimmel. Hierdie swamvyand, wat heimlik van onder af aanval, kan verwoesting op jou wintertuin saai.
Gebruik Efekto Virikop, 'n kragtige wapen wat donsige skimmel verslaan en jou groente deur die koue seisoen sal laat floreer.

## MOEILIKE BUITEPLANTSIEKTES OM OP TE SPOOR

**3. Blaarvlek**

Een van jou tuingunstelinge, spinasie, veg teen 'n vyand bekend as blaarvlek. Gekenmerk deur onooglike vlekke op sy sagte blare, verswak hierdie siekte ons groen superheld.
Gebruik Efekto Virikop om blaarvlek uit te skakel en 'n sterk en lewendige spinasie-oes te verseker.

**4. Swartvlek**

Die winter stuur rose dikwels in 'n dormante staat, maar die berugte swartvleksiekte is geneig om in die koue lug te skuil. Met sy donker, onooglike merke verkleur die swart kolle die skoonheid van hierdie geliefde blomme.
Verdedig jou rose teen swartvlek met Efekto Rosecare Plus, Efekto Virikop of Efekto Funginex.

## VERSTEEKTE BINNENSHUISE PLANTPLAE

**5. Plantluise**

Selfs binne die gesellige grense van ons huise is plante nie veilig teen lastige indringers nie. Plantluise, daardie klein groen tuinstropers, maak gebruik van die warm omgewing om aan filodendrons, spinnekopplante en orgideë te smul.
Behandel hierdie plae met Efekto Garden Gun RTU en herstel jou binnenshuise groen hemel.

**6. Dopluis**

In die dofverligte hoeke van ons huise dring dopluis stilweg ons kosbare kalatheas, varings en ficusbome binne. Hierdie skelm plae heg hulself aan stingels en blare en suig die lewe uit die groen selle.
Herstel balans en raak ontslae van hierdie indringers met Efekto Garden Gun RTU.

**7. Witluise**


Witluise sal beslis voordeel trek uit die gesellige warmte van die huis en hulself op palms en klimoppe tuismaak. Hul katoenagtige voorkoms kan skadeloos lyk, maar hierdie klein kruipers kan aansienlike skade aan jou binnenshuise plantversameling veroorsaak.
Dien die gebruiksgereed Efekto Garden Gun RTU toe om hierdie plae vinnig en doeltreffend te behandel.

**8. Spinmyte**

Die winter se droë lug skep die perfekte broeiplek vir sluipende spinmyte. Hierdie byna onsigbare wewers kan verwoesting saai op jou binnenshuise plante se blare, en laat 'n spoor van webbe en verswakte plante agter.
Kry Efekto Kumulus WG om spinmyte uit te skakel en die lewenskragtigheid van jou binnenshuise groenigheid te herstel.

Verdedig jou groen plante teen die winter se skelm plantsiektes, swamme en plae.
Winter is dalk 'n seisoen van winterslaap vir die natuur, maar dit stel nie ons tuine en binnenshuise plante vry van skelm plantsiektes, lastige plantswamme en ongewenste plae nie. Deur onsself met kennis en die regte behandelings toe te rus, kan ons hierdie wintergevare suksesvol bekamp en die gesondheid en skoonheid van ons groen ruimtes die hele jaar deur verseker.

*Verken Efekto se tuin en binnenshuise plantbeskermingsoplossings aanlyn by https://efekto.co.za/products/*







Efekto®

EFFECTIVE PEST CONTROL

Beskikbaar by jou naaste tak

vkbntk

# FENDONA® 6SC

## VEELDOELIGE INSEKDODER

**Fendona® 6SC** is 'n veeldoelige insekdoderkonsentraat vir die beheer van vlieënde en kruipende insekte binnenshuis. Die vinnige, doeltreffende en langwerkende formule verskaf blitsige en betroubare aksie om van ongewensde peste in die huis ontslae te raak.

- Uitstekende multi-insekbeheer
- Bewese hoëprestasie, laedosis formulering
- Uitklop- en betroubare nawerkende aksie
- Reukloos en nie-vlekkend




Skandeer hier vir kundige advies

Landswyd beskikbaar by 'n groot verskeidenheid handelaars, kwekerye en tuinsentrums.
efekto.co.za @mygardensa

**Registrasiehouer:** Agro-Serve (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1973/000868/07 | Posbus 652147, Benmore, 2010
**Verbruikersorglyn:** 0861 333 586 | info@efekto.co.za

**Fendona® 6SC** Reg. Nr. L5808 N-AR0537 Wet Nr. 36 van 1947 W130053 **Aktiewe bestanddeel:** Alfa-sipermetrien (piretroïed) 60 g/ℓ
**WAARSKUWING** - Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.



# KLOP DIE WINTER *met gesonde gewoontes*

deur Rulè van Zyl

Kom ons wees nou maar net eerlik met mekaar: Dis nie maklik om gesond te leef in die koue wintermaande nie. Dit raak vroeg donker en laat lig, en dis boonop vrek koud. Hoe gemaak om nie al ons gesonde gewoontes van die somermaande in die winter te verleer nie? Eerstens is dit belangrik om nie siek te raak nie, want wanneer ons siek is, kan ons nie oefen nie, en dan is ons nog meer geneig om onsself aan trooskos te vergryp.

**Hoe kan ons gesond bly?**

•Drink water – Dit is maklik om in die winter te vergeet om genoeg water te drink. Onthou, jou liggaam het dit steeds nodig om gesond te wees en optimaal te funksioneer.

•Oefen gereeld – Ons het steeds gereelde oefensessies in die winter nodig om ons liggame sterk en gesond te hou. Aërobiese oefeninge kan ons immuunstelsel versterk en dus ons risiko om siek te raak verlaag. Oefening laat ons ook goed en positief voel – die winter kan 'n mens mos maar soms teneergedruk maak.

•Neem vitamien C in – Hoewel daar bewyse is dat vitamien C nie verkoue of griep kan verhoed nie, is daar wel bewyse dat dit die graad van jou simptome sal verminder, asook die tydperk wat jy siek is, verkort. Goeie bronne sluit in lemoene, soetrissies (groen en rooi), kiwivrug, rooikool, broccoli, tamaties en tamatiesap.

•Eet gesond – Hoewel ons geneig is om in die winter meer ongesonde kosse te eet is dit steeds belangrik om genoeg groente en vrugte in te kry. Daar is soveel warm groentegeregte dat ons geen verskoning het nie.

•Was jou hande – Hande is al beskryf as 'n kiemefabriek. Ons moet 'n punt daarvan maak om veral in die winter ons hande gereeld te was. Kieme versprei so maklik en ons kan dit verhoed deur ons hele gesin te leer om meer gereeld hande te was.

•Drink minder alkohol – Hoë alkohol-inname verlaag jou immuunstelsel se doeltreffendheid en dit dehidreer ook jou liggaam. Vermy dus daardie ekstra glasie wyn aangesien dit jou onnodig kwesbaar kan maak vir siekte.

•Slaap genoeg – Maak 'n punt daarvan om snags genoeg ure te slaap aangesien jou immuunstelsel kwesbaar raak wanneer jou liggaam te min kans kry om te rus.

**Verhoogde aptyt in die winter**

Jou liggaam is 'n wonderlike ding. In reaksie op koue sal jou liggaam fisiologies aanpas. Eerstens vind daar vernouing van jou velporieë en ook ander oppervlakkige bindweefsel plaas om hitteverlies te verhoed. Gevolglik word die hitte verskuif weg van die perifere weefsel na die liggaam se kern toe. Daar vind 'n toename plaas in jou metaboliese tempo – dit is die hoeveelheid energie wat jou liggaam nodig het om tydens 'n rustoestand te funksioneer. Dit sluit funksies in soos asemhaling, bloedsirkulasie, temperatuurregulering, selgroei, breinfunksie en sametrekking van spiere. Omdat hierdie metaboliese tempo toeneem (spesifiek wanneer jy koud kry), verhoog dit die energie wat jou liggaam nodig het om te funksioneer. Gevolglik verhoog jou aptyt.

Daarom is dit belangrik om warm te bly in die winter. Trek warm aan en oefen gereeld, want dit verhoog jou liggaamstemperatuur.

# SORG VIR JOU TIENER SE GESONDHEID

Om 'n tiener te wees is nie maklik nie. Het jy onlangs opgelet hoe swaar hul skooltasse is? Dit weeg waarskynlik byna 10 kg. Hulle het besige programme met min tyd vir hulself (wat nog te sê vir hul ouers) of oefening. Daarom is dit so belangrik dat hulle die nodige ondersteuning van hul gesin familie kry, asook 'n gesonde liggaam en gees kweek.

Tieners is in so 'n belangrike plek in hul lewe waar hulle fondasies kan lê vir toekomstige gedragspatrone. Indien 'n tiener in hierdie stadium van sy/haar lewe positiewe konnotasies met die woord "oefening" kan vestig, is dit die regte fondament vir die res van hul lewe.

Daarom is dit belangrik dat ouers hul kinders blootstel aan 'n verskeidenheid tipes oefening sodat hulle self kan vasstel waarvan hulle hou en waarmee hulle graag sal wil aanhou. Sodra hulle intrinsiek gemotiveerd is om deel te neem sal hulle dit geniet en waarskynlik ná skool aanhou om dit te beoefen. As ouer is dit belangrik dat jy hulle motiveer en ook 'n goeie voorbeeld stel.

Teen hierdie tyd is jou kind se eetgewoontes reeds vasgelê. Dit is beslis nie 'n maklike taak om 'n tiener te oortuig om gevestigde eetgewoontes te verander nie – hulle het nou ander prioriteite. Die beste manier om dit aan te pak is om hulle te oortuig dat dit vir hulle korttermyn voordele inhou, soos byvoorbeeld voorkoms, atletiese vermoëns en lewensgenot (langtermyn is nie nou deel van hul woordeskat nie).

Vir 'n jong adolessent is dit noodsaaklik om elke dag 'n gesonde dieet te volg en die nodige oefening te kry. Dit sal verseker dat hulle in alle aspekte van die skoolomgewing kan presteer. Met soveel kinders/tieners in vandag se samelewing wat oorgewig en selfs vetsugtig is, moet ouers soveel te meer fokus op wat hulle vir hul kinders voorsit.

Tieners is in 'n groeifase. Omdat groei en verandering so vinnig plaasvind in hierdie fase, neem die vereistes vir alle voedingstowwe toe.

En natuurlik begin gesonde eetgewoontes by ontbyt.

Ontbyt is 'n baie belangrike maaltyd vir 'n tiener om hom/haar voor te berei vir die besige skooldag wat voorlê. Dit sal hul konsentrasie verbeter en hulle help om te fokus in die klaskamer.

Volgende op die spyskaart is die kosblik.

Met skole wat deesdae hul snoepies op tender uitsit, is dit geen wonder dat daar die heerlikste smulhappies is wat hulle tydens pouse kan geniet nie. 'n Verskeidenheid van pasteie, klein pizzas, doughnuts en selfs burgers is beskikbaar. Hoe gemaak om hulle uit die versoeking te hou (behalwe om hul sakgeld te konfiskeer)? Boonop moet 'n mens ook in ag neem dat hulle kan skaamkry vir Mamma se kospakkie.

**Riglyne vir die kosblik is die volgende:**

•Dit moet iets wees wat die kind wel sal eet (asook maklik by die skool sal kan eet);

•Dit moet die nodige voedingswaarde bevat; en

•Dit moet in pousetyd opgeëet kan word.

**Nou kom ons by die oefening-deel.**

Sommige ouers is gelukkig genoeg dat hul kinders aan sport deelneem en vanself baie aktief is. Dit is egter steeds belangrik om hulle te ondersteun en positief te motiveer sodat hulle hierdie gedrag vir die res van hul lewe sal toepas.

Fisieke aktiwiteit begin by die huis. As ouer is jy in die wonderlike posisie om vir jou kind 'n voorbeeld te stel van hoe sy/hy behoort op te tree. En dit sluit oefening in.

In vandag se lewe waar kosbare familie-/gesinstyd al hoe minder raak, bied oefening 'n wonderlike geleentheid as 'n aktiwiteit wat julle saam as 'n gesin kan beoefen.

Daar is soveel om van te kies. Dit is selfs makliker met die tegnologie wat tot ons beskikking is, en dit sal dit vir die kinders ook lekkerder maak.


•Julle kan begin deur die TV af te skakel en in die buitelug te gaan stap. Hope vars lug is net wat 'n tiener nodig het om hom/haar te motiveer vir vanaand se huiswerk. Boonop gee dit vir die ouers ook die kans om met hul tiener(s) te "connect".

•Vind uit watter tipe oefeningklasse word in jul omgewing aangebied. Gaan woon dit as gesin by en hou aan soek totdat julle iets vind waarvan jou tiener ook hou.

•Moedig hom/haar ook aan om by die skool by sport betrokke te raak. Dalk het sy/hy op laerskool belang gestel in netbal/tennis/rugby/sokker, maar op hoërskool nie weer kans gesien nie. Motiveer hom/haar om weer deel te neem en sodoende ook maats te maak.

•Indien hy/sy baie onaktief is, kan julle begin deur by die huis take te verrig wat fisieke aktiwiteit verhoog, soos byvoorbeeld om die motor te was, met die hond te gaan stap, die sakke met kruideniersware te dra en die vullissakke uit te neem.

Om 'n tiener te wees is gewis nie 'n maklike taak nie – veel te meer nog om die ouer van 'n tiener te wees. Indien jy jou tiener kan motiveer om gesonde veranderings in sy/haar lewe te maak sal hulle vir die res van hul lewe daardie vrugte pluk, en jy sal met 'n geruste hart weet jy het hom/haar gehelp om die fondasies te lê.






***Bronne:***
***https://laferm.co.za/wen-die-winter/***
***https://laferm.co.za/tiener-gesondheid/***

# SOIL MANAGEMENT FOR YIELD OPTIMIZATION WORKSHOP



**Tuesday, 27 August 2024**
Lavender Hill, Bethlehem

**A workshop for top farmers focusing on soil health, use of lime and fertilizers, nutrient management, the interpretation of soil test reports, strategies for yield optimization and maximizing economic returns**

## PROGRAM

| | |
|---|---|
| 08:30 – 09:00 | **Arrival and coffee** |
| 09:00 – 09:10 | **Welcome and introduction** (PG Strauss) |
| 09:10 – 09:50 | **Demystifying soil health and its management** (Neil Miles) |
| 09:50 – 10:40 | **Soil acidity: Impact on yields, and the use of lime, gypsum, granular and microfine products** (Neil Miles) |
| 10:40 – 11:10 | **Tea and coffee** |
| 11:10 – 12:10 | **Grondbewerking: Impak van grondverdigtingslae op opbrengs, wortelontwikkeling en plantvoedingstofopname** (Martiens du Plessis) |
| 12:10 – 13:00 | **Soil testing and nutrient recommendations – sorting fact from fiction** (Neil Miles) |
| 13:00 – 13:45 | **Lunch** |
| 13:45 – 14:45 | **Using fertilizers optimally for crop production** (Neil Miles) |
| 14:45 – 15:15 | **Building yields – the secret of synergism** (Neil Miles) |
| 15:15 – 15:20 | **Closure** |

www.vkb.co.za | vir die **LIEFDE** van die **LAND**

**RSVP voor 10 Augustus 2024 by Salome Davel: 072 467 7225 | JT Prinsloo: 083 448 8288**

vkb

# WORD & BLY gesond MET HIERDIE RATE

In reaksie op onlangse versoeke, plaas ons in hierdie tweede aflewering van ons reeks oor boererate nog'n klomp rate wat die toets van tyd deurstaan het.
Dit is egter belangrik dat jy eers met jou huisdokter of met die apteker wat vertroud is met jou mediese geskiedenis en enige chroniese medikasie wat jy gebruik, gesels voordat jy hierdie rate volg. Van die rate kan 'n nadelige uitwerking op jou medikasie hê.

### Immuniteit opbou

Eet meer knoffel, rooivleis, groen blaargroentes, eiers, bloubessies, olierige vis, neute, lensies (vir yster), oesters, hoender, pampoensade (vir sink), vitamien B12 en jogurt, en drink minder tee en koffie.

### Infeksies

Drink daagliks heuning in tee of in water. Heuning kan jou van binne en buite genees aangesien dit bakterieë vernietig.

### Inflammasie

►Omega 3-, 6- en 9-kapsules is baie doeltreffend in die voorkoming en genesing van inflammasie.
►Sluk daagliks drie heel huisies knoffel. Dit werk swamme teë, is antisepties en 'n natuurlike antibiotika. Pasop net om te verstik.
►Plaas warm kompresse op die ontsteekte plek, hou dit daar vir tien minute, en vervang dit dan onmiddellik met 'n yskoue kompressie. Herhaal weer na 'n uur of wat totdat dit beter voel.
►Plaas twee liter water gemeng met een eetlepel borrie in die yskas en drink elke oggend op 'n leë maag 'n glas daarvan.
►Eet rou uie.

### Insekbyte

►Smeer pypolie aan.
►Smeer 'n pasta van koeksoda en water of koeksoda en suurlemoensap op die bytplek. Dit sal wel 'n bietjie brand, maar sal vinnige verligting bring.
►Smeer die bytplek met rou ui.
►Smeer sitronella-olie aan jou arms en bene en lyf of brand sitronella-kerse om die insekte weg te hou.
►Sluk 'n heel knoffelhuisie of drink tonic water voordat jy 'n gebied met baie insekte besoek.

### Jeuk

►Smeer gewone seep aan of 'n koeksoda-en-water-mengsel of gooi gemmerpoeier in jou badwater. Jy kan die jeukplek ook met rou ui of met Vicks insmeer.
►Hang 'n sykous gevul met rou hawermout aan die bad se kraan sodat die hawermoutgedeelte in jou badwater hang.

### Jeukerige kopvel

Eet baie olywe.

### Kanker

(voorkomend)

►Moenie kos teen 'n té hoë temperatuur braai nie.
►Vermy vleis om maag-, kolon- en borskanker te voorkom.
►Drink soggens 'n glas louwarm water met een suurlemoen se sap daarin op 'n nugter maag.
►Eet baie wortels, pampoen, knoffel, kiwi's, aarbeie, vlassaad, bloubessies, swartbessies, rooipeper, pomelo's, groen olie van olywe, boontjies, ertjies, lensies, helder en donker blaargroentes, broccoli en Brusselse spruitjies.
►Groentee met 'n bietjie sitrussap (lemoen of suurlemoen) kan ook jou kanse op kanker verlaag.
►Tamaties en waatlemoen moet by kamertemperatuur gebêre word – dit behou meer likopeen as wanneer dit in die yskas is.
►Hou twee liter water gemeng met een eetlepel borrie in die yskas en drink drie maal per dag daarvan vir die voorkoming van borskanker.
►Eet papaja vir die voorkoming van kolon- en servikskanker.

### Karsiek of seesiek

Drink naeltjietee.

### Katarakte

►Eet neute, salm, haring en tuna of Omega 3-kapsules (vir vitamien A) en lemoene, suurlemoene en kiwi's (vir vitamien C) vir die voorkoming van katarakte en degenerasie van die oë.
►Eet baie groen soetrissie, swartpeper, mosterdsaad, tamaties, appels (met groen skil), uie, tee, broccoli, groen druiwe, groenpruime, kiwi's en kakao.
►Gebruik bloubosbessie-ekstrak met vitamien E en drink elke aand 'n glas rooiwyn.

### Karkatjies

Glo dit of nie, 'n bietjie urine kan aangesmeer word om die karkatjie op te klaar.

### Seer keel

►Gorrel elke uur met 'n sterk suurlemoensap-en-water-mengsel.
►Gorrel met 'n bietjie warm groentee of warm water gemeng met heuning.
►Drink salietee of Swedish bitters.
►Sluk 'n knoffelhuisie heel, maar pasop vir verstik.
►Hou twee liter water gemeng met suurlemoen en rooipeper in die yskas en drink gereeld daarvan.

### Kneusplekke

(soos ná 'n val)

►Smeer suurlemoen op die kneusplek.
►Sit koue kompresse op vir tien minute.

### Koors

Maak seker die persoon kan sy ken op sy borskas rus. Indien nie, jaag met hom/haar dokter toe, aangesien dit moontlik breinvliesontsteking kan

wees. Indien die persoon wel sy ken op sy borskas kan neersit:
►sit die persoon in 'n bad met louwarm water met twee koppies bruinasyn in en voeg dan koue water stadig by totdat die koors opklaar, of
►maak 'n handdoek nat met louwarm water gemeng met bruin-asyn en sit dit op die persoon se hele lyf en kop totdat die handdoek koud is. Herhaal totdat die koors gebreek is, of
►laat 'n waaier op die persoon se lyf waai (dit is nie die beste idee nie, want dit kan verkoue veroorsaak), of
►gee vir die persoon koue drankies om te drink en komkommersap elke 2 minute, of
►gee vir die persoon naeltjietee om te drink.

## Koorssere

►Sodra dit begin, sit dadelik tande-pasta op en dit sal verdwyn.
►As dit reeds oop en lelik is;
– smeer Vicks aan;
– kry Covosan by die apteek (dit werk uitstekend);
– smeer Prep aan;
– suig aan 'n suurlemoenskyfie;
– smeer avokadopeer daarop (vita-mien B12-tekort); of
– smeer vanieljegeursel aan.

## Koliek

►Lennon Stuipdruppels of Witdulsies (gee vyf druppels met water) werk baie goed.
►Sit Creme Soda-koeldrank in 'n medisynebotteltjie nadat al die gas uitgeskud is en gee vir kleinding.
►Vul die baba se bottel met swart rooibostee.

## Kolonkanker

►Hou twee liter water gemeng met een eetlepel borrie in die yskas en drink gereeld daarvan.
►Drink baie tee.
►Eet Brasiliaanse neute, baie vis, tamaties, witwortels, bruinrys, koring, appels, papaja's, sitrusvrugte en hawermout.



## Kopluise

Spoel kop vir lank af met onverdunde asyn. Hou die kop vir 'n tydjie in die asyn of smeer mayonnaise aan en bedek die hare vir twee ure met 'n plastiekkappie of stortkeps.

## Kroep

Gooi 'n klein bietjie appelasyn in warm water en drink bietjie vir bietjie.

## Koorsblare

►Smeer vanieljegeursel aan sodra die koorsblaar verskyn en dan gereeld daarna. ("Dit werk soos 'n bom.")
►Suig aan 'n suurlemoenskyfie.

## Lae bloeddruk

Eet drop (liquorice), suurlemoen met sout, gerasperde rou beet, drink Milk Stout-bier of Lennon Witdulsies.

## Langer lewe

Drink groentee.

## Lewerontsteking

►Eet drop (liquorice).
►Drink een eetlepel Engelse sout opgelos in 'n glas water of een suurlemoen se sap in 'n glas louwarm water op 'n nugter maag.
►Sluk twee teelepels olyfolie en 'n halwe teelepel rooipeper in louwarm water twee tot drie keer per dag.

## Lewer

►Eet meer broccoli, blomkool en kool – dit stimuleer die lewer.
►Eet pomelo's – dit maak die lewer skoon.
►Eet seldery en aspersies – dis 'n lewertonikum.
►Eet drop (liquorice).

## Liddorings

Smeer Krokosalf dik op die aange-taste deel. Plak 'n liddoringpleister (met 'n gaatjie in) daarop en dan 'n gewone pleister bo-oor. Los oornag. Die aangetaste gedeelte sal die volgende oggend heeltemal dood wees. Krap nou die area mooi gelyk met 'n skerp messie. Indien dit steeds seer is, herhaal die proses.
***Moet nie hierdie wenk gebruik as jy 'n diabeet is nie.***

## Limfkliere skoonhou

Drink 'n halwe suurlemoen se sap in louwarm water drie maal per dag.

## Lippe

►Smeer pertroleumjellie aan jou lippe en borsel saggies met 'n ou tandebor-sel om jou lippe af te skilfer en van alle dooie selletjies ontslae te raak.
►Maak 'n mengsel van 'n eetlepel elk suiker en petroleumjellie en sit in 'n houertjie. Masseer soggens en saans aan lippe om jou lippe af te skilfer en van alle dooie selletjies ontslae te raak.

## Longkwale

►Eet baie appels, uie, broccoli, druiwe, kakao, vis, skorsies, tamaties, pomelo's en drop.
►Drink eerder tee as koffie en een glas rooiwyn per dag of rooi druiwe-sap.

## Lusteloosheid

►Eet rooi voedselsoorte, soos rooi appels, tamaties, aarbeie en waatle-moen.
►Eet aspersies en piesangs vir ener-gie.
►Drink groentee.
►Vryf jou oorlobbe vir 'n paar minute.

## Maagkwale

►Eet gereeld piesangs.
►Neem sewe heel swartpeperkorrels. Drink op die eerste dag drie en op die tweede dag vier. Los vir 'n week en herhaal.
►Meng een rou eier met 'n bietjie melk en vanieljegeursel en drink elke oggend op 'n leë maag. Indien verkies, kan die eier ook sonder die melk en geursel gesluk word.
►Eet drop en drink komkommersap.

## Maagkrampe

►Meng twee liter water met twee eetlepels heuning en een eetlepel kaneelpoeier. Bêre in yskas en drink gereeld. Dit genees maagpyn en maagswere en werk winde teë.
►Meng twee liter water met een eetlepel gemmer. Bêre in yskas en drink gereeld.
►Voeg pietersielie by geregte om maagkrampe te verlig en slegte spysvertering aan te help.
►Gewoonlik werk dit ook as jy toilet toe gaan en sit totdat dinge gebeur.
►Lennon Wonderkroonessens, Bal-sem Vita Wit en Pepermentdruppels word ook sterk aanbeveel.

## Maagsere

►Neem 'n klein blikkie Zambuksalf en deel in vier dele. Vorm elke kwart in 'n balletjie en rol in versiersuiker. Sluk elke oggend een op 'n leë maag, en as dit baie erg is, sluk voor slapenstyd weer 'n bolletjie.
►Sluk drie druppels Friars Balsam of staaldruppels op een teelepel suiker.

►Eet vir 'n paar weke lank twee tot drie keer per dag ongegeurde jogurt.
►Eet baie piesangs, pomelo's, drop en drink komkommersap of eet komkommers.
►Meng twee liter water met twee eetlepels heuning en een eetlepel kaneelpoeier. Bêre in yskas en drink gereeld. Dit genees maagpyn en maagswere en werk winde teë.
►Meng een rou eier met 'n bietjie melk en vanieljegeursel en drink elke oggend op 'n leë maag. Indien verkies, kan die eier ook sonder die melk en geursel gesluk word. Dit vorm 'n "voering" in die maag.
►Drink 'n halwe suurlemoen se sap in louwarmwater tien minute ná etes.
►Drink gereeld bosbessiesap ("cranberry").

## Maandstondes

Neem ysterpille of eet baie vleis, groen blaargroentes, eiers, bloubessies, olierige vis, neute, lensies en kry genoeg vitamien C (lemoene, suurlemoene, kiwi's, pomelo's) in.

## Malaria

►Geen pil is 100% doeltreffend nie. Daarom is dit raadsaam om die volgende wenke te volg:
►Slaap onder muskietnette wat met insekdoder behandel is.
►Hou kinders teen skemer binnenshuis.
►Dra langmouhemde en langbroeke, sokkies en skoene van ná skemer af.
►Smeer insekwerende middels aan die dele van die lyf wat uitsteek.
►Installeer gaasnette voor deure en vensters.
►Skakel waaiers of lugreëling aan.
►Brand spirale en ander muskietwerende middels.
►Kinders van jonger as vyf en swanger vroue moet liefs nie sulke gebiede besoek nie.
►Bloekomblare in die vuur hou ook muskiete weg.

## Mangelontsteking

Meng Rooi Poeier (NIE rooipeper nie) met aluinpoeier. Maak fyn en smeer drie maal per dag aan die mangels.

## Masels

(Aansteeklik)

Simptome: Nies, loopneus, oë traan, gevoelig vir helder lig, koors, hees, droë hoes.
►Hou die pasiënt in 'n donker kamer en bevogtig die lug om die hoes te verlig.
►Meng suurlemoensap met heuning in warm water en gee dit vir die pasiënt om te drink.

## Melkkoors

Pak koue koolblare op die borste en hou dit in die bra. Slaap daarmee. Dit stink, ja, maar dit werk!

## Menopouse

►Gebruik die kruid swart slangwortel (Cimicifuga racemosa, "black cohosh") wat by apteke en gesondheidswinkels verkrygbaar is as A. Vogel Menopause Formula.
►Eet drop, soja, magnesium, kalsium en drink heuningbostee.

## Middeloorontsteking

►Maak knoffel fyn, sit dit binne-in 'n bolletjie watte en druk in die oor.
►Gooi drie druppels louwarm oordruppels in die oor en lê met die seer oor op 'n warmwatersak.

## Migraine

►Drink magnesiumpille en elke twee ure 'n kwart teelepel gemmer in water.
►Eet veral groen blaargroentes, sonneblom- en pampoensaad, pasta, lensies, boontjies en volgraanprodukte en drink melk.
►Gebruik koorskruid of koorskruidtinktuur – dit verlig pyn, naarheid, braking en ligsensitiwiteit.
►Meng 'n bietjie mosterd en asyn en sit dit tussen twee lappies. Plaas op die voorkop.
►Drink baie water.

## Moeg en bedruk

►As jy konstant moeg is, laat jou toets vir klierkoors, bloedarmoede, diabetes of 'n onderaktiewe skildklier.
►In die geval van 'n onderaktiewe skildklier sal jou vel vaal, droog en koud voel, jou arms en bene swel, jou spiere pyn en jy depressief voel.
►In die geval van bloedarmoede, neem Lennon Staaldruppels of ysterpille of eet hoenderlewer, vleis, groen blaargroente, neute en olierige vis.
►Eet gereeld 'n hardgekookte eier.
►Eet pomelo's, lemoene, suurlemoene, kiwi's, aartappels en rys, mielies en piesangs.

## Mondsere

►Vir barsies en sere in jou mondhoeke, eet avokadopere of 'n skyfie suurlemoen.
►Dit kan ook weens 'n tekort aan vitamien B2 (riboflavien) wees.

## Naarheid

Vir onmiddellike verligting, drink 'n teelepel suurlemoensap.

## Naels

►Smeer suurlemoen met 'n stukkie watte op vergeelde naels.
►Wit kolle op die naels? Neem sink in (te kry in oesters, rooivleis, hoender en pampoensade). Onthou, te veel tee en koffie belemmer die opname van sink.
►Bros naels kan dui op 'n tekort aan magnesium (te kry in groen blaargroentes, sonneblom- en pampoensaad, melk, pasta, volgraanprodukte en lensies).
►Beskerm jou naels teen vuilword wanneer jy in die tuin gaan werk deur die naels in 'n koekie seep te druk sodat die seep onder die naels vassit. So keer jy dat grond en vullis onder die naels inkom. Of onthou jou tuinhandskoene!

## Nagsweet

►Meng twee liter water met een eetlepel borrie en hou in die yskas. Drink drie keer per dag daarvan.
►Drink 'n halwe teelepel rooipeper in warm water voor slaaptyd.
►Drink Vital se Kelp-pille.

## Nagmerries

Sit blomme met 'n soet reuk in die kamer, drink kamilletee voor slaaptyd en moenie na geweldadige flieks kyk kort voor slaaptyd nie – kyk eerder na iets romanties.

## Nekprobleme

Smeer stywe nek met Horse Liniment (verkrygbaar by apteke).

## Neusbloei

►Sit 'n koue kompressie op die neus en hou die kop agteroor.
►Knyp die neus toe.
►Neem Lennon Staaldruppels vir 'n ystertekort.
►Smeer Vicks bo-op die neus vir moontlike allergieë wat die bloeding kan veroorsaak.

## Nier-/nierpyp-ontsteking

►Sluk vier tot ses heel knoffelhuisies per dag. Pasop net vir verstik.
►Drink elke oggend een suurlemoen se sap in 'n glas louwarm water op 'n nugter maag.
►Drink baie water.
►Eet pietersielie, pomelo's en aspersies.

## Nierstene

►Eet rou radyse op 'n nugter maag.
►Drink ses tot agt glase water per dag en sluk vier tot ses heel knoffelhuisies per dag. Wees versigtig om nie aan die knoffel te verstik nie.
►Drink elke oggend een suurlemoen se sap in 'n glas louwarm water op 'n nugter maag.
►Meng Lennon Haarlemensis, Lennon Balsem Kopiva en Lennon Balsem Sulphuris in gelyke hoeveelhede. Drink elke oggend en aand 'n teelepel daarvan.

## Ontsteking

Rooiwyn of rooi druiwesap kan gewasse en ontsteking teenwerk.

## Onvrugbaarheid

►VERMY KOFFIE!
►Hou op rook!
►Ontspan!
►Eet minder proteïene.
►Gebruik minder alkohol.
►Eet verkieslik organiese kosprodukte.
►Eet geel voedselsoorte soos appelkose, spanspek, pomelo's, lemoene, suurlemoene, mangos, papajas, perskes, pynappels, wortels, pampoen, botterskorsies, suikermielies, nartjies en geel soetrissies.

## Oogprobleme

(voorkomend)

►Vitamien A en C is belangrik teen katerakte en gloukoom (te vind in neute, salm, tuna en Omega 3- en 6-olies).
►Eet bloubosbessies of neem bloubosbessie-ekstrak.
►Vir rooi of tranerige oë is lewer, mout-ekstrak, vars melk en eiers (moontlike vitamien B-tekort) 'n goeie kuur.
►Swak sig: Eet groen voedselsoorte, soos groen appels, lemmetjies, kiwivrug, kool, spinasie, blaarslaai, seldery, komkommers, broccoli en aspersies.
►Gebruik altyd 'n sonbril in die buitelug – veral teen UV-strale en weerkaatsings wat 80% UV-strale bevat, soos vensters, beton en water.
►Hou op rook.
►Diabete loop 'n groter gevaar om gloukoom te ontwikkel.
►Moeë oë: Beperk rekenaarwerk of TV kyk en eet groen blaargroente, soja, knoffel, uie, bloubessies, druiwe en neute (om vitamien A, B2, C en E aan te vul).

## Oogontsteking

Plaas 'n koue kompressie oor oë vir so tien minute.

## Oog – voorwerp in

(soos byvoorbeeld stof)

►Gooi melk of oogdruppels in en kyk of dit help.
►Trek die boonste lid oor die onderste lid.
►Hou jou oë toe en rol die oë ver boontoe, ver links, ver na onder, ver na regs en vorentoe. Maak oop jou oë.
Hopelik help dit.

## Oorwas

►Gooi een teelepel warmgemaakte amandelolie in die oor. Gooi 'n beskermende lap of ou handdoek op 'n kussing en lê met die oor daarop.
►Drup daarna knoffelolie in die oor en slaap met 'n bolletjie watte in die oor. Herhaal totdat die oor reg is.

## Oor – insek in oor

►Hou 'n lig voor die oor – die insek kan dalk uitkruip agter die lig aan.
►Gooi 'n klein bietjie kookolie in die oor – die insek sal dalk versmoor.
►Gebruik 'n spuit om die oor met louwarm water te spoel.

## Oor – harde voorwerp in

►Draai die oor na onder en trek die oorlel in verskeie rigtings – dalk val die voorwerp uit.
►Indien nie, stip 'n bietjie gom op 'n vuurhoutjie, trek die oorlel op en na agter en steek die vuurhoutjie versigtig tot teen die voorwerp. Gee 'n paar minute tyd dat die gom droog raak en trek versigtig uit.

## Oorpyn

►Maak 'n halwe ui warm in die mikrogolfoond. Bedek met 'n lappie en hou dit teen die oor. Gaan lê met die oor op 'n kussing waarop 'n lap of ou handdoek neergesit is om oorwaks wat mag uitloop, op te vang.
►Druk 'n kwart knoffelhuisie fyn, rol dit toe in 'n stukkie watte en druk in die oor.
►Druppels louwarm knoffelsap of uiesap kan ook in die oor gegooi word. Maak net seker daar is nie enige fyn stukkies knoffel of ui in die sap nie.
►Drink 'n bietjie rooipeper in warm water.

## Osteoporose

(voorkomend)

Sorg dat jy genoegsame hoeveelhede kalsium en magnesium inkry deur melk, kaas, room en jogurt.

## Pampoentjies

(aansteeklik)

►Simptome sluit in dat die speekselklier opgeswel is, die pasiënt kry koud, het hoofpyn, verlaagde eetlus, pyn in nekkliere en soms is die geslagsdele pynlik.
►Sit hitte- of koue kompressies op die voorkop.
►Vermy alle vleis en vetterige kos.
Eet vars groente en vrugte.
►Sny twee tot drie knoffelhuisies fyn en sluk daagliks.

## Pitswere

Maak 'n Wilson's XXX-mentlekker nat, sit dit op die pitsweer en verbind. Herhaal vir twee tot drie dae.

## Pleisters afhaal

Smeer babaolie om en op die pleister en trek dit dan af.

## PMS

►Vir verligting van PMS en seer borste, eet aspersies.
►Neem elke dag 'n multivitamien wat vitamiene B6, B-kompleks, magnesium, kalsium, vitamien E en C bevat.
►Evening Primrose Oil-kapsules bring ook verligting.
►Swart slangwortel (Cimicifuga racemosa) verlig spanning, krampe, waterretensie, ongereelde menstruasie en buierigheid en is by apteke en gesondheidswinkels te kry in die vorm van A. Vogel Menstruation Formula.
►Doen ligte oefeninge en probeer ontspan.
►Eet baie pasta en hou op koffie drink in daardie tyd.
►Drink baie water en groentee.
►Neem 'n warm bad en drink pynpille.

## Prostaat-probleme/-kanker

►Eet daagliks 'n porsie waatlemoen of pienk pomelo, asook rooikool en tamaties.
►Meng Lennon Haarlemensis, Balsem Kopiva en Balsem Sulphuris en drink elke oggend en aand een teelepel daarvan.

## Rekmerke

►Meng vier teelepels koffie met 'n koppie klapperolie. Bring tot kookpunt en laat afkoel. Smeer op rekmerke, verbind met sellofaan en herhaal gereeld.
►Doen oefeninge om spiere ferm te hou.
►Eet baie lemoene, kiwivrugte, proteïene en kos wat vitamien C en E bevat.
►Neem vitamien E-aanvullings en

vryf jou lyf gereeld met olyfolie en vitamien E-olie in.

►Meng avokado-olie, sewe druppels laventelolie en vyf druppels kamille-olie met kakaobotter en smeer gereeld op die rekmerke.

►Om rekmerke te voorkom, meng 'n halwe koppie olyfolie, 'n kwart koppie aalwynjel, die inhoud van ses vitamien E-kapsules en die inhoud van vier vitamien A-kapsules goed saam. Bêre dit in die yskas en smeer gereeld aan jou lyf.

## Rook (ophou)

Eet baie hawermout – in welke vorm ookal, hetsy as pap of energiestafies. Dit sal die rooklus demp.








Waar tegnologie en sojaboon-opbrengs ontmoet
agricol
aan die groei
DONMARIO
SEEDS
Roundup Ready
SOYBEANS
DM 5351RSF (5.0)
DM 5302RSF (5.7)
DM 59R03 (6.0)
DM 68R09 (6.6)
DM 6.8iRR (6.8)
INTACTA RR2 PRO
DM 53i54 RSF IPRO (5.1)
DM 59i60 RSF IPRO (6.0)
DM 61i63 RSF IPRO (6.6)
NUUT!
Takke:
Brackenfell: 021 981 1126
Cradock: 087 365 0010
George: 087 354 1028
Howick: 033 330 2765
Kimberley: 053 841 0675
Piketberg: 087 365 3025
Port Elizabeth: 041 373 9894
Potchefstroom: 018 294 7470
Pretoria: 012 803 6033
Swellendam: 087 359 3236
www.agricol.co.za

# Louw Linde is steeds **passievol** oor sy werk

Louw Linde het al in baie afdelings in VKB gewerk en ken dus die bedryf van alle kante af. Boonop is hy self 'n boer met 'n passie vir landbou. Ná 30 jaar diens aan VKB beklee hy tans die pos van Bedryfsbestuurder: Insethandel en Louw gesels steeds met entoesiasme oor dit wat hy nog wil vermag. Entoesiasme, lojaliteit, 'n passie vir die bedryf en onwrikbare geloof in die Here maak van Louw die unieke mens wat hy is.

Buiten bogenoemde beskik Louw oor 'n finansiële agtergrond. Dit is 'n wenkombinasie vanuit enigeen se perspektief. Hy het op Roadside in die Oos-Vrystaat grootgeword en gematrikuleer in Frankfort waar hy ook die hoofseun was. Daarna is hy Kovsies toe waar hy BCom studeer het en sy finansiële kennis vasgelê is.

'n Jaar in die weermag was nog verpligtend vir hom voor hy by die Ontvanger van Inkomste te Kimberley begin werk het. Hier het Louw waardevolle ondervinding opgedoen, veral in oudit.

Maar Louw wou boer en dit beteken toe hy moet terug Vrystaat toe. VKB bekom op 1 Maart 1993 sy dienste waar hy as rekenmeester in die Krediteure-afdeling begin. In 1995 skuif hy oor na Graan as rekenmeester en admin-bestuurder (vandag is dit finansiële bestuurder). In die beginjare was die Graan-afdeling baie soos die staatsdiens, met die beheerrade wat in plek was. Soos wat die rade ontbind het, moes stelsels in plek kom en dit het uitdagende en dinamiese tye in Graan beteken, waarvan Louw deel was.



Van 2004 tot 2009 is Louw finansiële bestuurder van Handel en Meganisasie. Ook in hierdie tye beleef hy groot veranderinge binne VKB, veral om Meganisasie op 'n suksesvolle pad te plaas. Van 2009 is hy Bedryfsbestuurder: Insethandel, waar die portefeulje strek van aankope tot bemarking en alles tussenin. Dis 'n vol, gespesialiseerde pakkie waar foutiewe aankope groot gevolge kan hê.

Insethandel behels basies kunsmis, saad en chemikalieë (gif), en die drie komponente ding op internasionale vlak mee. VKB se doel is om insetkoste so laag as moontlik vir die boer te hou. Dit is egter 'n mark waarvan die speelveld oor tyd baie verander het. Waar kunsmis, saad en chemiese middels altyd vir 'n jaar vooruit gekoop kon word, verander pryse nou so vinnig dat 'n week 'n verskil kan maak. Saad se raklewe moet natuurlik ook in ag geneem word. Daar is steeds uitbreidingsmoontlikhede in al drie velde, veral aan die chemiese kant, maar dit is nie 'n katjie wat sonder handskoene aangepak kan word nie.

VKB is 'n sterk speler in die landboubedryf en daarom is die aankope van Insethandel groot. Die voordeel daarvan beland direk in die boer se sak. Groter boere word gefinansier terwyl middelslag boere ook op beter pryse kan reken. Kunsmis en saad word deur multinasionale ondernemings hanteer, en dan speel faktore soos vraag en aanbod, wisselkoers, marktendense en selfs oorloë 'n rol. Louw en sy span se voetwerk moet reg wees om die spel reg te speel. Maar dit hou dinge interessant en uitdagend – presies waarvan Louw hou!

In die VKB Groep is daar vyf streke wat bedien word: die Vrystaat met lojale VKB-boere, NTK (Limpopo) wat 'n groot verskeidenheid van gewasse verbou, GWK waar daar tradisionele aanplantings maar ook ander gewasse ter sprake is, Mpumalanga en ook Natal met 'n unieke mark. Insethandel bedien boere in al hierdie areas deur óf die bestaande handelstakke óf bemarkers. Daar is nog oneindig baie geleenthede vir groei in hierdie gebiede.

Die kern van sukses in Insethandel lê egter in verhoudings, sê Louw. Daar moet 'n goeie verhouding bestaan tussen VKB en die verskaffer en daar moet uitstekende verhoudings bestaan tussen VKB en die produsent. Omdat onderhandelinge dikwels nodig is om die boer se besigheid te kry, moet daar 'n stabiele vertrouensverhouding wees. Bemarking en netwerking is ewe belangrik op hierdie speelveld.

Louw geniet sy werk, maar daar is ook 'n huislike kant aan Louw Linde. Hy is getroud met Lourika en hulle het twee seuns en twee kleinkinders. Hy hou van musiek, gholf, braai en jag, maar boerdery is die passie wat hom oor naweke baie besig hou. Hy boer langs die Wilgerivier met beeste en skape.

Dit was vir Louw 'n voorreg om op die platteland te kon bly en sy kinders hier groot te maak. Om vir VKB te kan werk was nog altyd net 'n plesier. Hy het baie dinge in VKB ondervind en deurleef. Verandering en vooruitgang het die onderneming laat uitstaan bo baie ander. Hy het al met vyf hoofbestuurders saamgewerk. Volgens hom het Danie Marais die skip gedraai en het Koos van Rensburg dit verder gevat en uitgebrei. Onder PG Strauss se bekwame leiding val alles in plek vir 'n goeie toekoms vir die VKB Groep.

Louw sien uit na die sewe jaar wat hy nog tot voordeel van VKB kan aanwend as dit die Here se wil is. Daar is nog baie werk om te doen, baie besigheid om terug te kry of te werf, baie verhoudings om uit te stryk en op die been te bring. Saam met die span van Insethandel, die gewaardeerde dames van die afdeling, kan die afdeling nog groter hoogtes bereik. Die geheim lê in voorraadhouding en diens.

"Die boere is ons toekoms en ons moet hulle oppas," sê Louw. Daarom stres hy saam met die boere as dinge skeefloop en is hy saam met hulle verheug oor suksesse behaal. In Insethandel is daar nooit 'n vervelige oomblik nie, maar dit is juis wat vir Louw lekker is. Foute is menslik, maar hoe jy dit regstel, maak die verskil, want vir Louw gaan dit oor die gesindheid waarmee jy alles in die lewe aanpak.

Louw Linde is een van daardie mense met wie 'n mens nog 'n rukkie langer wil praat, by wie jy nog 'n bietjie wil leer, nog 'n stukkie wysheid wil hoor. Hy word nie gedryf deur geld en kortsigtigheid nie, maar deur toewyding en bowenal deur geloof. Deur geloof het hy by VKB begin, deur geloof het hy 30 jaar vir VKB gewerk en in geloof sal hy die res van die pad met VKB stap. Geloof is wat Louw Linde maak wie hy is.




MAAK GEREED VIR DIE

2024 RUGBYWEKE

**Frankfort o/13**: 13 - 15 Junie
**Reitz o/19** Stedelik: 16 - 21 Junie

**Frankfort o/16**: 16 - 19 Junie
**Reitz o/19** Platteland: 21 - 26 Junie

**Hoërskool Reitz**
Jolene van Niekerk
082 959 5552

RUGBYWEEK vkb

**Hoërskool Wilgerivier:**
Hennie Pelster
083 661 6316

www.vkb.co.za

vir die **LIEFDE** van die **LAND**

# NTK borg met trots

# Bosveld Rugbyweek

## by die Hoërskool Nylstroom

Die Hoërskool Nylstroom was van 21 tot 25 Maart die gasheer vir die NTK Bosveld Rugbyweek, en spelers, ondersteuners en toeskouers is dit eens dat dit 'n onvergeetlike ervaring was.
Goosen Lombard, NTK-streeksdirekteur, sê dit was 'n voorreg vir NTK om vanjaar vir die eerste keer by dié toernooi betrokke te wees.
"Dit is en bly belangrik vir NTK om geleenthede soos hierdie te skep en te ondersteun waar ons belê in ons jongmense en die gemeenskappe waar ons besigheid doen. Hierdie toernooi bied aan spelers 'n geleentheid om hul vaardighede te ontwikkel, te verskerp en teen gedugte teenstaanders te toets."
Met 'n rekordaantal van 18 spanne, afkomstig van nege vooraanstaande skole, was die NTK Bosveld Rugbyweek 'n ware fees van rugbyvaardighede en mededinging. Die deelnemende skole was Curro Heuwelkruin (Polokwane), Curro Hazeldean (Pretoria), die Hoërskool Dinamika (Alberton), die Hoërskool Ellisras, die Hoërskool Klerksdorp, die Hoërskool Piet Potgieter (Mokopane), die Hoërskool Wagpos (Brits), die Hoërskool Wolmaransstad, en natuurlik, die Hoërskool Nylstroom self.
Die week is spesiaal vir die o.14- en o.15-rugbyspanne gereël, en wedstryde is op die Vrydag, Saterdag en Maandag gespeel. Topgehalte rugby met bekwame skeidsregters en goed voorbereide spanne wat hul alles op die veld gegee het, het gesorg vir 'n rugbyskouspel.
"Die NTK Bosveld Rugbyweek is 'n viering van sportmangees, vaardigheid en gemeenskap," het Anton du Plessis, hoof van die Hoërskool Nylstroom, gesê. "Hierdie is die beste voorbereiding vir die liga vir spelers, afrigters en skeidsregters. Ons is trots op ons vennootskap met die toernooi se hoofborg, NTK. Ons waardeer hulle bydrae tot die bevordering van sport by ons skool en die streek."









# Memel: Ons dorp en kliënte

Ons tak is in 'n pragtige en heel landelike omgewing geleë – 'n klein dorpie in die Oos-Vrystaat, Memel.
In Oud-Pruisies beteken die naam "om deur water omring te word". Nét so word ons tak deur 'n gemeenskap omring, met kliënte wat daagliks by ons tak inloop en ons ondersteun. Kliënte wat al deel is van die meubels in die tak. Vir al ons kliënte wat so lojaal teenoor ons is, sê ons baie dankie – ons waardeer julle.
Daar is 'n hele lys van gawe kliënte, maar daar gaan nie genoeg plek in die boek wees om almal op te noem nie, daarom volstaan ons met net drie van hulle:

- Tannie Anneline Swanepoel: Sy inspireer ons elke dag om ons beste te gee.
- Oom Ryno Maritz: Hy is die verpersoonliking van die woorde "liefde" en "omgee".
- Oom Dez, wat soms net inkom om moeilikheid met die personeel te kom soek. Sy kort kuiertjies in die tak kan enige Bloumaandag beter maak.

Chris Heyns is die takbestuurder. Hy het BSc. Agric (Veekunde) gestudeer, en was vir 23 jaar deel van die voer-, voerkraal- en vleisbedryf, maar twee jaar gelede het hy by VKB aangesluit.
"Dit was tyd vir 'n nuwe uitdaging, maar steeds in die landboubedryf," sê hy.
Op 4 Julie 2022 het hy as takbestuurder by Memel Algemene Handel begin.
Gevra oor sy lewensfilosofie, sê Chris: "Goed begin is half gewin – doen vandag die beste wat jy kan. Gister is vir altyd verby, en môre kom nog." Chris het ook 'n paar vrae oor die tak beantwoord.

**Hoe werk die personeel as 'n span saam?**
Ons het die afgelope 12 tot 16 maande baie veranderinge in terme van personeel by die Memel-tak ondergaan en baie nuwe personeel het by ons aangesluit. Almal het mekaar nou begin vind en werk lekker as 'n span saam, maar ons probeer ook deurentyd daaraan bou.

**Hoe gaan dit met die besigheid?**
Ek dink, soos almal weet, is besigheid oor alle fronte maar baie onder druk. Dit is weens verskeie faktore, meeste daarvan buite ons beheer, maar ons werk hard om die besigheid wat daar ís, te kry.

**Wat is die rede vir julle sukses?**
Ons probeer altyd die ekstra myl vir die kliënt loop, en ons fokus ook op baie goeie kommunikasie en skakeling met ons kliënte.

**Wat is julle droom vir die tak?**
Ons droom vir die tak is dat ons die voorkeurverskaffer in ons omgewing sal wees en dat ons 'n groter bydrae tot die VKB Handel-mandjie sal kan lewer.






Foto: Chris Heyns

Chris se toewyding en lojaliteit teenoor die maatskappy word bevestig deur sy slotgedagte: "VKB is 'n progressiewe maatskappy en ons sien daarna uit om deel te wees van die groeiproses."

Foto: Oom Dez is 'n geliefde kliënt wat enige dag kan opkikker.


agricol
aan die groei
Trots Suid-Afrikaanse **sonneblomgenetika**
Clearfield® Plus
Produksiestelsel
AGSUN 5103CLP
AGSUN 5106CLP
AGSUN 5108CLP
AGSUN 5109CLP
AGSUN 5111CLP - NUUT!
KONVENSIONELE PAKKET
AGSUN 5270
AGSUN 5278
AGSUN 8251
*Clearfield®Plus is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.*
Opbrengsstabiliteit
Staygreen-eienskap
Siekteweerstand
Agronomiese eienskappe
Aanpasbaarheid
www.agricol.co.za

# vkb NUUS

## Ingenieursdienste maak skenking aan Sol-Tech

Motore in die VKB Groep wat onklaar geraak het en afgeskryf is, is onlangs aan Sol-Tech geskenk. Hierdie beroepsopleidingsentrum het dit met groot dankbaarheid in ontvangs geneem. Buiten die motore is 'n ratkas ook geskenk waarop studente kan werk. 'n Brief van waardering is namens die betrokke dosente en studente van Sol-Tech aan Vandre Fourie (Hoof van Ingenieursdienste) en Ariska du Plessis gerig. Hierdie motore en ratkas is nie meer van waarde vir VKB nie, maar bied aan die studente 'n geleentheid om die praktiese gedeelte van hul studierigting te doen. Nog 'n manier waarop VKB 'n hand verleen om die jeug te bekwaam.




## Bertram du Plessis nou bestuurder op Naboom



Bertram du Plessis is onlangs bevorder tot takbestuurder van Naboomspruit – die dorp waar hy grootgeword het. Vir hom is dit 'n groot uitdaging en geleentheid wat hy met beide hande aangryp. Vir Bertram lê sukses in die samewerking van 'n span en is elke skakel in die span ewe belangrik.

Die besigheid van Naboomspruit is baie anders as dít waaraan Bertram gewoond was op Messina. Naboom doen meer besigheid in kunsmis, saad en voere, terwyl Messina baie kontantbesigheid het omdat die kliëntemark so baie verskil. Bertram het dit gou raakgesien en daarby aangepas. Die tak is kerngesond, maar hy sou graag nog wil verbeter op diens, netheid en verhoudinge met personeel en kliënte.

Eerlikheid, opregtheid, betroubaarheid en vriendelikheid is die vier hoekstene waarop hy sy lewe anker. Hy sien uit na al die uitdagings wat nou na sy kant toe kom en is opgewonde oor die nuwe jaar.

Sy lewensfilosofie is gepas: "Determination to succeed determines your success."

## MultiGreen hou agente op hoogte



***Jaco van den Berg, Bright Breytenbach, Flip Pretorius, André Theron en Jannie Bosch tydens die byeenkoms.***

Sukses in enige onderneming is geskoei op goeie kommunikasie. Dit is dus vir MultiGreen belangrik om met hul Agpro-agente in kontak te bly. Daarom het hulle onlangs 'n vergadering in Parys met die agente gehad om sake van belang te bespreek.

MultiGreen was verteenwoordig deur Jaco van den Berg (operasionele bestuurder), Bright Breytenbach (besturende direkteur), Flip Pretorius (produksiebestuurder), André Theron (debiteure-bestuurder) en Jannie Bosch (kliënteverhoudinge-koördineerder).

## Charl Pretorius kredietbestuurder in Limpopo

Die gebied wat Charl Pretorius as kredietbestuurder gaan bedien, is groot. Dit strek vanaf Messina tot Naboomspruit en sluit in Vivo, Alldays, Potties, Messina en Roedtan. Maar hierdie jongman is gereed om net die beste diens aan produsente in die gebied te lewer. Hy is energiek en dinamies en sien uit na die uitdaging wat sy werk hom bied.

Charl het in Warden grootgeword en sy skoolloopbaan daar begin. Van gr. 6 tot 9 gaan hy skool op Bethlehem en sy laaste drie jare voltooi hy aan Grey Kollege waar hy van gr. 11 af in die eerstespan rugby speel. Ná skool kry hy 'n beurs by Kovsies en studeer hy landbou terwyl hy op vleuel uitdraf in die Varsity-beker. Hy speel sy hart uit en verwerf terselfdertyd ook sy BAgricgraad in Landboubestuur, asook sy honneursgraad.



Die verskeidenheid boerdery-aktiwiteite in Limpopo maak die pos interessant en 'n lekker uitdaging, sê Charl. Om met sitrus, groente, vrugte en ander vertakkings in die landbou te doen te kry, is vir hom baie stimulerend. Hy leer nou van ander gewasse as net graan, en leer ook die onderneming ken. Die hartlikheid waarmee hy ontvang is en die lekker samewerking in die afdeling is 'n riem onder die hart.

Charl glo niks val in jou skoot nie, so jy moet hard werk en dan sal jy die vrugte van jou arbeid pluk. Die wêreld ontmoet jou nie halfpad nie, jy moet die volle myl loop om sukses te behaal. Sy familie is vir hom belangrik, maar sy anker is in die Here.

## Die Warden-familie

By Warden Silo werk daar nie 'n span mense nie. Daar werk ook nie individue vir 'n salaris aan die einde van die maand nie. Nee, Warden Silo is soos 'n familie en dit is die rede vir hul sukses. Want sien, Warden het verlede jaar 'n rekordjaar beleef met 173 000 ton graan wat deur die silo beweeg het – die meeste in die geskiedenis van Warden!
"Cooperation is the thorough conviction that nobody can get there unless everybody gets there." – Virginia Burden. Dit is die span se leuse en dit leef hulle beslis uit!



***Voor: Wonderboy en December; 2de ry: Bongani, Johannes, Bongani en Robert; 3de ry: Tammy, Celia, Abraham, Thabitha, Phillip, Paul en Martheni; agter: CJ, Amos, Ephrim, Isaiah, Dick, Lebohang, Jabulabi, Jacob en Monré.***

## Cornelia Silo skud die vere reg

2024 het in volle vaart afgeskop by Cornelia Silo. Daar is 'n nuwe bestuurder by name Dirk van Jaarsveld wat die span opnuut begeester. Hulle het besluit om die vooraansig van die silo op te knap en daar is tuingemaak vir 'n vale! Cornelia lyk goed!



***Irwin, Daniel, Josephine, Emily, Petros en bestuurder Dirk.***

## Heilbron floreer

Pieter Bronkhorst is aan die stuur van sake op Heilbron. Hy sê dit gaan goed met besigheid ten spyte van die beperkte spasie tot hul beskikking in die winkel. VKB groei in Heilbron en ploeg terug in die gemeenskap.
Daar is min handelstakke wat die groeikoers het wat Heilbron het. Dit skryf Pieter toe aan tevrede klante wat terugkom vir meer besigheid. Dit is voorwaar vir die personeel van Heilbron 'n eer om vir 'n organisasie te werk wat werklik omgee vir sy mense – dis nou sy personeel en sy klante.
Die span wat Pieter lei, is jonk en dinamies en saam streef hulle om groter hoogtes te bereik. Dis wel 'n klein span, maar een waarop Pieter oneindig trots is. Hulle droom van 'n groter winkel sodat hulle hul staal teen die grotes kan wys.
Natuurlik wil Pieter en sy span verbeter en vooruitgaan en hulle weet dit kan net gebeur deur die beste diens te lewer. Pieter sê die land kort goeie diens! Heilbron lewer kookwaterdiens en staan reg om die produsent en klant met die beste diens te verwelkom. Dis vir hulle 'n voorreg om vir VKB te werk: dié organisasie as dit by kultuur en ondersteuning kom!



***Voor: Pieter, Nicolette, Micaela, Monique en Simon. Agter: William, Johannes, Samuel en Shaun.***

## FSO soccer stars

One thing is sure: when you work for Free State Oil, you give your best regardless of what you are doing. The men who play in the FSO soccer team also gave their best on the field. FSO Team was invited to the soccer tournament at Reitz where four teams competed: FSO, Grainfield Chickens, Reitz SAPS and Reitz Municipality. FSO won 2-1 against SAPS. FSO also won 2-1 in the Finals against Reitz Municipality. Whatever the employees of FSO do, they do it with excellence!





## Succesful Farmers' Day at Polokwane

Developing farmers have a great hunger for knowledge to grow into commercial farmers. NTK and participating suppliers recently attended a farmer's day in Polokwane and gave the farmers exactly that: information. They also gave out goodie bags which the farmers loved. The day was well attended and will bring in more business for NTK Pietersburg. Well done to Smiley Boshielo and his team, Team Limitless.



## Rienie Oosthuizen deel van MultiGreen-span

Die nuweling in die MultiGreen-span is Rienie Oosthuizen, tegniese- en bemarkingsbestuurder, en sy sien uit om die pad saam met die "groen span" te stap. Sy sê dis vir haar lekker om deel te wees van 'n bedryf wat 'n groot impak maak op die volhoubaarheid van voedselproduksie.



# brokkies



Friamie Vorster is aangestel as takbestuurder op Tolwe. Alles van die beste word hom toegewens. Friamie speel graag gholf en geniet dit om Nampo by te woon.



NTK in Polokwane recently donated 1,6 tons of animal food to the local SPCA. They were overjoyed and thanked Pieter du Plessis for this much needed donation for animals in the care of the SPCA. This organisation does wonderful work and needs to be supported wherever we can. For the love of the animals of our land.




Baie geluk aan Elisia Meyer wat R2 500 gewen het in die onlangse MSD-kompetisie op Morgenzon. Adé Fischer, bedryfspuntbestuurder van Morgenzon, het die prys aan haar oorhandig terwyl haar dogtertjie toegekyk het. Almal wen met MSD.

## VKB groet

**Werner en Anelie Swemmer**

Die Swemmers het diep spore in VKB getrap. Hulle het VKB oor vele jare lojaal gedien met voortreflikheid en uitmuntende diens.
Die funksies en geleenthede wat Anelie aangebied het, was legendaries! Dit het gespreek van styl en grasie. In die Bemarkingsafdeling kon sy haar kreatiwiteit uitleef tot voordeel van VKB.
Werner het in Ingenieursdienste 'n waardevolle rol gespeel.
Nou groet hulle VKB en word alles wat mooi is toegewens vir hul toekoms.



# QPro Produksielek 28
V23837 (Wet 36 van 1947)



QPro Produksielek 28 is 'n klaar gemengde lek wat in tye van tekorte genoegsame proteïene, energie, vitamiene en spoorminerale aan die dier sal voorsien. Die lek stimuleer rumen mikro-organismes om weidingsinname in droë tye te verbeter.




**QPro Produksielek kan gebruik word as:**

- Prikkelvoer voor dekseisoen
- Om gewigsverlies te voorkom
- As onderhouds- en produksielek vir skape
- Uitgroei van jong bulle en verse
- Uitgroei van ramme en jong ooie

**Innames:**

- Beeste 800-1200g/dier/dag
- Skaap 200-250g/dier/dag

For the **LOVE** of your **ANIMALS**

Q pro feeds

lid van die vkb member of the

Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587

# VKB USED EQUIPMENT/VKB GEBRUIKTE GOEDERE




**Landini Landforce 125**
2015-model
4 990 ure
**Kontak:** Petrus Erasmus
**R345 000** + BTW



**JXT75DT**
2017-model
5 183 ure
**Kontak:** Coenrad Bruwer
**R185 000** + BTW



**Vortex-spuit**
2015-model
**Kontak:** Petrus Erasmus
**R175 000** + BTW




**Casmo Tracks**
met Suspensie vir John Deere
2019-model
**Kontak:** Henru Oosthuizen
**R 1 395 000** + BTW



**Machale 5 400-baler**
2014-model
**Kontak:** Neil Fraser
**R380 000** + BTW




**Case Farmall110M Cab**
2023-model
5*-toestand
**Kontak:** Louwrens Cronje
**R825 000** + BTW



**Case Grader 885**
2023-model, 5*-toestand, 225 ure, volle waarborg
**Kontak:** Johan van Zyl
**R3 400 000** + BTW



**Equalizer C11 12/762 Narrow**
Fully Spec
Nuut
**Kontak:** Johan van Zyl
**R3 300 000** + BTW



**John Deere 8245R**
Starfire 6000, 2019-model, Autopilot, 4 081 ure, 176 kW
**Kontak:** Johan van Zyl
**R2 600 000** + BTW



**Vaderstad Top Down 7 m**
Nuut Winskoop
**Kontak:** Johan van Zyl
**R2 642 000** + BTW



**NHTD5.110 Cab**
2016-model
5 617 ure
**Kontak:** Coenrad Bruwer
**R365 000** + BTW



**JXM90DT Power Shuttle**
2022-model
5*-toestand
**Kontak:** Waldo Marais
**R345 000** + BTW



**Case Dozer 2050**
5*-toestand, 665 ure, waarborg
**Kontak:** Johan van Zyl
**R3 400 000** + BTW



**STX600 Steiger**
2017-model, 5* Toestand
4 038 ure
**Kontak:** Theo Roux
**R3 700 000** + BTW



**Case SPX250 DEMO**
2024-model
Waarborg ingesluit
**Kontak:** Theo Roux
**R3 800 000** + BTW



**Feeler 24 ton-tapkar**
Nuut
**Kontak:** Henru Oosthuizen
**R586 000** + BTW



**TEU 4 ton-vurkhyser**
Nuut
2 jaar- of 2 000 uur-waarborg
**Kontak:** Coenrad Bruwer
**R385 000** + BTW



**Vortex-spuit**
2018-model
4*-toestand
**Kontak:** Henru Oosthuizen
**R235 000** + BTW

## Kontakbesonderhede: Vrystaat-gebied

| David Exley | Waldo Marais | Coenrad Bruwer | Nico van der Walt | Theo Roux | Johan van Zyl | Phil Britz |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 082 554 7116 | 079 516 8453 | 083 255 6223 | 082 494 8907 | 082 818 9705 | 084 245 0576 | 060 636 6258 |
| Bethlehem | Bethlehem | Reitz | Reitz | Bethlehem | Frankfort | Vrede |

vkb for the LOVE of the LAND | www.vkb.co.za

# VKB USED EQUIPMENT/VKB GEBRUIKTE GOEDERE



**JXT75DTCAB**
2024-demo-model

**Kontak:** Jaco Els
**R605 000** + BTW



**Landini Landpower135**
2013-model
9 865 ure
**Kontak:** Louwrens Cronje
**R225 000** + BTW



**STX600 AFS Connect**
Volle waarborg, Winskoop
Een beskikbaar
**Kontak:** Theo Roux
**R7 400 000** + BTW



**Puma140 outoloodsgereed**
2021-model
3 406 ure
**Kontak:** Henru Oosthuizen
**R1 300 000** + BTW



**Jupidex Canon-spuit**

**Kontak:** Jaco De Wet
**R65 000** + BTW



**Equalizer SLII16/914**
20/20-skerm, vloeibare kunsmis
V-Apply, Winskoop
**Kontak:** David Exley
**R3 668 000** + BTW




**Case Farmall 110 M Cab**
2022-model
217 ure
**Kontak:** Louwrens Cronje
**R790 000** + BTW



**Case Magnum 340**
2022-model, AFS-gekoppel, 630 ure,
soos nuut met waarborg
**Kontak:** Phil Britz
**R4 000 000** + BTW



**Case 7130 Stroper**
2013-model, enjin-ure 5 130,
rotor-ure 3 921
**Kontak:** Theo Roux
**R2 350 000** + BTW



**Case Spx3230 Flex Spuit**
2018-model,enjin-ure 5 130
5* Toestand
**Kontak:** Jaco Els
**R2 650 000** + BTW



**NHTT4.90DT**
2019-model
2 424 ure
**Kontak:** Louwrens Cronje
**R285 000** + BTW



**Stx500 Steiger AFS Connect**
Volle waarborg

**Kontak:** Coenrad Bruwer
**R6 450 000** + BTW



**Equalizer C11 20-767-planter**
2020-model
5*-toestand
**Kontak:** Louwrens Cronje
**R2 300 000** + BTW



**Case 7230-stroper met tracs**
2014-model
4 330 enjin-ure, 2 868 rotor-ure
**Kontak:** Theo Roux
**R3 250 000** + BTW



**Case 580 TLB**
2021-model, 5 * Toestand
780 ure
**Kontak:** Phil Brits
**R1 100 000** + BTW



**Case Puma 225**
2019-model, Auto pilot ready CVT-ratkas, 1 726 ure, Dubbel agterbande
**Kontak:** Neil Fraser
**R1 885 000** + BTW



**JXT75DT**
2022-model
464 ure
**Kontak:** Phil Brits
**R245 000** + BTW



**Patriot 3230 Flex**
2020-model
1 998 enjin-ure, 5* Toestand
**Kontak:** David Exley
**R3 500 000** + BTW

## Kontakbesonderhede: Vrystaat en Limpopo-gebied

Henru Oosthuizen
**068 697 7802**
**Villiers**

Neil Fraser
**072 852 7268**
**Delmas**

Walter Pretorius
**063 007 8448**
**Louis Trichardt**

Jaco Els
**076 284 5171**
**Pietersburg**

Petrus Erasmus
**082 321 0988**
**Warmbad**

Jaco de Wet
**083 626 6348**
**Tzaneen**

Louwrens Cronje
**071 631 5398**
**Warden**

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.**vkb**.co.za


'N VOETSPOOR OP DIE
PLATTELAND
VOEL
TUIS BY
CASE.
Ons is daar waar ons boere en ons mense, ons nodig het.
Ons sien uit na jou besoek.
www.caseih.co.za
CASE